


Verhoudings tussen boere en plaaswerkers in post-apartheid Suid-Afrika: Die wisselwerking tussen formalisering en paternalisme

Christine Loxton

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes van die graad Magister in Lettere en Wysbegeerte (Sosiologie) aan die Universiteit Stellenbosch.



Departement van Sosiologie en Sosiale Antropologie
Fakulteit van Lettere en Sosiale Wetenskappe
Studieleiers: Dr. Khayaat Fakier en Mnr. Jan Vorster

Maart 2015

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

.....
Christine Loxton

Datum

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

OPSOMMING

Hierdie studie, wat gedoen is op plase in Suid-Afrika in die Swartland-omgewing, toon dat die arbeidsopset in die landbou oorwegend paternalisties is en dat paternalisme en bemagtiging op plase saam bestaan. Hierdie saambestaan veroorsaak spanning tussen die boere en plaaswerkers en lei tot ontwrigting in die verhouding waar boere tradisioneel die outoriteit gehad het en die plaaswerkers ondergeskik was, maar nou in die moderne plaasopset onafhanklik is. 'n Kwalitatiewe benadering is gebruik om ondersoek in te stel na hoe boere en plaaswerkers die verhoudings met mekaar in die verlede ervaar het en ook hoe hulle dit tans in die moderne plaasopset ervaar. Daar is individuele onderhoude met die boere gevoer en fokusgroepe met die plaaswerkers in hulle eie natuurlike omgewings gedoen. Die studie beredeneer hoe beide boere en plaaswerkers paternalisme op plase in stand hou, ongeag die verminderde ondersteuning van die staat aan wit kommersiële boere, asook die uitbreiding en formalisering van arbeids- en verblyfregwetgewing om plaaswerkers se regte te beskerm.

Die staat het in die apartheidsjare as “beskermheer” teenoor die boere opgetree, maar daardie begunstiging van die staat aan die boere het met die politieke oorgang verval. Boere voel gefrustreerd en mis die ondersteuning wat hulle vroeër ontvang het. Wetgewing wat na plase uitgebrei is, verskaf nou sekere raamwerke waarbinne boere en werkers moet optree en stel ook sekere eise wat die konteks bepaal. Dit het veroorsaak dat die mag en outoriteit van die “paternalistiese boere” tot 'n mate blootgelê en uitgedaag word. Dit veroorsaak verskeie onsekerhede, veranderinge en aanpassings in die verhouding tussen boere en plaaswerkers op plase.

Boere neem nog altyd die beheer op plase ongeag wetgewing wat hulle beperk. Die werkers is ook steeds geneig om hulle posisie te definieer as afhanklik van die boer se welwillendheid, naas die formele wetgewing. Maar, alhoewel die plaaswerkers nog altyd afhanklik van die boer is, is hulle tog as gevolg van wetgewing bewus van hulle regte en maak hulle ook aanspraak daarop. Die “ou paternalistiese verhouding” en die uitbreiding van formele wette wat boere beperk, veroorsaak dat spanning en ontwrigting in die verhoudings tussen boere en plaaswerkers ontstaan. Maar, gesmee in ongelyke verhoudings van afhanklikheid en lojaliteit hou boere en plaaswerkers die kommersiële landbou aan die gang.

Die inligting wat versamel is beoog om lig te werp op die komplekse verhoudings tussen boere en plaaswerkers op plase. Hopelik sal hierdie navorsing op enkele plase in die Wes-Kaap, in die Swartland-omgewing, kan bydra tot 'n beter begrip van die komplekse verhouding tussen boere en plaaswerkers.

ABSTRACT

An outcome of this thesis, done on farms in South-Africa in the Swartland area, is that the labour structure in agriculture is still predominantly paternalistic and that paternalism and empowerment coexist. This co-existence causes tension between farmers and farm workers as it disrupts the relationship where farmers traditionally had the authority and farm workers were subordinate, but in the modern farm setting have a measure of independence. A qualitative approach was used to investigate how farmers and farm workers perceived their relationship in the past and how they experience it presently. Individual interviews were held with each farmer and focus group discussions with workers on farms. The study discusses how farmers and farm workers maintain paternalism on farms, in the context of the reduced support of the state to white commercial farmers as well as the expansion and formalisation of labour and tenure legislation of workers' rights.

The state acted as 'patron' to the farmers in the apartheid era, but the state's patronage to farmers came to an end with the political transition. Farmers feel frustrated and miss the support they enjoyed previously. Legislation which challenges the power and authority of farmers has been extended to farms and provides a framework for the relationship between farmers and farm workers and establishes a context in which this relationship occurs. This has brought about that the power and authority of the "paternalistic" farmers have been exposed and challenged. These changes in farmers' and farmworkers' relationship with the state create uncertainties, changes and adjustments in the relationship between farmers and farm workers on farms.

Farmers still take control of farms, regardless of any legislation. The farm workers also still tend to define their position as depending on the farmer's goodwill in conjunction with formal legislation. However, although the workers are still dependent on the farmer, they are also aware of their rights in the new democratic era and they claim these rights. The "old paternalistic relationship" together with the propagation of new legislation causes tensions as well as disruptions in the relationship between farmers and farm workers. But, forged in unequal relationships of dependency and loyalty, farmers and farm workers keep commercial agriculture going.

The information collected is intended to shed light on the complex relationships between farmers and farm workers on farms. Hopefully this research on several farms in the Western Cape, in the Swartland environment, can contribute to a better understanding of the complex relationship between farmers and farm workers.

ERKENNING

Ek bedank graag die volgende persone en instansies:

- Dr. Khayaat Fakier en Mnr. Jan Vorster, senior lektore van die Departement van Sosiologie en Sosiale Antropologie aan die Universiteit Stellenbosch, vir hulle toeganklikheid, bekwame leiding en motiverende woorde.
- Die Universiteit Stellenbosch vir finansiële ondersteuning deur middel van die Ondersteuningsbeurs.
- Die departement van Sosiologie en Sosiale Antropologie van Universiteit Stellenbosch wat my die geleentheid gegee het om die graad te verwerf. Ek het ondersteuning van verskeie individue in hierdie departement gekry tydens die voltooiing van my graad. Dankie aan almal vir julle insigte en positiewe kommentaar. Ek waardeer dit opreg.
- My ouers vir hulle emosionele en finansiële hulp en bystand.
- Vir elke boer en plaaswerker wat bereid was om hulle stories met my te deel, dankie.
- Carine Janse van Rensburg vir die taalversorging.
- Die Here wat my hiertoe in staat gestel het.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie verhoudings tussen boere en plaaswerkers op kommersiële plase in Suid-Afrika sal verbeter.

INHOUDSOPGAWE

AKRONIEME EN AFKORTINGS	VII
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1. FOKUS VAN DIE STUDIE	1
1.2. NAVORSINGSPROBLEEM	2
1.3. RASIONAAL VIR DIE STUDIE.....	2
1.4. SAMESTELLING VAN TESIS	3
HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG.....	5
2.1. INLEIDING	5
2.2. FAKTORE WAT PATERNALISME OP PLASE BEÏNVLOED	6
2.2.1. DIE NALATENSKAP VAN SLAWERNY OP PLASE	6
2.2.2. DIE DOPSTELSEL	7
2.2.3. DIE LANDBOUSEKTOR IN DIE APARTHEIDSERA (1948-1993).....	8
2.2.4. DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP LANDBOU.....	10
2.2.5. DIE VERANDERINGE IN WETGEWING	14
2.3. PATERNALISME OP PLASE	17
2.3.1. <i>Konseptualiserings van paternalisme</i>	<i>17</i>
2.3.2. <i>Die voortbestaan van paternalisme</i>	<i>20</i>
HOOFSTUK 3: METODOLOGIE	23
3.1. INLEIDING	23
3.2. NAVORSINGSTRATEGIE	23
3.3. SELEKSIE VAN PLASE EN DEELNEMERS	23
3.4. DATA-INSAMELING.....	28
3.5. DATA-ONTLEDING.....	31
3.6. ETIESE OORWEGINGS	32
HOOFSTUK 4: BEVINDINGS.....	33
4.1. INLEIDING	33
4.2. DIE ROL VAN DIE STAAT.....	33
4.3.1. <i>Boere en plaaswerkers se menings oor die uitbreiding van wetgewing</i>	<i>37</i>
4.3.2. <i>Vakbonde.....</i>	<i>40</i>
4.4 DIE PLAAS AS 'N "FAMILIE"	43
4.4.1. <i>Vergunnings en nuwetlike beheer.....</i>	<i>45</i>
4.4.2. <i>Behuising op die plaas en die ESTA-wetgewing.....</i>	<i>55</i>
4.4.3. <i>Opvoeding van kinders.....</i>	<i>60</i>
4.4.4. <i>Godsdienst vir plaaswerkers.....</i>	<i>63</i>
4.4.5. <i>Gesondheidsdienste vir plaaswerkers.....</i>	<i>65</i>
4.4.6. <i>Finansiële beheer oor plaaswerkers se persoonlike geld.....</i>	<i>66</i>
4.4.7. <i>Opleiding en bevordering</i>	<i>70</i>
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING.....	73
BRONNELYS.....	77

Tabel 1: Skuilname van plase, grootte, tipe produkte en aard van waarnemings	24
Tabel 2: Samestelling van werksmag per plaas	25
Tabel 3: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 1 op Kwaaiwater.....	26
Tabel 4: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 2 op Goedgesind.....	26
Tabel 5: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 3 op Uitsig	27
Tabel 6: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 4 op Welverdiend.....	27
Tabel 7: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 5 op Ongegund.....	28

AKRONIEME EN AFKORTINGS

ABET	Adult Basic Education and Training
ANC	African National Congress
COSATU	Congress of South African Trade Unions
ESTA	Establishment of Security of Tenure Act
FAS	Fetale alkoholsindroom
FAWU	Food and Allied Workers Union
FEDUSA	Federation of Unions of South Africa
HOP	Heropbou en Ontwikkelingsprogram
NP	Nasionale Party
WIETA	Wine Industry Ethical Trade Association

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1. Fokus van die studie

Die volgende aanhaling uit 'n transkripsie-opname illustreer die standpunt wat ek in my tesis stel deur te wys dat paternalisme steeds verhoudings op plase beïnvloed en dat dit deur beide boere en plaaswerkers in stand gehou word:

Die jonger plaaswerkers kom na my en vra vir my om vir hulle 'n selfoon of skoene te gaan koop. Hy moet mos sy eie selfoon gaan koop, dit is sy persoonlike selfoon. Maar nou wil hy die selfoon hê en dan moet ek die selfoon vir hom gaan koop en dan moet ek dit oor tyd by hom aftrek. So hulle spaar nie om dit te gaan koop nie. Ek gaan koop dit met die plaas se geld, so eintlik met my geld en dan moet ek dit by hom aftrek, sê nou maar oor drie maande of oor vier maande of so. Weer eens 'n geval dink ek, dis amper asof hulle ons misbruik. Nou kan dit wees dat hy onseker is oor die foon en glo dat ek sal beter weet as hy. Dit is amper asof hy vertrou my dat ek sal die regte ding doen. Maar hulle moet groot word, hulle moet dit self doen. Alles van hulle, 'n fiets, fiets-wiele moet ek vir hulle aftrek. So alles wat hulle wil hê, moet ek vir hulle help en dan die einde van die maand dan trek ek dit vir hulle af.

... Die rede hoekom ons bereid is om vir hulle te help, is dat hulle moet spaar. Hulle moet kom sê as hulle iets wil hê en dan moet hy spaar en as hy dan die helfte van die bedrag gespaar het, dan gaan koop ek dit vir hom kontant en ons betaal dit vir hom. En dan kan hy die res terugbetaal sonder om rente te betaal, omdat hulle nie die groot salarisse verdien nie. Maar nou kom hulle later met 'n fiets en 'n selfoon en 'n televisie. Hulle wil nou alles so doen. Hy betaal dan nie rente nie. En teenstaande daarvan, die feit dat hy dit so kan doen, gaan die een plaaswerker en hy gaan koop vir hom 'n strykster, hy gaan koop vir hom 'n fiets en hy gaan koop vir hom 'n musieksentrum by Lewis Stores. Die fiets alleen kos vir hom 'n R1500,00, as hy dit na twee jaar klaar betaal het, gaan hy R3600,00 daarvoor betaal. En dit is om dit te voorkom dat ons probeer om vir hulle te help deur goed kontant te koop. En die ander ding wat ek dan met hulle doen, en ek het dit uitgeklaar. Ek hou ook hulle 'oortyd' [geld] van hulle terug en aan die einde van die jaar kan hy vir homself iets gaan koop daarvan (Waarneming op sesde plaas, Bob, boer, Kleinfontein, 9 Junie 2014).

Om namens werkers finansiële transaksies aan te gaan en besluite te neem, soos dié waarna boer in die aanhaling hierbo verwys, is een soort uiting van paternalisme (Devereux en Solomon, 2011:7). Paternalisme kom in die meeste werksomgewings voor, maar selfs meer op plase in Suid-Afrika in die Swartland-omgewing, waar permanente werkers op werkgewers se eiendom werk en woon. Die werkers verwag dat die boer vir hulle moet intree, “pa-staan”, en hulle finansiële aksies moet oorneem. Nie net hou die plaaswerkers paternalisme op plase in stand nie, maar ook

die boere wat intree en besluite neem soos om die werkers se “oortydgeld” vir hulle terug te hou. Paternalisme op plase word ook in stand gehou omdat daar ’n persepsie onder boere is dat die boer beter besluite kan neem en weet wat goed is vir die werkers. Die verskil tussen hedendaagse paternalistiese verhoudings en dié in die verlede is dat, alhoewel werkers vandag deur Suid-Afrika se demokratiese bedeling en arbeidswette bemagtig word, hulle steeds afhanklik is van die boer vir ’n salaris en ’n blyplek. Alhoewel plaaswerkers die mag het om self besluite te neem, handig hul soms die mag oor aan boere, wat dan sê hul voel gedwonge tot paternalistiese optrede. Hierdie tesis fokus op die verhoudings tussen boere en plaaswerkers, meer spesifiek die aard van die verhoudings tussen boere en plaaswerkers binne ’n werksomgewing wat veronderstel is om deur moderne arbeidswetgewing gereguleer te wees.

1.2. Navorsingsprobleem

Hierdie navorsing verken die verhouding tussen boere en plaaswerkers sowel as die verandering in daardie verhouding met verloop van tyd. Daar word spesifiek gefokus op die effek van die uitbreiding van arbeidswetgewing en wetgewing oor verblyfreg na plase twintig jaar nadat die wette in werking getree het. Daar word ondersoek of paternalisme in ’n moderne plaasopset bestaan, in watter vorms dit bestaan en hoe dit geskep en in stand gehou word deur beide boere en plaaswerkers. Daar word ook gekyk hoe paternalisme uitgedaag word deur plaaswerkers en hoe dit paternalistiese verhoudings op plase ontwig in die moderne plaasopset. Die dryfveer vir hierdie navorsing is om by te dra tot debatte rondom die wyse waarop veranderinge in arbeid- en verblyfregwetgewing die verhouding tussen boere en plaaswerkers op kommersiële plase in Suid-Afrika beïnvloed. Die onlangse plaaswerkerstaking het opnuut die kollig geplaas op die verhouding tussen die boere en plaaswerkers. Die projek maak gebruik van ’n kwalitatiewe benadering en daar word hoofsaaklik van onderhoude en waarnemings gebruik gemaak om data in te samel.

1.3. Rasionaal vir die studie

Kommersiële landbou speel ’n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Dit speel ook ’n noodsaaklike rol in werkskepping en die verbetering van lewenstandaarde van die mense wat in Suid-Afrika bly. Landbou is ’n bedryf wat klem lê op voedselsekerheid en werkskepping in die land. Die uitvoer van landbouprodukte is ’n belangrike bron van buitelandse valuta vir Suid-Afrika. Landbou voorsien in basiese menslike behoeftes en is daarom ’n noodsaaklike voorvereiste vir ontwikkelende ekonomiese, politieke en maatskaplike orde asook vir stabiliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing. Private landbougrond in Suid-Afrika bestaan uit 82 miljoen hektaar en dek 68% van Suid-Afrika se landelike area (Walker, 2010:2). In Maart 2010 het daar na raming 12.8 miljoen mense in die landbousektor gewerk, waarvan die meeste as plaaswerkers (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, 2010:18).

Landbou in Suid-Afrika word gekenmerk deur ’n dualistiese struktuur en bestaan uit kommersiële en bestaansboerderysektore. Die kommersiële sektor is hoogs ontwikkel en bestaan uit omtrent 50 000 hoofsaaklik wit, kommersiële landbouprodusente (boere) wat 86% van landbougrond in Suid-Afrika beset (Norris, Van Zyl, Hashe, Mafuma, Senyolo, Mngomezulu, Enserink, Ngambi, Mbajjorgu, 2011:50). Veranderinge in die rol van die staat in boerderyaangeleenthede, veral

vanaf die 1990's, globale markte, asook die formulering van arbeids- en verblyfregwetgewing het 'n dramatiese impak op boerderygemeenskappe. Boerdery-eenhede het groter geword en daar is minder permanente plaaswerkers wat tans op plase woon en werk. In 2010 het plaaswerkers die laagste lone verdien onder diegene wat formeel in diens geneem is (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, 2010:2).

Hierdie soort veranderinge het 'n groot effek op die verhoudings op plase tussen boere en plaaswerkers. Plaaswerkers se probleme is van 'n besondere aard en is nie maklik oplosbaar nie (Du Toit, 1994:377). Die verhouding tussen boere en plaaswerkers is geneig om baie kompleks en ambivalent te wees. Gedurende die tydperk wat ek aan my honneursnavorsingsprojek oor die aftrede van plaaswerkers gewerk het, het ek besef dat boere frustrasie ervaar met die veranderinge in arbeids- en verblyfregwetgewing. Volgens hulle verstaan die staat nie die werksure en die tipe werk op plase nie (Loxton, 2013:29). Hulle het genoem hoe veranderinge in arbeids- en verblyfregwetgewing die verhouding tussen hulself en die plaaswerkers beïnvloed.

Heelwat navorsing het onlangs gefokus op plaaswerkers in die 1990's en in die vroeër jare van 2000. Hierdie studie fokus op die verhoudings tussen boere en plaaswerkers ongeveer twee dekades na die implementering van arbeids- en verblyfregwetgewing. Dit is noodsaaklik om literatuur oor boere en plaaswerkers te analiseer, sodat 'n beter begrip oor hierdie onderwerp verkry kan word. In die verlede is reeds verskeie studies oor boere en plaaswerkers gedoen oor, byvoorbeeld, die magsverhouding tussen boere en plaaswerkers (Du Toit, 1993), die invloed van verandering in wetgewing en internasionale markte op plase (Ewert en Hamman, 1999), alkoholmisbruik (London, 1999), die jeug in landelike areas, asook risiko's in plaasgemeenskappe (Kritzinger, 2002), sowel as genderverhoudings en die struktuur van werk op plase (Kritzinger en Vorster, 1996).

Kritzinger en Vorster (1997:129) het byna twee dekades gelede in hul navorsing gemeld dat, terwyl daar nie verwag word dat die verhouding tussen die "plaas as besigheid" en die "plaas as huishouding" groot veranderinge sal ondergaan in die toekoms nie, ekonomiese en politieke magte wel die bestaande paternalistiese arbeidsverhoudings in die toekoms kan transformeer en beïnvloed. My studie fokus op hierdie veranderinge byna twintig jaar na die instelling van wetgewing rondom werkersregte en verblyfreg. Dit is belangrik dat navorsing op plase gedoen word aangesien daar steeds, as gevolg van historiese omstandighede in Suid-Afrika, onopgeloste kwessies tussen boere en plaaswerkers is. Hopelik sal hierdie navorsing op enkele plase in die Wes-Kaap kan bydra tot 'n beter begrip van die komplekse verhouding tussen boere en die plaaswerkers.

1.4. Samestelling van tesis

Benewens hierdie hoofstuk bestaan die tesis uit vier ander hoofstukke. Hoofstuk twee bevat die literatuuroorsig. Die literatuurstudie toon aan dat paternalisme op plase steeds bestaan, maar dat dit, as gevolg van verskeie faktore, met verloop van tyd van vorm verander het. Die faktore wat paternalisme op plase verander en beïnvloed is: die nalatenskap van slawerny op plase, die dopstelsel, die landbousektor in die apartheidsera (1948-1993), die impak van globalisering op landbou, en die veranderinge in wetgewing.

In hoofstuk drie word die metodologie bespreek. 'n Kwalitatiewe navorsingstrategie is gebruik om die boere en plaaswerkers se ervarings rondom paternalisme in besonder te ondersoek en te analiseer. Daarvoor het ek gebruik gemaak van 'n gerieflikheid-steekproef. Dit was 'n nuttige manier om toegang tot die deelnemers aan die studie te kry.

Die bevindings word in hoofstuk vier gestel. In dié hoofstuk toon die data dat, alhoewel die mag op plase verander het, daar steeds tussen boere en plaaswerkers verwagtinge is wat paternalisme konstrueer. Paternalisme en bemagtiging bestaan dus saam in die moderne plaasopset. Een van die hoof gevolgtrekkings van die tesis in hoofstuk 5 is dat beide boere en plaaswerkers paternalisme in stand hou, alhoewel dit uitgedaag word deur plaaswerkers en 'n diskoers van ontwrigting in die verhoudings tussen boere en plaaswerkers op plase veroorsaak.

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

2.1. Inleiding

Paternalisme in werksomgewings is iets wat algemeen voorkom. Vorme van paternalisme kom in die meeste organisasies voor aangesien daar omtrent oral ongelyke magsverhoudings bestaan. Abercrombie en Hill (1976) beskryf paternalisme as primêr 'n ekonomiese instelling. Dit toon aan dat paternalisme algemeen voorkom waar daar ongelyke ekonomiese verhoudings tussen mense in werksomgewings is. Paternalisme bestaan ook uit die regulering van verhoudings tussen die ondergeskiktes en die paternalis. Volgens Abercrombie en Hill (1976) is daar 'n ideologiese dimensie wat regverdiging verskaf vir die spesifieke manier waarop die sosiale verhoudings gereguleer word. Hierdie ideologiese dimensie verskaf 'n normatiewe regverdiging daarvan. Hulle verwys na paternalisme as 'n ideologie van 'n "familie", waar daar 'n direkte oordrag van familieverwante beginsels is en waar almal deel en afhanklik van die organisasie as 'n geheel is. Die paternalis kan 'n enkele persoon wees, maar die ondergeskiktes word kollektief behandel, met ander woorde hulle staan in dieselfde verhouding tot die paternalis. Paternaliste gebruik die retoriek van individuele verpligting, maar die noodsaaklikheid om verskeie afhanklikes te organiseer lei tot 'n meer kollektivistiese realiteit. Mense word behandel as lede van 'n groep wat dieselfde posisie deel, eerder as individue wat unieke en persoonlike verhoudings met die paternalis het.

Abercrombie en Hill (1976) stel ook dat paternalisme gekenmerk word deur 'n groot verskil in mag wanneer daar ongelyke toegang tot hulpbronne is. Hulle dui aan dat die paternalis hulpbronne aan die ondergeskiktes voorsien wat hulle nie op hul eie kan bekom nie. Dit is waar die kern van afhanklikheid in die verhouding tussen die paternalis en die ondergeskiktes geleë is. Hierdie materialistiese belonings, byvoorbeeld, vervoer, kos, klere en onderwys, wat die ondergeskiktes ontvang, is gewoonlik ook beter as dit wat hulle op enige ander plek of op hul eie sou kry. By die uitruil van goedere en dienste is dit gewoonlik ook die paternalis wat die meeste voordeel daaruit trek. Die ondergeskiktes se verpligtinge in ruil vir die paternalistiese vergunnings wat hulle ontvang, word deur die groep as geheel as algemeen aanvaar.

Volgens Scott en Marshall (2009:552) is paternalisme 'n "losweg" gedefinieerde konsep wat dikwels met sosiale verhoudings verbind word waar die dominante vennoot se houding sekere vasgestelde beginsels weerspieël. Dit lei tot ongelykheid in die werksplek omdat die dominante vennoot 'n sekere mag oor die ondergeskiktes uitoefen. In Van Onselen (1992:134) se konseptualisering van paternalisme is die verband tussen tradisionele paternalisme en wetgewing wat beskerming verleen aan ondergeskiktes duidelik: "... the notion of a male of legal standing who enjoys the right, without having to seek recourse to the law, of exercising traditionally sanctioned authority over minors within the 'family', that is, over the 'women and children' on his property".

Paternalisme kom ook algemeen voor in kommersiële boerdery in Suid-Afrika. Waar werkers op die plase woon en werk bestaan die potensiaal dat boere omtrent elke aspek van die werkers se lewens kan beheer. Met die afwesigheid van wetgewing in

die verlede om die werkers se regte te beskerm, het paternalisme floreer. Scott en Marshall (2009:552) verwys na paternalisme in die landbou-opset in Suid-Afrika en dui aan dat die boer omtrent elke aspek van die plaas beheer, insluitende werkers en hul gesinne. Ross (1995:39) beskou die paternalistiese verhouding tussen die boer en die plaaswerkers as 'n tipe uitbreiding van gesag wat die boer oor sy vrou, kinders en ander lede in die gesin het.

Ten einde paternalisme in die huidige landbou-opset in Suid-Afrika te ondersoek, gaan daar kortliks gekyk word na die faktore wat paternalisme op plase oor die jare heen beïnvloed het. Eerstens word daar gekyk na die nalatenskap van slawerny op plase, die dopstelsel, die posisie van boere in die apartheidsera (1948-1993), die impak van globalisering op landbou en die uitbreiding van arbeids- en verblyfregwetgewing na plase. Daarna gaan die verskillende konseptualiserings van paternalisme beskryf word. Laastens gaan die voortbestaan van paternalisme op plase in Suid-Afrika bespreek word.

2.2. Faktore wat paternalisme op plase beïnvloed

Die vestiging van kommersiële boerdery in Suid-Afrika het sy oorsprong in die stigting van 'n handelspos wat in die 1600's in die Kaap begin is. Gedurende die sewentiende eeu is die verhouding tussen boere en werkers gekenmerk deur slawerny. In 1834 is slawerny formeel afgeskaf. Die inheemse bevolking het later deel gevorm van die sogenaamde kleurling (bruin) werkersklas. Die staat het in die twintigste eeu 'n sterk ondersteunende rol ingeneem teenoor die boere. Dit het daartoe gelei dat die boere afhanklik geword het van die staat om hulle op verskeie maniere te ondersteun (Lipton, 1989:108). Sedert die 1980's het Suid-Afrika deel geword van die globale ekonomie. Hierdie transformasie het verskeie gevolge gehad waaronder spesifiek 'n impak op arbeid op plase (Terreblanche, 2008:107). Met al die veranderinge en die oorgang na 'n nuwe demokratiese bedeling in die laat twintigste eeu, het die staat nie meer in die post-apartheid era die boere ondersteun soos gedurende apartheid nie. Die implementering en formulering van arbeids- en verblyfregwetgewing het ook sekere gevolge gehad vir veral die paternalistiese verhouding op plase.

2.2.1. Die nalatenskap van slawerny op plase

As die huidige verhoudings tussen boere en plaaswerkers in Suid-Afrika – en vir doeleindes van die studie veral in die Wes-Kaap – verstaan wil word, moet ons in ag neem waar dit vandaan kom. Die eerste stappe in die vorming van die moderne Suid-Afrikaanse politieke ekonomie het reeds begin met die Nederlanders wat in die 1650's vanaf Europa in die Kaap gearriveer het om 'n handelspos te vestig. Nederlandse setlaars het eienaarskap van nuwe gebiede verkry deur middel van oorloë met die inheemse hoofmanskappe en koninkryke en deur die besetting van grond. 'n Sterker, gewapende mag het hulle uiteindelik in staat gestel om die grootste deel van die grond te besit (Davies, 1990:1).

In die vroeër jare van nedersetting aan die Kaap het die Nederlandse boere die inheemse bevolking, byvoorbeeld die Khoisan, gebruik om teen 'n sekere loon op plase te werk. Een van die redes daarvoor is dat die inheemse bevolking as onafhanklike bestaansboere steeds grond en vee besit het. Aangesien daar 'n tekort aan arbeid was, deels as gevolg van die inheemse bevolking wat nie hul eie

onafhanklike produksie wou opgee nie, het die Nederlandse setlaars ook arbeid vanaf ander lande ingevoer. Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie het begin om slawe vanuit Oos-Afrika, Oos-Indië asook China in te voer. Die slawe het vir die Nederlandse boere gewerk in 'n vorm van arbeid waar hulle nie vry was nie, maar “besit” is deur die boer. Hierdie slawe het nie die mag of vryheid gehad wat werknemers in vandag se arbeidsmark het nie.

Sedert die tydperk van slawerny is verhoudings op plase beskou as kompleks en tot 'n mate intiem. Du Toit (1994) gebruik die analogie van 'n koninkryk. Volgens hom het daar 'n self-konsepsie by boere posgevat dat hulle heersers oor die grond is waarop hulle hul eie koninkryke (plase) kon skep. Blanke boere het die ideologie gehad, gedeeltelik gegrond in geloof, dat nieblankes (veral swartes) die dienaars of werknemers op plase moet wees. Hulle het hulself beskou as meesters oor die slawe en het geen ongehoorsaamheid geduld nie. Daar was geen oorweging van gelykheid op plase nie (Du Toit, 1994:380). Die werksverhouding is gekenmerk deur 'n verhouding van “eienaarskap” waar die “meester” en die “slaaf” in nabyheid gewoon het. Vir die Britse en die Nederlanders het die konsep “familie” beteken dat slawe en dienaars in die onmiddellike huishouding moes bly. Vir die meeste van hierdie slawe was die huishouding op die plaas die enigste huishouding waaraan hulle “behoort” het. Al is hulle as deel van die huishouding beskou, het die slawe minder regte en voorregte gehad as die kinders van die grondeenaar/landheer self (Kritzinger en Vorster, 1997:124).

In 1834 is slawerny in Suid-Afrika formeel afgeskaf. Ten spyte daarvan het die meeste van die slawe, asook hul gesinne, steeds op die plase aangebly en saam met die inheemse bevolking deel gevorm van die sogenaamde kleurling werkersklas in spesifiek die Wes-Kaap (Kritzinger en Vorster, 1997:124). Die verhouding tussen blankes en kleurling werkers word beskryf as 'n verhouding wat gekenmerk is deur “baasskap”. Hierdie tipe verhouding tussen die werkgewer en die werknemer is gekenmerk deur outoriteit en dominansie (Walters, 2012:92). Nadat slawerny in die Kaap afgeskaf is, het boere begin kla oor die tekort aan arbeid op plase en het begin om maniere te vind om die werkers aan die plase te verbind (Davies, 1990:1).

Davies (1990:vii) meld dat tot en met die vroeë 1990's plaaswerkers se omstandighede nie enigsins beter was as dié van slawe nie. Hulle het steeds finansiële swaar gekry en was afhanklik van die boer se genade om vir hulle te sorg. Al was slawerny reeds ongeveer 180 jaar afgeskaf, het die sosiale identiteite van werkers as slawe steeds “voortgeleef” en die verhoudings op plase gevorm. Die werkers was slawe wat “vry” was, maar verbind aan plase as gevolg van die gebrek aan ekonomiese geleenthede in die land. Dit het veroorsaak dat hulle en hul gesinne van die boer afhanklik was vir 'n klein kontantloon, die gebruik van grond, behuising, kos, water en klere (Orton, Barrientos en McClenaghan, 2001:470).

2.2.2. Die dopstelsel

Een van die maniere waarop boere beheer oor plaaswerkers uitgeoefen het, was deur middel van die dopstelsel. Hierdie stelsel was veral voor en ook gedurende die apartheidsjare algemeen in die Wes-Kaap en het verskeie plaaswerkers en hul gesinne se lewens verwoes. Die dopstelsel het behels dat die boer die werkers op die plaas gedeeltelik met drank vergoed het. Die plaaswerkers is deur die loop van die

werksdag 'n sekere hoeveelheid drank, “dop”, gegee. Boere het drank vanuit 'n paternalistiese oogpunt regverdig deur te sê dat werkers daarop aandrang en nie daarsonder werk toe kom nie. Op sekere plase het plaaswerkers tot ongeveer vyf doppe per dag gekry. Dit is beskou as 'n manier om die plaaswerkers aan die plaas te bind en afhanklikheid tussen hulle en die boer te skep.

Die dopstelsel is in 1961 deur die Drankwet verbied. Daarna was die gebruik van alkohol om plaaswerkers te betaal onwettig. Indien daar mense was wat die Drankwet nie nagekom het nie, is hulle met R1000 beboet of hulle kon tot ses maande tronkstraf gevonnissen word. Alhoewel die dopstelsel formeel afgeskaf is, het boere en plaasbestuurders steeds aangehou om drank aan plaaswerkers te gee (Falletisch, 2008). Dit het grootliks bygedra tot alkoholisme onder werkers. Daar is reeds in die laat 1980's beweer dat die dopstelsel sou voortduur omdat plaaswerkers sal aanhou drink en hulle gesinne aan die gevolge van drankmisbruik sal ly.

Al kry die plaaswerkers nie meer drank as deel van hulle betaling by boere nie, is drankmisbruik onder plaaswerkers en hul gesinne steeds 'n probleem. Fetale alkoholsindroom (FAS) in die Wes-Kaap is van die hoogste ter wêreld en dit word deels toegeskryf aan die nalatenskap van die dopstelsel. Met vlakke tussen 5% en 9% word kinders van plaaswerkers in die Wes-Kaap gediagnoseer met die hoogste vlakke van FAS ter wêreld (Falletisch, 2008). Kinders met FAS het verskeie gestremdhede en behoeftes en om dit te oorkom het hulle ekstra aandag nodig. Die meeste skole in die platteland het nie genoegsame fasiliteite of hulpbronne om in hierdie kinders se behoeftes te voorsien nie. Die ouers van hierdie kinders kan in die meeste gevalle nie die dienste, soos terapie en remediërende klasse, bekostig nie. Die gevolge hiervan duur voort tot in hul volwasse lewe.

2.2.3. Die landbousektor in die apartheidsera (1948-1993)

In die apartheidsera is die staat beskou as die “vaderfiguur” wat die blanke kommersiële boere in Suid-Afrika ondersteun het (Lipton, 1989:108). Die staat het substansiële ondersteuning aan blanke boere gegee deur middel van subsidies, krediet, navorsing, opleidingsfasiliteite, voorligtingsdienste, sowel as 'n kwota-stelsel om 'n limiet te stel op die invoer van buitelandse produkte (Davies, 1990:7). Die staat is verteenwoordig deur landboubehoerrade en die boere het daarop staatgemaak om die pryse van die produkte wat hulle geproduseer het te bepaal. Boere, veral dié wat minder effektief geboer het, was grotendeels afhanklik van hierdie tipe ondersteuning en toegang tot subsidies en krediet. In 1970 het die Minister van Landbou, Hendrik Schoeman (self toe een van die grootste boere in Suid-Afrika), gesê dat die taak van die staat is om diegene wat bereid is om landbou hulle lewenstaak te maak te beskerm teen “kapitaliste wat hulle wil vernietig en monopolistiese toestande” wil skep. Volgens hom was hy daar om al die kleinskaalse, blanke boere te ondersteun en te beskerm (Lipton, 1989:97).

Die boere het die staat as 'n “beskermheer” beskou en het geweet dat die staat hulle besluite en aksies op die plaas sou ondersteun. 'n Beskermheer word onder andere geassosieer met die uitruil van “gunste”, waar hierdie “gunste” in baie gevalle materieel van aard is. Die verhouding tussen die beskermheer en die kliënt word gebaseer op 'n verhouding wat meer individualisties as kollektief van aard is. Anders as in 'n paternalistiese verhouding kan beide partye in hierdie verhouding 'n keuse of

'n besluit uitoefen (Abercrombie en Hill, 1976:414). Die staat het blanke kommersiële boere se besit van grond beskerm, hulle van goedkoop arbeid en kapitaal verseker en boere teen mededinging beskerm deur die afwesigheid van arbeidswette en ander maatreëls. Gedurende die apartheidsjare het blanke boere deur politieke en ander organisasies die mag gehad om te sorg dat hulle belange verseker en beskerm is deur die apartheidstaat. Net soos die apartheidstaat die boere ondersteun het, het die boere ook die apartheidstaat ondersteun (Lipton, 1989:2).

Volgens Davies (1990:7) het landbou in Suid-Afrika gaandeweg dualisties geword. Dit verwys daarna dat daar 'n groep boere was wat finansiële goed gedoen het en welgestel was, maar dat daar ook 'n groep was wat nie so suksesvol was nie en wat gesukkel het om 'n bestaan uit boerdery te maak. Twee uit elke drie plase was ekonomies marginaal en onproduktief. Die ryk individuele boere en maatskappye het 85% van die grond en die landbouhulpbronne beheer. In 1983 het 30% van boere sowat 75% van die landbou-uitsette gelewer. Die staatsbeleid het verseker dat die blanke boere in daardie era bevoordeel is. In die 1980's het die landelike ekonomie agteruitgegaan en 'n depressie beleef. Verskeie kleiner plase het onder gegaan.

As gevolg van groter politieke bewussyn onder swart (inklusief) Suid-Afrikaners en ontevredenheid met omstandighede in die werksplek in Suid-Afrika, het swart mense in die werksplek deur ongereguleerde stakings en opstande in townships uiting begin gee aan hulle frustrasies. Volgens Beach (1980:537) was dit noodsaaklik om 'n grieweprosedure te ontwikkel wat as uitlaatklep vir werkers se frustrasies en ontevredenheid kon dien sodat griewe tussen werkgewers en werknemers op plase hanteer kon word. Die Wiehahn Kommissie van 1979 is aangestel teen die agtergrond van uiteenlopende ontwikkelings op die gebiede van ekonomie, politiek, maatskaplike verhoudings, opvoeding en godsdiens. Die Kommissie het die standpunt ingeneem dat konflik tussen werker en werkgewer waarskynlik is. Daarom het hulle voorgestel dat die staat die stigting van vakbonde vir swart mense toelaat (Wiehahn, 1982:1). Die landbousektor was egter een van die sektore wat uitgesluit is.

In 1982 het die Suid-Afrikaanse regering die Nasionale Mannekragskommissie gevra om die arbeidsomstandighede van plaas- en huiswerkers te ondersoek en die ontwikkeling en bevordering van arbeid te monitor. Die Kommissie het die verslag in 1984 ingedien en daarna het die regering dit na die blanke boere-unies vir kommentaar gestuur. Alhoewel die Kommissie aanbeveel het dat arbeidswetgewing na plase uitgebrei moes word, het daar tot die 1990's weinig in verband met die saak gebeur. Volgens Davies (1990:viii) reflekteer die uitstel van die implementering van aanbevelings uit die verslag die mag wat blanke boere in Suid-Afrikaanse politiek gehad het. Die regering was huiwerig om boere se steun by die stembus te verloor.

Die finansiële ondersteuning van blanke boere deur die apartheidstaat het geleidelik begin afneem. Reeds vanaf die 1970's het die Nasionale Party- (NP-) regering probeer om meer steun van die stedelike sakegemeenskap te werf. Die staat het begin om geleidelik minder subsidies aan boere te verskaf en in die 1970's het die staat die bevel van die Marais/du Plessis Kommissie aanvaar dat marginale, blanke boere nie meer gesubsidieer moet word om op grond te bly nie (Lipton, 1989:2). Hierdie verandering het daartoe gelei dat al hoe meer blanke boere, veral in die noorde van die land, by meer regse partye en groepe aangesluit het.

Al het die apartheidstaat voorsiening getref om blanke boere in 'n bevoordeelde posisie te hou, was die boere reeds in die apartheidsjare bewus van die internasionale reaksie op apartheid. Hulle het geweet dat internasionale vyandigheid sekere bedreigings en sanksies sou veroorsaak vir die uitvoer van produkte. Dit het gelei tot onrustigheid onder die blanke boere in Suid-Afrika (Lipton, 1989:108). Die feit dat die boere minder steun van die staat ontvang het, het 'n invloed gehad op die magsverhouding tussen hulle en die plaaswerkers.

Ten spyte van die afwesigheid van arbeids- en verblyfregwetgewing vir die beskerming van plaaswerkers en die besonder ongelyke magsverhoudings tussen boere en werkers, was daar gedurende die apartheidsera pogings van individuele boere en die georganiseerde landbou om die arbeidsomstandighede en ontwikkeling van plaaswerkers te verbeter. Die Landelike Stigting is een van die hoofvoorbeelde daarvan. Dit het ontstaan as gevolg van georganiseerde landbou wat in die 1960's deur middel van die onderskeie landbou-unies die landbouprodusente aangemoedig het om aandag te skenk aan die lewensomstandighede en diensvoorwaardes van plaaswerkers. In die vroeë 1970's het 'n aantal individuele boere in die Boland begin met gemeenskapsontwikkelingsprojekte op hul plase. Hierdie pogings het aanvanklik eers op ongekoördineerde en individuele grondslag plaasgevind, maar later met meer leiding van georganiseerde landbou het die Landelike Stigting in 1982 tot stand gekom (Coetzee, 1991:188). Die werk van die Landelike Stigting het geleidelik uitgebrei en ook ander gebiede in Suid-Afrika bereik. Die staat het in die laat 1980's finansiële ondersteuning aan die Landelike Stigting begin verskaf. Ten spyte van hierdie pogings was die werkers, sonder die beskerming van arbeidswetgewing, steeds uitgelewer aan die goedgunstigheid van boere.

2.2.4. Die impak van globalisering op landbou

Daar was twee belangrike ontwikkelings wat gedurende die laaste gedeelte van die twintigste eeu spesifiek 'n impak op die landbousektor gehad het. Eerstens was dit die groter inlywing van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die internasionale mark en tweedens was dit die verbetering en formulering van arbeids- en verblyfregwetgewing om die regte van individue, insluitende dié van plaaswerkers, te beskerm (Die tweede ontwikkeling word in die volgende afdeling bespreek.) Met die oorgang na die demokratiese era het hierdie twee ontwikkelings beslis versnel (Walters, 2012:91).

Na jare van uitbuiting, onderdrukking en werkloosheid in die apartheidsera het die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking in armoede geleef. Suid-Afrika het omtrent twee dekades van minimale buitelandse beleggings ervaar en dit het veroorsaak dat die land se ekonomie verswak het. Suid-Afrika se buitelandse skuld het toegeneem vanaf R37 biljoen in 1985 na ongeveer R230 biljoen in 1994. Volgens hierdie statistieke was daar 'n dringende behoefte aan, nie net politieke hervorming nie, maar ook ekonomiese hervorming. Die *African National Congress* (ANC) het in die demokratiese verkiesing in 1994 aan bewind gekom en moes nuwe hervorming oorweeg om die ekonomie van die land te verbeter (Terreblanche, 2008:107). Een van die opsies om Suid-Afrika se ekonomie te verbeter was om deel te neem aan globale markte. Volgens Susan Hayter (1999:58) verwys ekonomiese globalisasie na “a process of rapid economic integration between countries, driven by die increasing liberalisation of international trade and foreign direct investment (FDI), as well as freeing up of capital flows”.

Individuele produsente, eiendom en koöperatiewe wynkelders spesifiek, moes gereed maak om nuwe geleenthede te gebruik wat deur Suid-Afrika se integrasie in die wêreld ekonomie geskep is. Suid-Afrika moes in die globale mark begin meeding met lande soos die VSA, Japan en Westerse Europese nasies wat meer hulpbronne en meer ondervinding in die internasionale area gehad het. 'n Mens kan dus die afleiding maak dat hierdie ontwikkelde lande die reëls van die “spel” beter verstaan het as wat Suid-Afrika in 1994 het (Tuipende, 2001:22).

Neo-liberale globalisering het 'n direkte impak op landbou asook op verhoudings op plase. Daar was tydens 1992 en 1997 'n transformasie in Suid-Afrikaanse landbou van 'n hoogs gereguleerde sektor na 'n uiterste oop sektor. Die Suid-Afrikaanse mark moes sterker probeer om sonder beskerming van die staat globaal te kompeteer en die staat het nie meer die boere ondersteun soos gedurende die apartheidsjare nie. Aangesien Suid-Afrikaanse boere nou met geen subsidies nie teen ander lande met gesubsidieerde produkte moes meeding, het die druk op hulle om effektief te boer toegeneem. Plaaslike produkte moes meer mark-georiënteerd raak. Globalisering het tot groter kompetisie gelei en dit het veroorsaak dat plase volgens strenger besigheidsbeginsels bestuur moet word. 'n Plaas was nie net meer 'n “lewenswyse” soos in die verlede nie (Strauss, 2005:2). Daar is vier soorte politiek van waaruit werklike – in teenstelling met abstrakte – markte benader kan word. Dit is staatsbetrokkenheid (openbare regulasie), markorganisasie (interne markregulasies deur deelnemers, soos oligopolieë of kartels), ekonomiese mag en maatskaplike ingebedheid (die kulturele en maatskaplike konfigurasie van markprosesse) (Mather en Greenberg, 2003:395).

Die effekte van deurlopende globale ekonomiese veranderings op landelike kwesbaarheid is sigbaar regoor die wêreld. Ekonomiese veranderings wat verband hou met prosesse van globalisering, verander voorwaardes vir die produksie en bemarking van landbouprodukte (Leichenko en O'Brien: 2002:14). Die landbousektor het 'n beduidende skakel met die breër ekonomie. Alhoewel die landbousektor in die verlede van die mees gereguleerde en beskermde sektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie was, het dit verander. Landbou het in die post-apartheid era totale liberalisering en staatsderegulasie ervaar. Dit het 'n effek op sowel die kapitaalakkumulasiestrategieë as die lewensbestaanstrategieë van plaaswerkers (Mather en Greenberg, 2003: 394).

Globalisering het 'n impak gehad op die strukture waarvolgens 'n plaas in die vroeër jare bestuur is. Oor die laaste paar dekades is veral die aard van globale uitvoere hervorm deur die strenger greep van die globale waardeketting en die koppeling van die landbousektor aan die Britse en Europese markte, wat Suid-Afrika se grootste markte is. Groot supermarkaankopers domineer 'n groot deel van die globale handel en bepaal die spesifikasies van aanbod op 'n pre-geprogrammeerde basis om aan hulle standarde en vereistes te voldoen. Die omstandighede van plaaswerkers is ingesluit as 'n dimensie in hierdie regulasies. Die nuwe markte dring aan op hoë tegniese, omgewings- en diensstandarde, bied min sekuriteit vir die produkte wat hul aankoop en laat marktoestande pryse beheer. Globale aankopers het streng vereistes waaraan plase moet voldoen indien hulle hul produkte wil uitvoer. Wetgewing oor internasionale handelsooreenkomste is gevolglik opgestel om aan hierdie globale markte se standarde te voldoen (Kritzinger, Barrientos en Rossouw, 2004:18).

Etiese handel beteken ook dat plase onderhewig is aan sosiale oudits wat daarop gemik is om te verseker dat arbeidstandaarde (in die vorm van minimum lone, werksomstandighede, veiligheid, die reg op verteenwoordiging en op opleiding) gestel asook onderhou moet word (Barrientos en Dolan, 2006). 'n Voorbeeld van hoe hierdie standaarde gereguleer word is die WIETA-oudits (Wine Industry Ethical Trade Association) wat op plase gedoen word wat hul produkte uitvoer (Barrientos, 2008:985). Hierdie oudits fokus op werkersregte, wetlike vergoeding en dienskontrakte. WIETA help om globale handel te versterk en bestaan uit die monitering en die sertifisering van plaaslik gebaseerde en opgeleide mense wat 'n goeie kennis het van die taal, kultuur en kwessies van werkers op wyn- en vrugteplase. Plase wat van WIETA gebruik maak, kry die versekering dat hulle onafhanklik gemonitor word vir aanvaarbare indiensnemingstandaarde.

Daar het wel probleme ontstaan in die arbeidsmark as gevolg van etiese handel. In Europa en Noord-Amerika was daar druk vanaf die nie-regeringsorganisasies, vakbonde, aandeelhouers, verbruikers en die media wat gelei het tot 'n dramatiese groei in die gedragskodes wat die diensvoorwaardes in die globale voorsieningskettings bepaal. Hierdie kodes is toegepas in Afrika se tuinbou-uitvoersektor, waar vars vrugte, groente en blomme gekweek word vir die Europese (en ander) markte. Die tuinbousektor stel wel verskeie uitdagings. Hierdie uitdagings word gekenmerk deur hoë vlakke van nie-permanente werk (tydelike, seisoenale, migrerende, asook kontrakwerk). Vrouens word ook meestal aangestel in die mees arbeidsintensiewe en onsekerste vorme van werk. Hierdie werkers het gewoonlik baie lang werksure in gevaarlike omstandighede (Smith, Auret, Barrientos, Dolan, Kleinbooi, Njobva, Opondo en Tallontire, 2004:1).

Ewert en Hamman (1999) argumenteer dat globalisering verskeie negatiewe aspekte inhou vir die landbousektor. Hulle dui aan dat "labour becomes to be revalued on a global scale, eventually becoming the weakest link in the new regime of international accumulation" (Ewert en Hamman, 1999:204). Dit het 'n direkte impak op die aard van werk, arbeid, die koste van produkte en die werkers se lone en salarisse. Werkgewers moet kostes van die produkte sny sodat hulle globaal kan kompeteer en 'n wins maak. Dit het onder andere veroorsaak dat boere die uitgawes aan arbeid beter moes bestuur en verminder, wat weer indirek 'n impak het op die kwesbare posisie van plaaswerkers en hul afhanklikheid van die boer.

Om die uitgawes aan arbeid te beperk het boere gaandeweg minder permanente werknemers in diens geneem en meer gebruik gemaak van seisoenale werkers en tydelike werknemers ("casualization"). Globale integrasie, tesame met markderegulasie en die uitbreiding van arbeidswetgewing na die landbou, het veroorsaak dat sommige Suid-Afrikaanse produsente gebruik maak van derdeparty-kontrakarbeid wat deur arbeidsmakelaars verskaf word. Hulle het die permanente werksmag verminder en buigsame arbeiders wat nie op die plaas bly nie vermeerder. Die makro-ekonomiese analise van die Suid-Afrikaanse landbousektor het beweer dat daar tussen 1985 en 1996 meer as 200 000 permanente plaaswerkers en meer as 200 000 seisoenwerkers hulle werk verloor het as gevolg van deregulasie (Mather en Greenberg, 2003:395). Dit veroorsaak dat plaaswerkers in kwesbare posisies geplaas word aangesien hulle dan minder werksekuriteit het.

Tuipende (2001:23) beweer dat daar volgens die International Labour Organisation (ILO) in 1999 wel werkskepping in sommige sektore was, al het van die werknemers hul werk verloor. Die nuwe werksgeleentede wat geskep is, het wel hoër vlakke van vaardighede vereis. Diegene wat dus hul werk verloor het, kon nie net in ander sektore geplaas word nie. Alhoewel kontrakwerk dus werksgeleentede skep, verdien sommige van die kontrakwerkers steeds baie lae inkomstes. Kontrakwerk het dus 'n groot invloed op die werkers se welstand en lewenstandaard. Wanneer die seisoen verby is, is baie van hulle weer sonder werk (Kritzinger, Barrientos en Rossouw, 2004:18). Crankshaw (1997) glo dat COSATU se tradisionele lidmaatskapbasis tans ondermyn word deur veranderinge in die arbeidsmark (byvoorbeeld: die veranderende sektorale samestelling van indiensneming, die groei van die informele sektor, vermeerderde deelname van vrouens in die ekonomie, werkgewers se suksesvolle gebruik van skofwerk, deeltydse, geleentheids- en tydelike arbeid, of werk van die huis af, asook die subkontraktering van niekernfunksies). Sektore soos landbou, mynbou, asook huishoudelike dienste is besig om hul aandeel in die arbeidsmark te verloor as gevolg van die gebruik van oorwegend ongeskoolde arbeid. Ongeskoolde werknemers is dié wat die meeste gaan ly onder werkloosheid. Die feit dat arbeid besig is om af te neem in hierdie sektore, en dat werkloosheid vermeerder, kan daartoe lei dat al hoe minder werkers begin deel vorm van vakbonde, soos COSATU.

Mather en Greenberg (2003:395) maak die noemenswaardige stelling: “The central problem with neo-classical economic approaches to ‘deregulation’ is the way markets are theorised. Markets from this point of view are not understood as the actual relations between human beings. They are, instead, theoretical abstractions of how economic activity should be carried out under perfectly competitive systems. Voluntary cooperation between individuals is regarded as the ‘natural’ form of markets, and this should replace state regulation in the economic sphere”.

Ewert en Hamman (1999) verwys na 'n studie wat op 104 plase gedoen is. Dit toon aan dat die aandeel van permanente werkers tot die totale arbeidskomponent gedurende die 1990's reeds aan die afneem was (Ewert en Hamman, 1999:211). Die meeste “informele”/tydelike werkers word op 'n kontrakbasis aangestel. Dit is geriefliker en veiliger vir die boer om die werkers op 'n tydelike basis aan te stel, want dan hoef die boer die werker net te betaal vir 'n sekere hoeveelheid tyd/werk (hoofsaaklik seisoengebonde). Die kontrak verval wanneer die werk klaar is en daar is geen wetgewing wat die werkgewer en die werknemer op enige manier bind nie (Woods, 1988:5). 'n Nadeel van hierdie kontrakwerk is dat produsente nie die kontrakwerkers se vaardighede, verbintenis met die werk of diensvoorwaarders kan beheer om gehaltstandaarde wat deur supermarkte gestel word te bereik nie. In 'n algemene konteks van hoër vlakke van werkloosheid is plaaswerkers meer kwesbaar en afhanklik van die boer vir werk. Dit het uiteraard 'n impak op die magsverhouding tussen die boer en die plaaswerkers (Du Toit, 1993:322). Kritzinger, Barrientos en Rossouw (2004:17) meld dat, alhoewel seisoenale en tydelike werk op plase geleentede vir plaaswerkers skep, hierdie tipe arbeid op plase hoogs onseker is met baie min of geen sosiale en wetlike beskerming nie.

Om globaal te kompeteer moes kommersiële plase toenemend gebruik maak van meganisasie en tegnologie. In 1995 is 'n totaal van 95 oesmasjiene aangeteken vir die hele wynbedryf. 'n Jaar later het hierdie getal verhoog na 144 masjiene. Dit het binne een jaar dus met 52% gestyg. Daar word beraam dat een masjien ongeveer elf

seisoenale werkers vervang (Ewert en Hamman, 1999:211). Die rede vir toenemende meganisasie is omdat dit volgens boere vir hulle voordeliger is om die masjien te koop om die werk te doen as om 'n werker in diens te hou. Alhoewel moontlikhede in sekere sektore redelik beperk is, is daar boere wat self kan besluit of hulle eerder 'n masjien wil koop om die werk te doen. Dat boere van masjinerie kan gebruik maak, toon weer eens dat hulle die grootste mag en beheer in die verhouding het.

'n Kritiese beskouing van die impak van globalisering op landbou in Suid-Afrika toon duidelik dat die integrasie van landbou met globale markte sowel positiewe as negatiewe gevolge vir die lewensbestaan van plaaswerkers en hul gesinne inhou. Die positiewe sy vir plaaswerkers is dat etiese handel daarna toe lei dat hulle opleiding kry en beter betaal word, asook dat plase onderhewig is aan sosiale oudits wat verseker dat arbeidstandaarde gestel en onderhou word (Barrientos en Dolan, 2006). Die negatiewe is dat sommige plaaswerkers se lone en salarisse nie noodwendig bo minimumloonvlakke styg nie en dat minder permanente werkers en meer seisoenale werkers aangestel word. Sommige tydelike en seisoenale werkers werk ook soms lang werksure in gevaarlike omstandighede. Dit het 'n direkte impak op die langtermynwerksekuriteit van plaaswerkers.

2.2.5. Die veranderinge in wetgewing

Veranderinge in wetgewing het gedurende dieselfde tyd plaasgevind as wat van Suid-Afrikaanse boere verwag is om meer kompetender in die globale mark te wees. Die kombinasie van globale kompetisie, verbeterde wetgewing en etiese handelsvereistes het 'n geweldige omswaai op plase in Suid-Afrika geskep.

Dit is belangrik om historiese ongelykhede te ondersoek wanneer daar na arbeids- en verblyfregwetgewing op plase gekyk word. Die rede hiervoor is dat dit 'n groot impak op werkers se omstandighede in landelike areas het (Gibson, 2009:137-138). Plaaswerkers en huiswerkers is vroeër jare uitgesluit uit enige arbeids- en verblyfregwetgewing en daar was geen wetgewing geformuleer om plaaswerkers teen onredelike toestande en voorwaardes te beskerm nie. Hulle het tot byna aan die einde van die apartheidsera 'n gebrek aan wetlike beskerming gehad, terwyl arbeidsverhoudinge ongereguleerd en meestal informeel op plase was. In teenstelling met werkers in industriële sektore is daar in die 1990's skaars begin om basiese regte en verbetering vir plaaswerkers in te stel. In ander sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie het werkers meer beskerming geniet deur, byvoorbeeld, die Fabriekswet en die Mynwet (Wet 28 van 1918) asook die Winkel- en Kantorewet (Wet 75 van 1964). Hierdie wette het basiese reëls in die werkplek gehad wat nagekom moes word (Davies, 1990:11).

Die Wet van die Unie, wat in 1910 geformuleer is, het gemagtig dat plaaswerkers van plase af gesit word. Hierdie wetgewing het plaaswerkers in 'n kwesbare posisie geplaas en veroorsaak dat hulle in armoede leef (Walker, 2010:14). Die situasie het tagtig jaar geduur en dit is derhalwe nie verbasend dat Nelson Mandela daarna verwys het toe hy in 1990 vrygelaat is nie. Dit is daarom 'n belangrike kwessie en noodsaaklik dat daar na die beskerming en belange van werkers op plase omgesien word. Nelson Mandela het tydens sy toespraak by 'n funksie van die ANC (African National Congress) op 25 Maart 1990 die volgende gesê:

“We condemn the lack of legal protection for farm workers and the gross exploitation which exists on many farms. We demand that farm workers be allowed full trade union rights. We speak directly to the magistrates in the courts in all rural areas. Today, we are drawing your attention to the terrible miscarriages of justice which have gone on for decades” (Davies, 1990:viii).

In die laat negentigerjare is progressiewe arbeids- en verblyfregwetgewing in Suid-Afrika vir plaaswerkers uiteindelik geïmplementeer. Dit het genoodsaak dat arbeidsverhoudings op plase geformaliseer word en daartoe gelei het dat sowel boere as plaaswerkers sekere verantwoordelikhede ten opsigte van wetgewing moes nakom. Die doel van die instelling en die formulering van arbeids- en verblyfregwetgewing was om ’n veilige omgewing te bied vir plaaswerkers, een van die mees gemarginaliseerde groepe in Suid-Afrika. Wetgewing waarop spesifiek in hierdie studie gefokus gaan word, is die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Wet op Sekerheid en Verblyfreg (“ESTA”-wetgewing – Establishment of Security of Tenure Act).

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66) van 1992 sorg dat die verhouding tussen die werkgewers en die werknemers op plase gereguleer word. Dit fokus daarop om arbeidsverhoudings in lyn te bring met die Grondwet van Suid-Afrika. Die wet poog om ’n meganisme vir gesonde arbeidsverhoudings te verseker en sodoende by te dra tot die sukses van ’n onderneming, maar ook om beide werknemer en werkgewer se regte te beskerm. Die wet dien as ’n raamwerk vir kollektiewe bedinging in die werkplek (Van Rooy, 2013:108). Hierdie wetgewing tref nie meer onderskeid tussen industriële en landbousektore nie en maak voorsiening vir bemiddeling en arbitrasie (Kritzinger en Vorster, 1997:125). Dit dring daarop aan dat werknemers se regte gerespekteer word en gee riglyne om enige geskille wat in die werkplek ontstaan op te los. Dit moedig ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike/sosiale geregtigheid, asook vrede en demokrasie in die werkplek aan (Republic of South Africa, 1995).

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66) van 1992 maak verder voorsiening vir vryheid van assosiasie wat deur die Grondwet beskerm word en gee aan plaaswerkers die formele reg om aan vakbonde en enige ander assosiasies, byvoorbeeld werkerskomitees, te behoort. Miller (1999:349) bevestig dat Europese werkerskomitees beskou word as organisasies wat bewustheid skep onder diegene wat daarby betrokke is. Dit bevorder ook solidariteit en multi-kulturalisme in die groep. Die kernbeginsels van ’n werkerskomitee fokus op onafhanklikheid, organisatoriese sekuriteit, deursigtigheid, aanspreeklikheid, die reg op verteenwoordiging en gelykheid. Dit gee ook die werkers die geleentheid om hul persoonlike belange in die groep te deel. Maar, hierdie tipe organisasie word ook gesien as ’n poging om vakbonde se mag in die werksplek te belemmer.

Net voor die formele beëindiging van apartheid was daar verskillende tipes wetgewing wat geformuleer is om plaaswerkers te beskerm. In 1993, na aanleiding van onderhandelinge tussen die Suid-Afrikaanse Landbou-unie en die Congress of South African Trade Unions (COSATU), is die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997 (Republic of South Africa, 1997) na die landbousektor uitgebrei. Hierdie wetgewing reguleer werksure, gesondheid, veiligheid, vergoeding en die beëindiging van ’n diens op ’n plaas. Dit bemiddel aspekte van die verhouding tussen vakbonde, werkgewers en werknemers. Die wysiging van hierdie wetgewing het

tegnies vir plaaswerkers dieselfde wetlike beskerming gegee as werkers in ander ekonomiese sektore.

In die verlede het boere alleen mag oor die verblyf van werkers op plase gehad. Voor die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg, Wet 62 van 1997 (ESTA-wetgewing) was plaaswerkers se verblyfreg gekoppel aan hul werk op die plaas (Republic of South Africa, 1997). Plaaswerkers kon in 'n huis op die plaas bly so lank as wat hulle vir die werkgewer op die plaas gewerk het en, indien die boer dit toegelaat het, ook na hul aftrede. Voor die instelling van hierdie wetgewing was daar geen regseise wat plaaswerkers beskerm het om in die huis te bly indien hulle nie meer vir die werkgewer werk nie. Buhlungu en Bezuidenhout (2010:237) verwys in hul navorsing na 'n geskiedenis van beheer oor werkers deur middel van behuising. Volgens hulle is beheer deur middel van behuising een van die effektiwste maniere waarop werkgewers totale beheer oor hul werkers kan handhaaf. Alhoewel hulle navorsing op die mynbou betrekking het en na mynkampongs verwys, kan dit met die plaasopset vergelyk word.

Die ESTA-wetgewing is ingestel om die sekerheid van verblyfreg vir plaaswerkers te verseker, veral vir diegene wat vir langer as tien jaar op die plaas aangestel is. Volgens die ESTA-wetgewing kan 'n plaaswerker wat langer as tien jaar op 'n plaas bly en daar werk, ook na aftrede aanbly. Hierdie wet is ingestel om onregverdig en arbitrêre uitsettings te voorkom. Dit is veronderstel om langtermyn verblyfsekuriteit vir plaaswerkers te bevorder (Roodt, 2007:5). Volgens hierdie nuwe, post-1994-wetgewing, kan 'n werkgewer op 'n plaas nie net meer 'n afgedankte werker van die plaas "afsit" nie. Indien die boer plaaswerkers op die plaas wil afdank, moet arbeids- en verblyfregulasies nagekom word. Formele en wettige prosedures moet gevolg word om die persoon en sy/haar gesin van die plaas af te sit. Hierdie proses neem dikwels tyd en waarborg nie altyd 'n suksesvolle uitsetting nie.

Volgens die ESTA-wetgewing het die bewoners op die plaas die reg op toegang tot dienste waarvoor ooreengekom is, byvoorbeeld elektrisiteit, water en sanitasie. Hulle mag nie toegang tot opvoedkundige en gesondheidsdienste geweier word nie. Bewoners het die reg om saam met hulle gesinne te bly in ooreenstemming met die kultuur van daardie bewoner se gesin. Hulle mag ook hul familie se grafte besoek en dit onderhou (Hall, Kleinbooi en Mvambo, 2002:2). Die wetgewing impliseer dat werkgewers die werknemers op plase of hul verteenwoordigers moet raadpleeg indien die werkgewer enige besluite wil neem wat die werkers op enige manier kan beïnvloed. Hierdie veranderinge sit die plaaswerkers in 'n meer bevoordeelde posisie teenoor die boer as in die verlede (Landsburg en Mackay, 2004:1).

Kort na die instelling van wetgewing op plase het verskeie kommentators na die onbedoelde gevolge daarvan verwys. Ewert en Hamman (1999:211) het reeds in 1999 gestel dat boere kan beweeg na werkers wat nie meer op die plaas bly nie, maar eerder op die dorp woon en steeds vir die boer werk. Al het die veranderinge in arbeids- en verblyfregwetgewing 'n positiewe impak en beskerm dit die plaaswerkers, het dit belangrike gevolge gehad vir die transformasie van verhoudings tussen boere en plaaswerkers op plase. Dit kan byvoorbeeld daartoe lei dat boere minder verantwoordelikheid teenoor die plaaswerkers vir verblyf nakom. Alhoewel die omstandighede van plaaswerkers verbeter het as gevolg van die nuwe wetgewing, het

die plaaswerkers steeds onder die uitsluitlike gesag van die boer gebly (Orton, Barrientos en McCleanghan, 2001:473).

Al was daar veranderinge in wetgewing in die post-apartheidsera, was nie alle plaaswerkers aanvanklik bewus van die veranderinge nie. Van die boere het nie eers probeer om die wetgewing aan die plaaswerkers te verduidelik nie (Centre of Rural Legal Studies, 1994:448-449). In 1994 is bevind dat net 60% van boere in die wynbedryf die nuwe prosedures aan plaaswerkers bekendgestel het en dat dit net verbaal gedoen is (Ewert en Hamman, 1999:214). Volgens Ewert en Hamman het sommige boere erken dat hul geen formele werknemerskontrakte laat opstel het vir werknemers nie. In ander gevalle is die kontrakte deur 'n konsultant aan die boere gegee, maar nog nie deur die plaaswerkers geteken nie. Soos Ewert en Hamman dit stel, "Coming from a paternalist past, formalisation is too much bother for the older generation of farmers". Alhoewel die verskeie wetgewings bedoel was om plaaswerkers meer sekuriteit te gee, was dit nie in alle gevalle die uiteinde van die saak nie. Daar is steeds onsekerheid by plaaswerkers (Walters, 2012:97).

Dit is duidelik dat die uitbreiding van arbeids- en verblyfregwetgewing in die nuwe demokratiese era daarop fokus om regte aan elke individu op die plaas te gee. Dit wil sê dat elke persoon in Suid-Afrika, wat as 'n demokratiese land bestuur word, regte het. Du Toit (1993:324) sê "paternalism denies workers' individuality, it denies them a space at work in which authority and self-worth can be expressed". Aangesien wetgewing regte aan plaaswerkers as individue gee en die boer plaaswerkers kollektief behandel, veroorsaak dit spanning en ontwrigting in die paternalistiese verhoudings op plase.

Die arbeids- en verblyfregwetgewing gee spesifiek aandag aan bostaande aspek van paternalisme en lê boere se magte oor werkers aan bande. Die wetlike beskerming wat deels impliseer dat verhoudings volgens kontrakte geformaliseer word, het onsekerheid, spanning en ontwrigting in die verhoudings tussen die boere en die plaaswerkers veroorsaak, maar ook potensieel nuwe moontlikhede vir werkers geskep. Hierdie onsekerheid onder boere en plaaswerkers het neerslag in hul verhoudings gevind. Alhoewel wetgewing geformuleer is om beter omstandighede vir werkers op plase te skep, het dit ook gelei tot onbedoelde gevolge, byvoorbeeld die vermindering van permanente werkers, minder werkers wat op die plase bly en boere wat die voordele wat werkers tradisioneel geniet het in herooring neem. In die volgende deel van die literatuur gaan konseptualiserings van paternalisme op plase bespreek word, sowel as hoe paternalisme op plase voortbestaan.

2.3. Paternalisme op plase

2.3.1. Konseptualiserings van paternalisme

De Beer (1992:51) dui aan dat die meerderheid van die paternalistiese verhoudings oor 'n leeftyd, en selfs oor geslagte heen, opgebou is. Hy sê dat die meeste van die probleme wat in arbeidsverhoudings bestaan reeds in die verlede in die werkplek ontstaan het. Gegewe hierdie stelling is dit belangrik dat daar na verskeie konseptualiserings van paternalisme onder verskillende mense oor 'n tydperk gekyk word om 'n beter perspektief daarop te kry.

Abercrombie en Hill (1976:415) dui aan dat die sosiale verhouding tussen die paternalis en die ondergeskikte 'n verhouding van totale betrokkenheid in die ondergeskikte se lewe is. Volgens hulle beklemtoon 'n paternalistiese ideologie die wedersydse verpligtinge van werkgewers en werknemers. Hulle argumenteer dat die werkgewers afhanklik is van die werknemers, net soos die werknemers afhanklik is van die werkgewers. Hierdie ongelyke interafhanklikheid tussen die twee groepe ontstaan as gevolg daarvan dat die werkgewer die werknemer nodig het sodat 'n sekere hoeveelheid produkte teen 'n sekere tempo en kwaliteit geproduseer kan word. Indien die werknemers hulle arbeid weerhou, verloor die werkgewer produksie en inkomste en dit kan tot finansiële skade lei. Dit word as 'n ongelyke interafhanklikheid beskryf omdat die werknemer in die meeste gevalle meer afhanklik van die werkgewer is aangesien die werknemer makliker vervangbaar is.

Abercrombie en Hill (1976:417) verwys spesifiek na paternalistiese verhoudings in Engelse fabrieksdorpe in die negentiende eeu en die Japannese ekonomie in die twintigste eeu. Fabrikseienaars het besef dat daar 'n tekort aan arbeiders met genoegsame dissipline was om die industriële werk te doen, wat gewoonlik lang werksure verg. Die eienaars van hierdie ondernemings moes 'n manier vind om arbeiders aan hierdie tipe werk te bind sodat hulle seker kon wees dat hulle in die werk bly. Die werkgewers wou dus die werknemers afhanklik maak van die arbeid sodat hulle daardeur meer beheer oor die werknemers en die produksieproses kon hê. Die eienaars van dié ondernemings het die werknemers aan hulle gebind deur materieel te voorsien in byvoorbeeld behuising, onderwys, opleiding en mediese fasiliteite. So het hulle die gemeenskap afhanklik van hierdie soort dienste gemaak. Werknemers is later nie meer slegs beheer deur die organisasie van produksie nie, maar ook deur die organisasie van die hele gemeenskap.

Davies (1990:13) stel dat dit tot 'n mate tradisie op plase in die verlede was om die plaaswerkers “in natura” te betaal eerder as om vir hulle 'n kontantloon te gee. Dit was voordat daar enige wetgewing was om plaaswerkers te beskerm. Niekontant betalings sluit, byvoorbeeld, in voedselrantsoene, drank, vervoer, brandstof en toegang tot 'n deel van die grond om vir hulself groente te kweek of vee aan te hou. Werkers is nie in die verlede salarisse volgens 'n vaste skaal betaal nie. Hulle is eerder in tradisionele voordele betaal wat tot hul voor- of nadeel kon wees, maar waarvoor hulle nie 'n groot sê gehad het nie. Dit verwys weer eens na die mag en beheer van die boer en die afhanklikheid van die plaaswerkers. Daar was later 'n skuif na kontantbetalings, al het die boer steeds aan die werkers “in natura”-vergoeding gegee. Boere was toe al uitermate betrokke en het beheer gehad oor plaaswerkers se lewens. Die verhouding tussen boere en plaaswerkers was opmerklik anders as die verhouding tussen algemene werkers en werkgewers.

Lipton (1989:101) het in die apartheidsera die paternalistiese plaasopset ontleed as 'n situasie waar plaaswerkers beperk was op die plase en boonop afhanklik van die boer was. Hierdie afhanklikheid verwys volgens hom na plaaswerkers wat nie vervoer gehad het nie en van die boer afhanklik was daarvoor. Lipton (1989:101) dui aan dat boere die plaaswerkers en hul gesinne op die plase op verskeie maniere akkommodeer. Hulle voorsien 'n mate van onderwys aan die kinders, gee vir hul opvoeding en opleiding en laat die plaaswerkers toe om op die plase te bly, al werk hulle nie meer daar nie. Omdat die plaaswerkers in die apartheidsjare in so 'n groot

mate van die boere afhanklik was, het die boere 'n groot hoeveelheid mag oor hulle gehad.

Du Toit (1993:316) stel dat paternalisme meer as 'n stel ekonomiese verhoudings is. Dit is volgens hom nie net die werkers se afhanklikheid van die boer of net die werkers se isolasie van die wêreld “daar buite” nie. Hy dui aan dat dit 'n “morele gesag” is wat die boer op alle aspekte van die werkers se lewens uitoefen en wat boere die mag gee om te besluit wat goed of sleg vir hul werkers is. Du Toit (1993) sê dat paternalisme op plase veroorsaak dat plaaswerkers gemarginaliseer is en dat hul stem nie geld in die werkopset nie, maar dat plaaswerkers die boere se mag op die plaas in verskeie vorme uitdaag. Hy voer aan dat die paternalistiese verhouding sekere voordele inhou vir die werkers, soos dat dit die boere se verpligtinge “institusioneeliseer”. Sowel boere as plaaswerkers hou dus die paternalistiese verhouding in stand (Du Toit, 1993:316).

Du Toit (1993) beskryf ook paternalisme as 'n spesifieke manier om sekere verhoudings te verstaan. Die belangrikste aspek van paternalisme volgens hom is die diep organiese en hiërargiese konseptualisering van die verhouding tussen die boer en die plaaswerker. Die boer is soos 'n pa vir die werkers en die plaaswerkers is soos kinders op die plaas. Du Toit (1993) sê dat sommige van die plaasbestuurders of -eienaars hul posisie beskryf as “pa staan vir die werkers”. Sommige boere sien dit nie as die begin van 'n arbeidsverhouding wanneer plaaswerkers op 'n plaas begin werk nie, maar eerder as 'n geval dat die plaaswerkers “deel van die familie of deel van die plaas” word. Du Toit (1993) impliseer dat, alhoewel 'n plaas wedersydse verpligtinge het, die boer steeds die finale woord op die plaas het. Werkers is magteloos en het 'n gebrek aan outoriteit wanneer dit by die verhouding tussen hulle en die boer kom. Paternalisme gee nie aan werkers 'n ruimte waarin hulle hul eiewaarde en outoriteit kan uitoefen en uitdruk nie.

Kritzinger en Vorster (1997:124-128) dui aan dat paternalisme na 'n situasie verwys waar die werkers as die “kinders” beskou word wat van die boer afhanklik is. Hulle het in hul navorsing gewerk met die konsep van die “plaas as 'n familie”. Hulle stel ook dat boere en plaaswerkers as “deel van die plaas” beskou word en die boer die finale sê het. Volgens hulle bestaan paternalisme, net soos in gesinne, dikwels uit 'n gevoel van behoort en identifisering. Dit maak voorsiening vir sielkundige sekuriteit sowel as wedersydse regte en verpligtinge vir die plaaswerkers en boere. Die beleving van paternalisme deur plaaswerkers kan sowel positief as negatief wees. Werkers verwys soms in 'n positiewe lig na die aansprake wat hul op die boer maak en speel daarom 'n aktiewe rol in die instandhouding van paternalisme op plase.

Volgens Orton, Barrientos en McClenaghan (2001:470), wat fokus op die landboubedryf in Suid-Afrika, word paternalisme gedefinieer as “the harshness of racism with the adoption of some of the benevolence of familial figures of authority”. Volgens hulle bestaan die paternalistiese verhouding daaruit dat, indien die werkers gehoorsaam en betroubaar is, die boer vir hulle sal sorg. Net soos 'n pa na die kinders in die gesin omsien. Werkers wat gedissiplineer is, word bevoordeel en kry belonings, maar werkers wat nie die boer se reëls nakom nie en daarteen protesteer word op sekere maniere gestraf.

Du Toit (1993:325) bring ook 'n ander dimensie van paternalisme na vore. Hy verduidelik dat die emosionele en fisieke teistering en aanranding wat manlike plaaswerkers in die werkplek ervaar, moontlik by die huis herhaal kan word deur verkragting en huishoudelike geweld. Manlike werkers kan geweld gebruik by die huis om hul manlikheid en gesag daar uit te druk. 'n Paar jaar later in die nuwe demokratiese bedeling het London (2003:60) in 'n opname onder suikerrietwerkers wat reeds in 1994 gemaak is, bevind dat 14% van die deelnemers aan die studie oor die voorafgaande twaalf maande deur die plaasbestuur aangerand is. Volgens Ross (1995:35) het kenners aan die begin van die demokratiese bedeling bevind dat paternalisme steeds 'n groot rol speel in die verhoudings tussen boere en plaaswerkers, alhoewel die apartheidstelsel reeds afgeskaf is. Wanneer daar krities na die konseptualiserings van paternalisme gekyk word, is dit duidelik dat arbeidsverhoudings, konflik, mag, bestuur en kollektiewe bedinging konsepte is wat in noue verbinding met mekaar staan.

2.3.2. Die voortbestaan van paternalisme

Die konseptualiserings van paternalisme in die voorafgaande deel maak dit duidelik dat boere en plaaswerkers steeds afhanklik is van mekaar en dat die ongelyke paternalistiese verhoudings tussen die twee partye steeds op verskeie maniere voortbestaan. Volgens Du Toit (1993:314) word daar tussen twee vorme van paternalisme onderskei, naamlik tradisionele paternalisme en neo-paternalisme.

Tradisionele paternalisme op plase word gekenmerk deur die konsep dat 'n "plaas as 'n familie" beskou word met die boer wat die sentrale gesagsposisie inneem. Dit word gekenmerk deur 'n verhouding waar die boer vir die plaaswerkers "geskenke" gee. Hierdie vergunnings sluit onder andere klere, bystand met uitgawes soos skoolgeld en mediese onkoste, asook vervoer vir die plaaswerkers in. Hierdie noodsaaklikhede vir plaaswerkers kan hulle nie op hul eie bekom nie, en maak die plaaswerkers meer afhanklik van die boere.

In die vroeë 1980's is paternalistiese arbeidsverhoudings geherorganiseer. Tradisionele paternalisme is vanaf die begin van die 1980's toenemend getransformeer na neo-paternalisme (Du Toit, 1993:314). Neo-paternalisme het ontstaan as gevolg van paternalisme wat steeds deur boere en plaaswerkers binne die veranderde wetkonteks voorgesit word. Dit behels dat plase meer volgens 'n wetenskaplike benadering bestuur word en fokus, onder andere, op die meting van produktiwiteit, opleiding, motivering, die deelname van plaaswerkers aan verteenwoordigde strukture en die bestuur van menslike hulpbronne op plase.

Neo-paternalisme veroorsaak dat paternalisme steeds voortbestaan en dat paternalistiese diskoerse op plase nie net verdwyn het toe arbeidswetgewing na plase uitgebrei is nie. Dit is herontdek en opnuut verander deur die siening van boere en werkers in die veranderde omgewing waarbinne hulle hulself bevind. Al het paternalisme volgens Du Toit (1993) van vorm verander, meld hy in latere navorsing dat boere steeds werkseleenthede op plase verskaf en dat hulle steeds besluit in watter basiese behoeftes van die plaaswerkers hulle voorsien. Magsverhoudings tussen boere en plaaswerkers bly ongelyk en arbeid op plase word meer kwesbaar (Du Toit, 1994:380).

Kritzinger en Vorster (1997:125-126) se werk wys op 'n interessante aspek van die diskoers oor werkers onder boere in die sagtevrugte-uitvoerbedryf. Die modernisering het onder die groep boere 'n klemverskuiwing veroorsaak – van werkers as “kinders”, afhanklik van die boer, na ‘vennote’ in 'n sakeonderneming en wedersydse afhanklikheid (alhoewel steeds ongelyk). Kritzinger en Vorster (1997) bevind dat die meerderheid van die boere in die sagtevrugte-uitvoerbedryf in die Wes-Kaap (75%) die beginsel ondersteun om inligting oor die finansiële posisie van die plaas met werkers te deel sodat werkers meer deel van die besigheid voel en 'n beter begrip van die finansiële aspekte het. Daar sou geredeneer kon word dat dit 'n manier kan wees om werkers te manipuleer, maar dit verteenwoordig tog 'n belangrike klemverskuiwing in die diskoers onder boere.

Die navorsing wat Ewert en Hamman (1999) kort na die uitbreiding van wetgewing op wynplase gedoen het, toon dat die boere op die meeste van hierdie wynplase dit steeds as hul verantwoordelikheid beskou om die werkers op die plase se beste belange te beskerm. Die boere sien dit as “morele advies” en fasiliteer soms die organisasie van sosiale en geloofsaktiwiteite vir werkers. Alhoewel baie boere sê dat hul arbeidsreëlings in lyn is met die minimum voorwaardes van die wetgewing, het die manier waarop arbeid in die mark verkry is, asook die manier waarop mag op die plaas uitgeoefen is, onveranderd gebly.

Du Toit (1993) asook Ewert en Hamman (1999) glo dat daar verskillende redes is vir veranderinge in paternalisme. Du Toit (1993) fokus op 'n kombinasie van globale ekonomiese veranderinge en boere se gesindheid teenoor werkers, terwyl Ewert en Hamman (1999), wat 'n paar jaar na die aanvang van die nuwe demokratiese era navorsing gedoen het, meer fokus op die verandering in wetgewing en internasionale markte. Ewert en Hamman (1999:203) meld dat, alhoewel arbeids- en verblyfregwetgewing ingestel is om plaaswerkers se regte te beskerm, die magsverhoudings op plase steeds ongelyk is. Alhoewel hulle op die wynbedryf fokus, sê hulle dat boere in die meeste gevalle steeds die reëls ten opsigte van werk, lone en behuisingsvoorwaardes bepaal. Dit veroorsaak dat die plaaswerkers afhanklik van boere is om 'n lewensbestaan te maak en dat paternalisme voortbestaan.

Volgens Orton, *et al.* (2001:473) is daar twee elemente wat veral 'n reuse impak het op die verhouding tussen boere en plaaswerkers in die post-apartheidsera. Eerstens is dit dat plaaswerkers aan vakbonde en verskeie organisasies, byvoorbeeld werknemersorganisasies, kan behoort. Dit het 'n direkte invloed op die tradisionele omstandighede en manier waarop dinge op plase gedoen word. Tweedens is dit dat plase aan sekere voorwaardes moet voldoen indien hulle hul produkte na ander lande, byvoorbeeld Europese markte, wil uitvoer. Indien vrugteboere hul produkte internasionaal of selfs aan groot kettingwinkels in Suid-Afrika wil verkoop, moet hulle voldoen aan internasionale norms en nasionale wetgewing, insluitend arbeidstandaarde.

Möller (2011) verwys na 'n verskuiwing van tradisionele paternalisme na neo-paternalisme op plase, “where elements of modern and paternalist farm management exist side by side”. Walters (2012:84) toon aan dat die verhouding tussen kommersiële boere en plaaswerkers steeds paternalisties is en dat dit nie verdwyn het nie, maar eerder van vorm verander het. Met die plaas wat as 'n besigheid bestuur word aan die een kant en die staat se wetgewing aan die ander kant, bevind

plaaswerkers hulself in 'n komplekse posisie (Walters, 2012:96). Volgens Walters (2012:94) het die instelling van arbeidswetgewing en die ESTA-wetgewing tradisionele paternalisme op plase onderbreek. Dit het die verhouding tussen die twee partye nog meer kompleks gemaak en nadelige gevolge gehad vir boere en plaaswerkers. Sy meld dat die deelnemers aan haar studie verklaar dat daar definitief sedert die implementering van die nuwe arbeidswetgewing in die middel 1990's 'n skuif was op plase. Hierdie skuif verwys daarna dat die plaaswerkers nie meer beskou word as afhanklike kinders wat deel is van die familie nie, maar eerder as selfstandige werkers. Een voorbeeld hiervan is dat werkers nie meer klere geskenk word nie, maar volgens die boer hul eie ekonomiese mag kan gebruik om self hul klere te koop.

Walters (2012:91) verwys na die verwagtinge as gevolg van wetgewing en die verskeie verantwoordelikhede wat boere nou moet nakom. Volgens haar probeer boere nou hul verantwoordelikhede teenoor die werkers verminder. Een van die maniere om dit te doen is om minder permanente werkers in die arbeidsmag aan te stel. Volgens Walters (2012) word van die werkershuise op plase nou gesloop soos gesinne die plase verlaat om te voorkom dat daar ander mense in die huis kom bly. Sodoende is daar minder druk om voldoende behuising met basiese standaarde, soos elektrisiteit, lopende water en 'n werkende toilet aan werkers te verskaf. Dit veroorsaak dat diegene wat juis deur wetgewing beskerm moes word hulself nou moontlik in 'n minder veilige omgewing kan bevind.

Devereux en Solomon (2011:7) bevestig dat plaaswerkers byna twintig jaar na apartheid steeds afhanklik is van boere vir 'n lewensbestaan. Volgens hulle kry sommige plaaswerkers nog altyd krediet by plaaswinkels, asook lenings by boere vir persoonlike noodgevälle. Boere verskaf in party gevälle nog plaasskole vir plaaswerkers se kinders, sowel as vervoer na die klinieke indien hulle dit nodig. Volgens Devereux en Solomon (2011) voorsien die boere deur sulke voordele aan die plaaswerkers te gee, steeds in die behoeftes waarin die demokratiese regering nie voorsien nie. Die staat faal dus die plaaswerkers deur nie in al hulle behoeftes te voorsien nie. Die tradisionele voordele wat die boere vir die plaaswerkers gee, veroorsaak dat plaaswerkers nog altyd afhanklik bly van die boer. Dit is in hierdie aspek waar die mag verskuil is wanneer paternalisme binne die moderne plaaskonteks beoordeel word. Aan die een kant kan die werkers wat op die plase woon hulself op die vergunnings op die plaas beroep en dit veroorsaak dat hulle materieel beter daaraan toe is, terwyl hulle beheer word. Aan die ander kant kan daardie tradisionele voordele as gevolg van die boer se beheer van hulle weerhou word of dit kan gemanipuleer word binne die minimum vereistes van die wet.

'n Kritiese beskouing van hierdie literatuuroorsig toon duidelik 'n beweging van tradisionele paternalisme na neo-paternalisme. Hierdie beweging het 'n sterk invloed op die landbou-ekonomie en as 'n gevolg daarvan op die verhoudings en die interaksie tussen werkers en boere. Paternalisme het dus saam met die modernisering wat plaasgevind het bly voortbestaan, maar waarskynlik soms in nuwe permutasies. Hierdie aspek sal verder in die bevindingshoofstuk ondersoek word. Die metodologie van die studie sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Hoofstuk 3: Metodologie

3.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens gekyk word na die navorsingstrategie van die studie. Tweedens gaan daar verduidelik word hoe die deelnemers aan die studie geselekteer is en derdens gaan die proses van data-insameling bespreek word. Daarna gaan die data-ontledingsproses ondersoek word en laastens die etiese oorwegings.

3.2. Navorsingstrategie

In die probleemstelling word aangedui dat die mede-konstruksie van die verhoudings tussen boere en plaaswerkers ondersoek gaan word met teoretiese insigte uit werke oor paternalisme binne 'n era van meer formele regte vir plaaswerkers. Dit self vra 'n benadering wat konstruktivisties van aard is. Dit is waarom 'n kwalitatiewe navorsingstrategie aangewese strategie is om boere en plaaswerkers se konstruksies van die verhouding tussen hulle te ontleed. 'n Kwalitatiewe navorsingstrategie fasiliteer begrip om die kwessies in die veld ten opsigte van paternalisme te identifiseer vanuit die perspektief van die deelnemers aan die studie. Dit het my in staat gestel om hul interpretasies en die betekenis wat hul aan sekere gedrag, gebeurtenisse en objekte heg te verstaan, byvoorbeeld, die verandering in die verhouding tussen boere en plaaswerkers in 'n moderne plaasopset. Hierdie studie is primêr beskrywend en verkennend van aard.

Tydens die insameling van die data wou ek so betrokke as moontlik wees by die alledaagse lewens van die boere en plaaswerkers op die plase. Daarom het ek gedurende die data-insameling en die skryf van my tesis – 'n tydperk van ongeveer een jaar – op my ouers se plaas gebly. Dit het my gehelp om die plaaswerkers en die lewe op die plaas waar te neem. Ek het gereeld tydens werktyd op die plaas rondgestap om waarnemings oor die werkopset te maak. Ek het bewus geword van frustrasies tussen boere en plaaswerkers. My pa se deel van sy frustrasies met van die plaaswerkers het bygedra om my begrip te verdiep oor boere se belewing en konstruksie van plaaswerkers. Ek het probeer om krities na die kultuur op ons plaas te kyk.

3.3. Seleksie van plase en deelnemers

Veldwerk is in die Swartlandstreek, Wes-Kaap Provinsie van Suid-Afrika gedoen. Ek het my waarnemings begin op twee plase (Kwaaiwater en Goedgesind) wat in my honneursprojek ingesluit was. Hierdie plase was aanvanklik deur my pa, 'n gevestigde boer in die omgewing, aanbeveel. Sy aanbeveling was dat hulle deur ander as 'suksesvolle boere' beskou word. Die maatstaf vir sukses is dus gegrond bloot op persepsie. Ek het toegang tot die eerste drie plase gekry deur my pa. Op dié plase het die boere my weer na ander verwys wat hulle as suksesvol beskou, met ander woorde 'n sneeibalsteekproef is gebruik en uiteindelik is ses plase ingesluit. Toegang was maklik, aangesien die boere gemaklik gevoel het met my as navorser omdat ek ook van 'n plaas in dieselfde area kom.

Alhoewel ek vooraf besluit het om geen waarnemings op die plaas te doen waarop ek en my ouers bly nie, het ek van plan verander. Die rede waarom ek dink dit interessant was om 'n onderhoud met my pa te voer, is omdat hy eers in 2007 hierdie plaas gekoop het en van toe af hier begin boer het. Hy het daarom nie direkte ondervinding van die verandering in die verhouding op die spesifieke plaas nie; slegs van die ingesteldheid van die plaaswerkers na die demokratiese oorgang en die implementering van arbeids- en verblyfregwetgewing. Hy het wel ondervinding van ander plase waarop hy vroeër jare gewerk het. Daar is dus uiteindelik ses plase in die studie ingesluit.

Die doel van die studie is nie om te veralgemeen nie, maar eerder om op 'n dieper vlak te verstaan. Alhoewel hierdie die seleksie van plase nie 'n verteenwoordigende steekproef is nie, is die arbeidsopset op plase wat kommersiële boere en plaaswerkers het, waarskynlik in vele opsigte dieselfde. Hier is byvoorbeeld 'n resonansie tussen hierdie studie en die werk wat Du Toit (1993) gedoen het en dit is waarskynlik dat bevindinge in hierdie studie oordraagbaar is na soortgelyke kontekste (sien byvoorbeeld Bryman, 2008:378 oor oordraagbaarheid van bevindinge in kwalitatiewe studies).

In die seleksie van plase is sowel groter as kleiner plase ingesluit. Vir doeleindes van die studie met die fokus op arbeid, is daar besluit om plase nie volgens omset nie, maar wel in terme van grootte van arbeidsmag te klassifiseer. My verwagting was dat arbeidsverhoudings op groter plase meer gestruktureer sal wees as op kleiner plase. Dit kan moontlik 'n impak hê op die verhouding tussen die boer en die plaaswerkers. Slegs twee kategorieë is gebruik, naamlik groter (25 of meer permanente werkers) en kleiner (minder as 25 permanente werkers).

Om die privaatheid van die deelnemers aan die studie te beskerm is skuilname aan hulle sowel as die plase gegee. 'n Totaal van ses plase is besoek en daar is met 34 deelnemers onderhoude gevoer. Hierdie 34 deelnemers bestaan uit 6 boere, een boer se seun, een boer se vrou en 26 plaaswerkers. Die gendersamestelling van die deelnemers aan die studie het afgehang van die vroulike en manlike respondente wat beskikbaar was.

In die onderstaande tabel verskyn opsommende inligting oor die plase. Vervolgens word die grootte van die plaas in hektaar gegee, produkte waarmee daar op elke plaas geboer word, die deelnemers wat op elke plaas ondervra is, asook of dit 'n individuele onderhoud was en of die deelnemer deel van 'n fokusgroep was. Al is daar in totaal met 34 deelnemers onderhoude gevoer, het ek net aan die deelnemers wie se aanhalings ek in die studie gebruik het skuilname gegee.

Tabel 1: Skuilname van plase, grootte, tipe produkte en aard van waarnemings

Skuilnaam van plaas	Grootte in hektaar	Tipe produkte	Skuilname van Deelnemers	Individuele onderhoud/ fokusgroep
1. Kwaiwater	1000 hektaar	Graan, skape, beeste	Boer: Jan	Individuele onderhoud
			Boer se seun: Klein Jan	Individuele onderhoud
			Manlike werker: Samuel	Fokusgroep
			Manlike werker: Manie	Fokusgroep
			Manlike werker	Fokusgroep
			Manlike werker	Fokusgroep
			Manlike werker	Fokusgroep

2. Goedgesind	3500 hektaar	Beeste, skape, graan	Boer: Frik	Individuele onderhoud
			Manlike werker: Christoffel	Fokusgroep
			Manlike werker: Hendrik	Fokusgroep
			Manlike werker	Fokusgroep
3. Uitsig	60 hektaar	Sagtevrugte, sitrus	Boer: Herman	Individuele onderhoud
			Manlike werker: Koos	Fokusgroep
			Manlike werker: Pieter	Fokusgroep
			Manlike werker: Gert	Fokusgroep
			Vroulike werker: Hanna	Fokusgroep
4. Welverdiend	400 hektaar	Vrugte: pere, pruime, perskes	Boer: Gustav	Individuele onderhoud
			Manlike werker: Julian	Fokusgroep
			Manlike werker: Ben	Fokusgroep
			Manlike werker: Stoffel	Fokusgroep
			Vroulike werker: Nicolene	Fokusgroep
			Vroulike werker: Clara	Fokusgroep
			Manlike werker	Fokusgroep
5. Ongegund	97 hektaar	Steenvrugte, perskes, pruime, pere	Boer: Johan	Individuele onderhoud
			Boer se vrou	Individuele onderhoud
			Manlike werker: Schalk	Fokusgroep
			Manlike werker: Willem	Fokusgroep
			Manlike werker: Ricardo	Fokusgroep
			Vroulike werker: Bella	Fokusgroep
			Vroulike werker: Liesbet	Fokusgroep
Vroulike werker: Lienkie	Fokusgroep			
6. Kleinfontein	575 hektaar	Skape, beeste, graan	Boer: Bob	Individuele onderhoud

In Tabel 2 word die samestelling van die werksmag op geselekteerde plase in groter detail beskryf.

Tabel 2: Samestelling van werksmag per plaas

Plaas	Kleiner of groter werksmag	Aantal permanente werkers	Aantal kontrak werkers	Aantal werkers verskaf deur werksmakelaar
1. Kwaaiwater	Kleiner	6	0	0
2. Goedgesind	Kleiner	13	0	0
3. Uitsig	Groter	39	58	35

4. Welverdiend	Groter	220	130	0
5. Ongegund	Groter	32	80	72
6. Kleifontein	Kleiner	5	0	0

In die fokusgroepe het ek net permanente werkers ingesluit wat voor 1994 al op plase gewerk het. Hierdie werkers was almal 35 jaar en ouer. Die rede waarom daar op die groep werkers besluit is, is omdat hulle weet hoe verhoudings op plase was voor 1994 vergelyke met die tydperk na 1994 sedert arbeidswetgewing geïmplementeer is. Aangesien die studie fokus op wedersydse verhoudings met permanente werkers, het ek net permanente werkers op die plaas geselekteer. Tabelle 3 tot 7 verskaf meer detail oor die werkers wat deelneem het in die fokusgroeponderhoude.

Tabel 3: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 1 op Kwaaiwater

Lede in fokusgroep 1	Woon op die plaas/Woon in die dorp
Manlike werker (Samuel)	Woon in die dorp
Manlike werker (Manie)	Woon in die dorp
Manlike werker	Woon in die dorp
Manlike werker	Woon op die plaas
Manlike werker	Woon op die plaas

Tabel 4: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 2 op Goedgesind

Lede in fokusgroep 2	Woon op die plaas/Woon in die dorp
Manlike werker (Christoff)	Woon op die plaas
Manlike werker (Hendrik)	Woon op die plaas

Manlike werker	Woon op die plaas
Manlike werker	Woon op die plaas

Tabel 5: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 3 op Uitsig

Lede in fokusgroep 3	Woon op die plaas/Woon in die dorp
Manlike werker (Koos)	Woon op die plaas
Manlike werker (Pieter)	Woon op die plaas
Manlike werker (Gert)	Woon op die plaas
Vroulike werker (Hanna)	Woon op die plaas
Vroulike werker	Woon op die plaas

Tabel 6: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 4 op Welverdiend

Lede in fokusgroep 4	Woon op die plaas/Woon in die dorp
Manlike werker (Julian)	Woon op die plaas
Manlike werker (Ben)	Woon op die plaas
Manlike werker (Stoffel)	Woon op die plaas
Vroulike werker (Nicolene)	Woon in die dorp
Vroulike werker (Clara)	Woon in die dorp
Manlike werker	Woon op die plaas

Tabel 7: Beskrywing van plaaswerkers in fokusgroep 5 op Ongegend

Lede in fokusgroep 5	Woon op die plaas/Woon in die dorp
Manlike werker (Schalk)	Woon op die plaas
Manlike werker (Willem)	Woon op die plaas
Manlike werker (Ricardo)	Woon op die plaas
Vroulike werker (Bella)	Woon op die plaas
Vroulike werker (Liesbet)	Woon op die plaas
Vroulike werker (Lienkie)	Woon op die plaas

3.4. Data-insameling

Die data is verkry vanaf die boere en die plaaswerkers op die plaas en daarom is die eenheid van analise in hierdie navorsingstudie individue. Die hoofmetodes van data-insameling was diepgaande, semi-gestruktureerde onderhoude, voortgesette deelnemer-waarneming, die neem van veldnotas en fokusgroepe. Ek het al die onderhoude opgeneem en dit self getranskribeer.

Ek het vooraf myself daaraan herinner om dinge op die plaas waar te neem en nie goed wat mense sê of wat in die veld gebeur as net toevallig te aanvaar nie. Daar is duidelike en kort vrae aan die deelnemers van die studie gestel. Indien daar 'n vraag was wat iemand nie verstaan het nie, is dit aan die deelnemer verduidelik deur 'n voorbeeld van 'n ander boer of plaaswerker te gee. Die oop vrae en opvolgvrae is gebaseer op dit wat die deelnemers van die studie vertel het. Dit is gebruik om die deelnemers die geleentheid te gee om spontaan aan die onderhoud deel te neem en hulle stories te vertel. Tydens en na die besoeke aan plase is veldnotas gemaak wat, onder andere, waarnemings ingesluit het. Daar is veldnotas gemaak van wat elke plaas produseer, of dit 'n groot of kleiner werksmag het en hoe die plaaswerf lyk en waarmee daar op elke plaas geboer word. Daar is na elke dag se onderhoude neergeskryf watter gevoel onder die deelnemers op die plaas ervaar is, met ander woorde of die plaaswerkers en die boere in vrede saamwerk en of daar struwelinge tussen hulle was. Daar is ook veldnotas gemaak oor nieverbale gedrag tydens onderhoude wanneer sekere kwessies ter sprake gebring is. Ek het ook my eie gedagtes en gevoelens neergeskryf wanneer ek by die huis gekom het na die dag se navorsing.

Dit was 'n uitdaging om veldnotas te neem en terselfdertyd tred te hou met alles wat die deelnemers sê. Die onderhoude is digitaal opgeneem en daar is 'n foto van elke

fokusgroep geneem wanneer die onderhoude klaar was. Dit het my gehelp om hulle gesigte te onthou wanneer die data getranskribeer is. Die onderhoude is in Afrikaans gedoen aangesien die meeste deelnemers Afrikaanssprekend is. Die temas wat in die onderhoude gedek is, is die rol van die staat, paternalisme, arbeids- en verblyfregwetgewing, hoe verhoudings op plase oor tyd verander het en die moderne plaasopset.

Ek het in die weke voordat ek met my veldwerk begin het voorlopige waarneming op plase gedoen. Dit het my toegelaat om in die proses die vrae wat ek wou vra te verfyn en te herformuleer. Aan die begin van die navorsing was daar vooraf opgestelde vrae, maar soos die studie verloop het en soos my insigte verdiep het, is nuwe vrae ontwikkel vanuit die antwoorde van die deelnemers. Daar is voor die tyd 'n skedule ontwikkel vir die semi-gestruktureerde onderhoude wat met die boere en plaaswerkers gevoer is.

Aangesien ek by 'n boer in die huis gebly het tydens die data-insamelingsproses en ook met die opskryf van die tesis, het ek die gevaar geloop om hoofsaaklik boere se perspektief in te sien. My ma, pa en vriende van my ouers wat op die plaas kom kuier het en my na my navorsing uitgevra het, het oor die werkers gepraat vanuit hul eie perspektief. 'n Onderhoud met een van die boere wat oorspronklik ongeveer 'n uur lank moes duur, het drie ure geword. Die boere het my soveel meer goed uit hulle perspektief vertel as wat ek verwag het. Al hierdie gesprekke het veroorsaak dat ek meegevoer is deur hoe die boere die verhoudings op plase beoordeel. Alhoewel dit waardevol was om dit alles vanuit die boere se perspektief te hoor, het dit tot spanning gelei omdat dit veroorsaak het dat ek gesukkel het om balans in my studie te behou. Dit was vir my moeilik om afstand te kry van die boere se perspektiewe. Ek het begin beseef dat ek die heelyd na "goeie boere" en "swak boere" verwys, soos wat die boere dit self gekonstrueer het. Dit het veroorsaak dat ek die gevaar geloop het om die werkers deur die boere se sienings te beoordeel. Alhoewel ek aan die begin van die studie beseef het dat ek die meeste dinge vanuit die perspektief van die boer verstaan, het ek, terwyl ek met die bevindings besig was, probeer sin maak van my teorie. Ek het al hoe meer bewus geword van die teorie sodat ek die fokus van my studie kon hou op die konstruksie van die verhoudings uit sowel die perspektief van boere as van plaaswerkers.

Alhoewel daar afsonderlik en individueel met elke boer gepraat is, is daar besluit om eerder fokusgroepe met die plaaswerkers te doen. Die rede hiervoor is dat ek die plaaswerkers wou motiveer om met my en met mekaar te kommunikeer en ook omdat hulle waarskynlik meer openlik gedurende groepsonderhoude sou gesels. Ek het uit my honneursstudie geleer dat dit moeilik is om rapport met plaaswerkers te bewerkstellig, deels as gevolg van hoe werkers my waarneem, naamlik as 'n jong, blanke vrou, dogter van 'n boer en van 'n meer gegoede afkoms as hulle. Om 'n fokusgroep met die plaaswerkers te doen was dus die beste opsie vir hierdie spesifieke navorsing. Die onderhoud met elke fokusgroep is begin deurdat elkeen iets van hom-/haarself vertel en daar is ook vir hulle algemene vrae oor die plaas gevra. Wat die plaaswerkers in elke fokusgroep gemeen gehad het, is dat hulle almal vir dieselfde boer op die spesifieke plaas werk. Die feit dat al die plaaswerkers in elke fokusgroep mekaar geken het, het verseker 'n positiewe invloed op die groep gehad omdat hulle almal met mekaar kon gesels.

Die boere op elke plaas het die plaaswerkers genader om die onderhoude op hul eiendom te voer. Een van die redes daarvoor is dat ek bewus is van die gestruktureerde

werkskedules op plase. Omdat ek die plaaswerkers tydens werksure ondervra het, kon die boere dus die werkers só kies dat tyd bespaar word. 'n Tweede rede is dat die boere hul plaaswerkers beter ken as ek, en weet watter werkers gemakliker in my teenwoordigheid sal wees en met my sal gesels. Uit vorige navorsing weet ek dat werkers nie maklik praat nie. Dat boere self die plaaswerkers geïdentifiseer het, kan moontlik as 'n eensydigheid in die studie beskou word, aangesien die vraag bestaan of daar nie 'n bewustelike besluit was om sekere werkers uit te sluit nie, byvoorbeeld diegene wat meer krities sou wees, ensovoorts. Hierdie kan moontlik 'n leemte in die studie verteenwoordig, maar uit die spektrum van menings het ek tog die gevoel gekry dat dit nie noodwendig die geval was nie.

Die groepsonderhoude moes meer soos 'n informele gesprek wees eerder as wat voorafopgestelde vrae, vraag vir vraag, vir hulle gevra word. Aangesien dit 'n groeps gesprek was, het die plaaswerkers ook met mekaar gepraat en dit het die gesprek help vloei. Om verder 'n gemaklike atmosfeer te skep, is eet- en drinkgoed tydens fokusgroepe vir werkers verskaf. Vir die fokusgroepsessies is verskillende onderwerpe gekies wat spesifiek gehandel het oor die verhouding tussen die boere en plaaswerkers. Die doel was om die temas te bespreek wat deur die navorsingsagenda opgestel is, maar aangesien ek as navorser ten alle tye buigbaar opgetree het, is deelnemers toegelaat om ook oor ander onderwerpe praat. Daar is gepoog om elke lid van die fokusgroep 'n spreekbeurt te gee.

Volgens Kreuger (1998:88) moet 'n fokusgroep so funksioneer dat, tydens die bespreking, elke lid van die groep se waarneming in die bepaalde omgewing gekry word. Fokusgroepe met die plaaswerkers het my as navorser in staat gestel om 'n groot hoeveelheid interaksie oor die spesifieke onderwerp in 'n klein tydjie waar te neem. Ek het probeer om tydens die fokusgroepe nie te veel op die veldnotas te konsentreer nie, maar het eerder probeer om aan elke lid van die fokusgroep aandag te gee. Die rede waarom ek maksimum ses mense in die fokusgroep wou hê, is omdat dit makliker is om in 'n kleiner groep op elke deelnemer te fokus. Dit het meer mense die geleentheid gegee om te praat oor die verskillende temas in die navorsing (Smithson, 2009:358).

Ten spyte hiervan het die onderhoude met die werkers nie so spontaan verloop as met die boere nie. Alhoewel die feit dat ek 'n boer se dogter is, 'n poort was om toegang tot die boere te kry, het dit ook spanning in die studie veroorsaak het. Ek het besef dat juis dit vir my 'n hindernis was om met die plaaswerkers te kommunikeer. Daar was naamlik 'n sosiale afstand tussen my, as jong, blanke vrou en dogter van 'n boer, en die plaaswerkers. Dit het vir my gevoel asof ek die heelyd die boere verteenwoordig tydens my onderhoude met die plaaswerkers. Alhoewel daar voor die tyd vir die plaaswerkers eet- en drinkgoed gegee is om hulle meer gemaklik te maak, was daar steeds 'n ongemaklikheid, ten minste aan die begin van die fokusgroepe.

Teen my verwagting was die onderhoude met die boere langer as die groepsonderhoude met die werkers. Ek het voorsien dat elke onderhoud ongeveer 'n uur sou duur, maar van die onderhoude met boere het tot drie uur geduur as gevolg van die bereidheid en behoefte van boere om hul insigte met my te deel. Daar is van verskeie sonderingstegnieke gebruik gemaak om werkers te laat gesels. Ek het wel ervaar dat die plaaswerkers geleidelik deur die onderhoude meer begin ontspan en makliker met my begin praat het. Dit was opvallend dat op plase waar die verhouding tussen die boer en werkers meer gelyk voorgekom het en daar meer aandag aan plaaswerkers se

ontwikkeling bestee is, werkers sterker standpunte gehad en makliker gesels het. Op die derde plaas (Uitsig) was dit vir my opmerklik dat die plaaswerkers op 'n plaas waar ek die verhoudings as van die mees progressiewe sal klassifiseer, baie meer openlik met my oor die verhouding tussen hulle en die soms baie kwaai boer gesels het. Dit wys vir my dat die “oper verhouding” wat hierdie plaaswerkers met die boer het en die boer se investering in gemeenskapsontwikkeling, daartoe lei dat hierdie plaaswerkers meer geneig is om 'n standpunt oor 'n situasie in te neem.

Na die eerste onderhoude het ek besef dat ek kan baat vind by meer opleiding in kwalitatiewe onderhoudvoering. Die Departement van Sosiologie en Sosiale Antropologie van Universiteit Stellenbosch het, nadat ek die onderhoude op die eerste twee plase voltooi het, 'n kursus in kwalitatiewe onderhoudvoering aangebied. Ek het gebaat by die lees en bespreking van artikels en die inoefening van praktiese vaardighede en het uitgebreide besprekings met die dosent oor my probleme in die veld gehad. Die opleiding was besonder waardevol in die res van die onderhoude. Ek het geleer hoe om met verskillende deelnemers in 'n fokusgroep te werk en hoe om op antwoorde “op te tel” en daarop uit te brei. Die kursus het my daarop attent gemaak om die deelnemers se gesigsuitdrukings waar te neem wanneer hulle in 'n groep die vrae beantwoord. Die literatuur wat ek gelees het, het my geleer dat stiltes in fokusgroepe iets indirek van die groep kan weerspieël (Smithson, 2009:365). Daarom moet 'n mens nie stiltes bloot beskou as 'n aanduiding dat die fokusgroep onsuksesvol was nie, maar eerder as 'n aanduiding dat 'n kwessie aangeraak is waaroor die deelnemers nie wil praat nie, of waaroor hulle dalk geen kennis het nie. Na die opleiding oor fokusgroepe het ek meer selfvertroue gehad aangesien ek meer daarvan geweet het. Die fokusgroepe op die ander drie plase is beter hanteer en het beter afgeloop as die eerstes.

Die probleme wat ek met deelname van werkers aan die onderhoude gehad het, het weer eens bevestig dat my rol as navorser nie neutraal was nie. Dit skakel met die kwaliteit van die data wat ek ingewin het en kan as 'n beperking van die studie beskou word ten opsigte van die werkers. Ek gaan nie daarop aanspraak maak dat ek, ten spyte van verskeie pogings om toegang te kry en werklik as 'n binnestaander beskou te word, enigsins daarin geslaag het nie. Daar kon waarskynlik in hierdie studie beter insigte oor plaaswerkers ontwikkel geword het, maar die tyd was te beperk. Die manier waarop die studie aangepak is het dit nie toegelaat nie en daarom kan dit as 'n beperking beskou word. Deelnemers aan 'n studie beantwoord vrae volgens sekere “lense” en navorsers weet nie altyd wat daardie “lense” is nie. Die “lens” waarvan ek wel deeglik bewus was, is dat ek deur die plaaswerkers volkome as 'n buitestaander beskou is. In die gesprekke het ek as navorser altyd deel van die boere gevoel, alhoewel ek nie altyd deel van die plaaswerkers gevoel het nie. Ek het besonder bewus gevoel van my klasposisie (dogter van 'n eienaar van 'n plaas) en my ras (wit), terwyl die werkers kleurling en swart was. Ek was ook bewus van my posisie as student wat die werkers ondervra en dat hulle my kon beskou as iemand wat beter daaraan toe is as hulle.

3.5. Data-ontleding

Die data is tematies ontleed. Tematiese ontleding verwys na 'n metode vir die identifisering, ontleding en verslagdoening van patrone (temas) in data. Dit organiseer en beskryf die data wat versamel word en interpreteer verskillende aspekte van die navorsingsonderwerp (Braun en Clarke, 2006:79).

3.6. Etiese oorwegings

Etiese oorweging is deel van die alledaagse uitoefening van navorsing (Guillemin en Gillam, 2004:261). Belangrike etiese oorwegings vir hierdie tesis sluit in vertroulikheid van die onderhoude, anonieme verslaggewing, geen benadeling van die deelnemers nie, asook vrywillige deelname. Om die anonimiteit van die plase en sodoende die boere en werkers te verseker, word skuilname vir plase en deelnemers deurgaans gebruik. In my daaglikse interaksie met boere en plaaswerkers, insluitende op ons plaas, is die bevindings van die studie geensins met hulle bespreek nie. Daar is vooraf met die werknemers 'n tyd afgespreek om die onderhoude te voer sodat hulle werksure en inkomste op geen manier negatief beïnvloed kon word nie en ook sodat daar geen ontwrigting van enige plaasaktiwiteite was nie. Daar is gepoog om aan beide groepe deelnemers se response reg te laat geskied sonder benadeling van die deelnemers. Studies soos dié kan wel bydra tot negatiewe stereotipering. Ek het probeer om in die aanbieding van my data die fokus te laat val op die mede-konstruksie van die verhoudinge en verwagtinge van werkers en boere.

Etiese klaring vir die projek is toegestaan deur die Navorsingsetiekkomitee, Universiteit Stellenbosch. Dit was opmerklik dat die verwagting van etiekkomitees en die praktyk nie noodwendig ooreenstem nie. Boere wou, byvoorbeeld, nie die ingeligte-toestemmingsvorme teken nie omdat dit vir hulle onnodig was en sou aandui dat hulle my nie vertrou nie. Met die werkers, veral as gevolg van die sosiale afstand tussen my en "hulle", het ek besef dat die vorm 'n manier was om my woord aan hulle te gee en daardeur te wys dat hulle my kan vertrou. Dit het hopelik die vertrou in konfidensialiteit tussen my en die plaaswerkers bevestig. Die volgende hoofstuk handel oor die bevindings van die tesis waar die inhoud van die kwalitatiewe onderhoude met die landbouprodusente (boere) en die plaaswerkers bespreek gaan word.

Hoofstuk 4: Bevindings

4.1. Inleiding

Na die demokratiese oorgang in Suid-Afrika ervaar boere druk van drie kante. Eerstens is dit om sonder staatsondersteuning as ekonomiese eenhede voort te gaan, tweedens om arbeids- en verblyfregwette toe te pas en daaraan te voldoen en derdens om aan die verwagtinge van werkers te voldoen. In hierdie hoofstuk sal daar spesifiek verwys word na die verandering, die spanning en die ontwrigting in die verhoudings tussen boere en plaaswerkers as gevolg van die afname in die staat se ondersteuning aan wit kommersiële boere, asook die uitbreiding van arbeids- en verblyfregwetgewing om plaaswerkers se regte te beskerm. In hierdie afdeling gaan daar eerstens verwys word na die rol van die staat, waar die staat in die apartheidsjare 'n beskermheer van die boere was en later verander het na 'n bedreiging. Tweedens gaan die arbeids- en verblyfregwetgewing wat ingestel is om die regte van plaaswerkers te beskerm, verduidelik word. Daar gaan verwys word na die mag en beheer wat die boere verloor het as gevolg van die formalisering van arbeidsverhoudinge. Laastens gaan die plaas as 'n “familie”-opset bespreek word, asook hoe paternalisme op plaas in stand gehou word deur beide boere en plaaswerkers.

4.2. Die rol van die staat

Lipton (1989:2) stel dat die staat 'n groot rol gespeel het in die welstand van blanke boere in die apartheidsjare. Dit het daartoe gelei dat die verhouding tussen die staat en die boere 'n verhouding was wat as naby aan mekaar beskou is. Die staat is gesien as die “vaderfiguur” wat die blanke boere ondersteun. Landboubeheerrade, wat hoofsaaklik deur boere ondersteun is, het die staat verteenwoordig om die pryse van produkte wat boere geproduseer het te bepaal en te beheer. 'n Voorbeeld hiervan is die Minister van Landbou in 1970, Hendrik Schoeman, se uitsprake oor beskerming vir alle blanke boere en kleinskaalboere. Hy het aangedui dat dit die staat se taak is om diegene wat bereid is om landbou hulle lewenstaak te maak te beskerm teen “kapitaliste wat hulle wil vernietig en monopolistiese toestande” wil skep (Lipton, 1989:97). Boere was afhanklik van die apartheidstaat aangesien die staat hul besit van grond onderskryf het, hulle beskerm het teen die kompetisie van swart boere en genoegsame goedkoop arbeid aan hulle verskaf het. Daar was ook 'n besondere hegte verhouding tussen blanke boere tydens apartheid. Davies (1990:7) voer aan dat die staat deur middel van subsidies, krediet, navorsing en opleidingsfasiliteite, voorligtingsdienste sowel as 'n kwotastelsel om 'n limiet te plaas op die invoer van buitelandse produkte, die blanke boere in die apartheidsjare ondersteun het. Dit was 'n tipe ondersteuning wat byna vanselfsprekend vir die boere was en wat hulle nou in die nuwe demokratiese bedeling mis.

Die ondersteuning wat boere van die staat gekry het, het die ongelyke magsverhouding tussen boere en plaaswerkers in die afwesigheid van arbeidswetgewing wat in ander bedrywe gegeld het, versterk. Hulle het die staat as “beskermheer” beskou en het geweet dat die staat hul besluite en aksies op die plaas sou ondersteun. 'n Beskermheer word onder andere geassosieer met die uitruil van

“gunste”, waar hierdie “gunste” in baie gevalle materiaal van aard is (Abercrombie en Hill, 1976:414). Dit het die boere die mag en outoriteit gegee om te maak net soos hulle wou. Soos Scott en Marshall (2009:552) aandui, paternalisme is ’n “losweg” gedefinieerde konsep wat dikwels met sosiale verhoudings verbind word waar die dominante vennoot se houding sekere vasgestelde beginsels weerspieël. Dit lei tot ongelykheid in die werksplek waar die dominante vennoot ’n sekere vorm van mag uitoefen. Die mag wat boere in die apartheidsjare gehad het, het daartoe gelei dat hulle die lewensomstandighede van plaaswerkers beheer het en sekere van hulle aksies beperk het, of dit tot voordeel van die plaaswerkers was of nie. Aangesien boere die plaaswerkers beheer het, het hulle die meeste van die besluite vir die plaaswerkers op die plaas geneem.

Aspekte wat ’n rol onder die boere in die apartheidsjare gespeel het, was om, onder andere, aan die “regte” politieke party te behoort. Die meeste van die boere het aan die Nasionale Party (NP), die party in beheer tussen 4 Junie 1948 tot 9 Mei 1994, behoort. Derhalwe was die beheer van die party sterk in die platteland. Al het die meeste van die blanke boere die NP ondersteun, was die verhouding tussen die boere en die regering nie altyd onproblematies nie:

As jy nie aan die regte politieke party behoort het nie, het jy nie altyd al die voordele gehad van die ander nie, hoor (Jan, boer, Kwaiwater).

Alhoewel die prioriteite van die wit kommersiële boere hoog op die politieke agenda was, het die regerende Nasionale Party reeds in die 1970’s meer ondersteuning aan die stedelike sakegemeenskap gegee sodat hulle stemme in die opvolgende verkiesing gewen kon word (Lipton, 1989:108). Aangesien die Nasionale Party-regering meer aandag aan die stedelike sakegemeenskappe begin gee het, het subsidies wat die boere van die staat ontvang het, begin afneem.

Die politieke oorgang in 1994 in Suid-Afrika het ’n massiewe impak op boere en ook op die tradisionele plaaskultuur gehad. Die ou paternalistiese opset is nou deur wette en regulasies aan bande gelê. Volgens wit kommersiële boere het daar met die oorgang, en selfs ook kort voor dit, ’n tipe afstand, apatie en selfs ’n gevoel van opposisie tussen hulle en die regering begin intree. Die nuwe demokratiese bestel het veroorsaak dat werkers aanspraak kon maak op die voorwaardes van die nuwe arbeidsbeleid. Hierdie nuwe bedeling, wat anders oor ras gedink het, het plaaswerkers ’n vorm van mag gegee en die rassige outoriteit op plase begin ondergrawe. Met die politieke oorgang het die verwydering tussen die staat en die wit, kommersiële landbouprodusente al hoe groter geword.

’n Verhouding wat eens as ’n politieke vennootskap beskryf is tussen die boere en die staat het verander na een van verwydering en wedywering:

Onthou net, in die apartheidsjare was ons witmense in ’n beskermde posisie en skielik met Nelson Mandela se vrylating, het alles wat in die apartheidsjare gevestig was, daai fundamente [het] begin verbrokkel (Jan, boer, Kwaiwater).

... In die ou bestel het almal behoort aan iets. Jy behoort aan die kerk, jy behoort aan, maak nie saak watter politieke party of watter instelling nie, almal het behoort aan iets. En daai goed het verbrokkel. Oor ’n groot mate met

die oorgang van apartheid [tot] die nuwe bewind. Mense het dit as 'n bedreiging beskou en van hulle het landuit gevlug. Ander mense het weer gesê 'ag dit help tog nie meer nie', jy weet, was hulle benadering. En van hulle se benadering was dat 'ag, niemand sal vir ons tog voorskryf wat om te doen nie' (Jan, boer, Kwaiwater).

Die politieke oorgang en die verlies aan politieke mag het ook 'n impak op boerderygemeenskappe gehad:

Daar was 'n tyd [in ons dorp] wat 'n geruime deel van die politieke party (NP) die bankbestuurder, die koöperasiebestuurder en die skoolhoofde aangestel het en klaar. Anders het jy net nie op die dorp gekom nie. Soveel beheer en houvas het hulle op die dorp gehad. En jy weet toe daai goed platval, skielik toe gaan alles. En alles raak 'n bedreiging. En dit is die verskil (Jan, boer, Kwaiwater).

Boere het bedreig begin voel dat hulle geen erkenning vir hul bydrae kry nie en dat die staat met hulle in stryd is:

Daar is geen, sê luister hier, respekteer 'n slag die landbou. Nêrens ervaar ek 'well done, jy verdien 'n plekkie op hierdie aardbol of in hierdie land van ons nie' (Johan, boer, Ongegund).

Van die boere voel al werk hulle hoe hard daaraan om die "guns" van die regering te wen, hulle net nooit goed genoeg kan doen nie aangesien die regering nou 'n eensydige steun aan werkers toesê en geen erkenning aan kommersiële boere gee vir hul bydrae tot die land nie:

Daar is te veel politiek betrokke van die regering [se kant af]. Ek veg die geveg om my mense se lojaliteit te behou en my eerlikheid te bewys en elke keer as ek dink ek is nou daar, dan kry ek 'n klap in die gesig van 'jy is nie goed genoeg nie'. En dis ons grootste frustrasie. Jy [as boer] kan doen wat jy wil, jy kan hoeveel geld spandeer, jy kan hoeveel ekstra betaal, jy kan wat in plek kry om te sê maar kyk ek is op standaard, ek doen niks verkeerd nie, ek is die beste ou wat jy gaan teëkom. Dan word jy nog steeds uitgehaal as die vark in die verhaal. En [boere] raak gatvol daarvoor (Johan, boer, Ongegund).

Globale vryhandelsooreenkomste het 'n groot impak op ekonomiese sektore in Suid-Afrika gehad, veral met betrekking tot die verlies aan beskerming deur die staat. Al het globale handel wel 'n impak op plase gehad en, al was dit 'n groot oorgang vir boere, was dit, soos Terreblanche (2008:107) aandui, vir finansiële groei in Suid-Afrika noodsaaklik om politieke en ekonomiese hervorming te ondergaan deur globaal te kompeteer.

Aangesien globale aankopers streng vereistes het vir die standaard van uitvoerprodukte, is beleide opgestel om te verseker dat daar aan hierdie globale markte se standaarde en internasionale handelsooreenkomste voldoen word. Indien daar nie aan die spesifieke kriteria voldoen word nie, kan die produkte nie uitgevoer word nie. Die maatskappye aan wie die produkte uitgevoer word, vereis dit. WIETA-oudit (Wine Industry Ethical Trade Association) is 'n voorbeeld van 'n organisasie wat

monitering in hierdie verband doen. Die monitering sluit in 'n fokus op werkersregte, vergoeding en dienskontrakte.

WIETA help om globale handel te versterk en bestaan uit die monitering en die sertifisering van plaaslik gebaseerde en opgeleide mense wat kennis van die taal, kultuur en kwessies van werkers op wyn-en vrugte plase het. Ondernemings wat van WIETA gebruik maak kry die versekering dat hulle onafhanklik gemonitor word vir aanvaarbare indiensnemingstandaarde. WIETA doen onderhoude met die werkers op plase om uit te vind of daar aan die spesifieke standaarde voldoen word. Dit sorg vir gestandaardiseerde arbeidspraktyke en die mag van boere word op hierdie wyse ingeperk. Die voordele wat WIETA vir plaaswerkers inhou, is dat dit hulle die geleentheid gee om meer bewus van hul regte te wees. Die voordele wat dit vir boere gee, is dat hulle die produkte op die plaas globaal kan uitvoer (Barrientos, 2008:985).

Internasionale handelsooreenkomste het veroorsaak dat prysbeheer in Suid-Afrika verdwyn het. Die beskerming wat boere onder landboubeheerrade geniet het, het verval en het groter klem op effektiwiteit geplaas en die noodsaaklikheid om mededingend met ander lande te wees. Werkgewers op plase moet nou die koste van produksie sny sodat hulle steeds 'n wins kan maak in die globale mark. Dit veroorsaak dat uitgawes aan lone beperk moet word en minder permanente werkers dus aangestel word. Daarmee saam is daar druk van die staat vir die betaling van minimum lone en vakbonde wat druk vir hoër lone. Dit bring mee dat plaaswerkers in kwesbare posisies geplaas word omdat hulle dan minder werkersekuriteit geniet. Soos Ewert en Hamman (1999:204) aandui, "labour becomes to be revalued on a global scale, eventually becoming the weakest link in the new regime of international accumulation".

Boere moet sonder subsidies van die staat kompeteer met produkte van ander lande in die globale mark. Meganisasie as inkorting van die arbeidsrekening is 'n opsie wat sommige boere reeds geïmplementeer het met die gevolglike verlies aan werksgeleentheid:

In die graanbedryf spesifiek kyk ons na meganisasie. Ons plant dalk nog presies dieselfde hoeveelheid koring, maar meer kanola en lupine [en] minder skape wat arbeidsintensief is. So ek raak ekonomies gedwing om daardie besluite te neem. Want die regering is nie landbouvriendelik [teenoor my] nie, so ek het nie beskerming teen die invoere nie. Ek moet kompeteer teen onbeskermdede invoere van koring. Dan nou spesifiek in die geval en vleis van Australië, Kanada, Brasilië en Argentinië. Dan moet ek ook gaan kyk hoe boer daai boere. As ek wil oorleef en kompeteer met [hulle], dan moet ek boer soos [hul] boer. Dan moet jy aanvaar [hulle] het nie arbeid nie. So wat is die eerste boodskap wat ek kry? Jy gaan moet arbeid uitskakel uit jou sisteem uit. Watter impak het arbeid op my eie [plaas]? Ek het self so 'n kort studietjie gedoen. Dit is so tussen 5 en 7% van my bruto inkomste. So as ek arbeid verminder, het ek 5 tot 7% van my netto boerderyinkomste. [Om te meganiseer] sou in elk geval deel van my normale vervanging geword het. En dit gaan 'n groot impak hê (Jan, boer, Kwaiwater).

Jan (boer, Kwaiwater) sê dat van die boere nou daarvan beskuldig word dat hul meganiseer om arbeid te vervang, terwyl dit volgens hom nie die volle waarheid is

nie. Hy sê dat hy nie regtig 'n keuse het as om te meganiseer vir die toekoms van die graanbedryf waarin hy is nie omdat die regering hom nie teen die globale mark beskerm nie. Dié verlies aan subsidies lei daartoe dat boere in sommige sektore waar meganisering moontlik is, werkers met masjiene vervang.

Suid-Afrika se transformasie na 'n demokratiese bestel wat in 'n globale mark moet meeding en aan internasionale handelsvoorwaardes moet voldoen, het gelei tot onsekerheid onder die boere en plaaswerkers. Boere voel asof hulle daardie “beskermheer” wat die staat vir hulle in die verlede was verloor het. Die verhoudings vir boere het getransformeer na “ons” en “hulle” en daar het 'n wig tussen die twee partye ontstaan. Daar is nuwe vereistes aan boere gestel sonder ondersteuning van die staat. Omdat boere en plaaswerkers verskillende persepsies en verwagtinge het, het rol-verwarring op plase ontstaan. Boere en plaaswerkers is onseker oor die rolle wat hulle in die nuwe demokratiese era moet speel en ook oor die verwagtinge van mekaar.

Maar die boere het nie slegs die staat as 'n “beskermheer” verloor deur die vermindering van subsidies, deelname, aan globale markte of voldoening aan internasionale handelsvereistes nie. Die uitbreiding en formalisering van arbeids- en verblyfregwetgewing het ook 'n impak daarop gehad. Die veranderinge in wetgewing het ongeveer dieselfde tyd plaasgevind as wat daar van plase verwag is om onbeskermd in globale markte mee te ding. Dit gaan volgende bespreek word.

4.3. Die uitbreiding van wetgewing en die impak daarvan op verhoudings op plase

Die uitbreiding van wetlike beskerming het veroorsaak dat plaaswerkers meer regte en mag op plase gekry het en dat boere se mag verminder het. Die veranderinge in arbeids- en verblyfregwetgewing op plase het daartoe gelei dat 'n diskoers van “gunste” tussen boere en plaaswerkers met een van regte ontwig is (Orton, Barrientos en McCleanhan, 2001:473). In hierdie afdeling gaan daar eerstens verwys word na die boere en plaaswerkers se menings ten opsigte van die uitbreiding van arbeids- en verblyfregwetgewing na plaaswerkers toe. Daarna gaan plaaswerkers se reg om aan vakbonde te behoort bespreek word.

4.3.1. Boere en plaaswerkers se menings oor die uitbreiding van wetgewing

Alhoewel daar erkenning van landbouprodusente se kant is dat die uitbreiding van arbeidswetgewing na plase noodsaaklik was, verwys hul ook na die negatiewe impak daarvan. Boere wys op die spanning en ontwigting wat in die verhouding tussen hulle en die plaaswerkers ontstaan het sedert wetgewing uitgebrei is na plase toe. Daar het ook wantroue in die verhouding tussen boere en plaaswerkers ontstaan. Volgens Orton, Barrientos en McCleanhan (2001:470) bestaan die paternalistiese verhouding daaruit dat, indien die werkers gehoorsaam en betroubaar is, daar na hulle gekyk en vir hulle gesorg sal word. Net soos 'n pa na die kinders in die gesin omsien. Werkers wat gedissiplineer is, word bevoordeel en kry belonings, maar werkers wat nie die boer se reëls nakom nie en daarteen protesteer word op sekere maniere gestraf.

Die dissipline wat die boer kon uitoefen in die tradisionele opset word ondergrawe deur modernisering en formalisering. Johan (boer, Ongegund) sê dat dit in die verlede

baie anders op plase was as wat dit nou is. Hy dui aan dat daar tans as gevolg van die veranderde wetgewing minder wedersydse respek tussen boere en plaaswerkers is en minder dissipline onder plaaswerkers:

Daar was definitief [meer respek op plase in die verlede]. [Vandag] kry jy daai vorm van “ek begin al hoe minder respek vir my meerdere hê, vir ouderdom, vir enige vorm van struktuur”. In die verlede was daar vir my baie meer wedersydse respek oor “wie is jy? Wat doen jy vir my? Wat het jy vir my gedoen?”. Of dit dalk afgedwing was, ek weet nie. Of onder ’n gesagstruktuur inforseer was, ek vra [self] die vraag. Ek begin [die respek] al hoe meer te mis. Want [die] wetgewing het nie respek nodig nie. Ek kom agter dat die permanente werkers definitief houdings het van, “jy mag nie vir my kom vertel nie, jy kan nie vir my kom vertel nie, die wet sê so”. Die gevoel wat ek van die plaaswerkers af kry is al hoe meer van “ek daag jou uit want die wet gaan my beskerm” (Johan, boer, Ongegund).

Sedert werkers hulle op arbeidswette kan beroep, voel dit vir Johan (boer, Ongegund) asof sy plaaswerkers nie meer na die “ouerfiguur” (boer) luister wat vir hulle struktuur bied nie. Hy voer aan dat hy nie meer die plaaswerkers kan beheer nie aangesien “hulle maak soos wat hulle wil”.

Johan (boer, Ongegund) voel dat die staat “eerder moet regverdig wees teenoor beide die boere asook die plaaswerkers, want die plaaswerkers kan maak soos wat hulle wil en word nie beheer nie”. Die mag wat die staat vir die plaaswerkers gee, laat die boere voel dat hulle mag ondermyn word en daarom kan hulle nie meer die plaaswerkers dissipleneer soos voorheen nie:

Ek sien die wet in twee kante. Hy het ’n werknemerskant en ’n werkgewerskant. Ek word baie gekontroleer, ek word geoudit, Departement Arbeid kom besoek ons oor hoe pas jy daai bladsy toe van die werkgewerskant af. En as ek nie daarvolgens handel nie dan word ek wetlik verplig of ek word gedissiplineer [volgens die wetgewing]. Die werknemer maak nog steeds nes hy lus het. En as hy nie aan die [wet] wil voldoen nie, dan doen hy nie. Dis hoekom ek sê die toepassing aan die anderkant word glad nie gekontroleer nie. En ek moet my prosedure 110% nakom en [die plaaswerkers] het nie ’n saak met die prosedure nie (Johan, boer, Ongegund).

Volgens die plaaswerkers op die plaas Ongegund het hulle ouers in die verlede nie baie regte op die plaas gehad nie en daarom is hulle bly dat daar nou wetgewing is wat hulle beskerm:

Hulle (plaaswerkers se ouers) kon nooit sê wat hulle voel nie. As iets verkeerd was, dan kon hulle mos nooit gesê het maar dis verkeerd nie. Hulle moes altyd gevoel het hulle is verkeerd (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Ek hou van die wet (Ricardo, plaaswerker, Ongegund).

Vir Jan (boer, Kwaaiwater) en sy seun het die nuwe bedeling skielik spanning in hul verhouding met werkers laat opduik. Nuwe verwagtinge het onder die werkers

ontstaan, soms ook onrealistiese verwagtinge, gepaardgaande met waninterpretasies en wanbegrip van die nuwe regte wat ook soms tot wantroue aanleiding gegee het:

Daar is min van ons wat nie êrens met 'n stokkie wakker geword het nie. In ons eie geval, in die boerdery, was ek onder die indruk dat ons 'n baie goeie verhouding het. En ek het op daardie stadium een van my ou plaaswerkers gehad wat afgetree het. En soos die normale gebruik was, het hy hier gebly en hy het aangegaan. Soos normaal het hy maar ligte werkies en goed gedoen waarvoor hy nou in die meeste gevalle dan nou 'in kind' in die vorm van kos en goed vergoed was. Sy krag en water was betaal en hy het dan nou hier gebly. Hy het dan nou wel ook 'n staatspensioen gekry. Maar wanneer hy dan nou meer voltyds gewerk het was hy vergoed as 'n tydelike werker.

... Ongelukkig, en dit was my "wake-up call", daardie spesifieke geval, want hy was so tien of twaalf jaar hier by my gewees. Sy kinders is vandag nog by my. Die jonger geslag, en dit was 'n dogter gewees wat saam met hulle daar gebly het, sy het die wet totaal anders geïnterpreteer. Daar was stygende verwagtinge aan die kant van werkers en hul gesinslede, wat nie noodwendig met die wet ooreenstem nie. Dit lei na konflik wat die produsent moet bestuur en lei daartoe dat die verhouding meer bevraagteken word. Sy het gedink dat hy moet op 'n volle vergoedingspakket aanbly. Daai tipe ding en dan hoef hy nie te werk nie. Dit is die persepsie wat hulle gehad het. So op die ou einde van die dag het die wet by baie van ons werksmense persepsies of verwagtinge geskep. Wat in 'n arbeidsverhouding of arbeidswetgewing definitief nie so werk nie. En dit het my laat besef dat ons verstaan dalk nie mekaar so goed in hierdie spesifieke gedeelte nie. Want ek dink ek doen baie goed met wat ek met hulle doen, maar hulle verwagtinge is iets anders. Hulle het verwagtinge gehad van, ek weet nie presies wat nie (Jan, boer, Kwaaiwater).

Abercrombie en Hill (1976:419) verwys na die wedersydse verpligtinge wat in 'n paternalistiese opset tussen die werkgewer en die werknemers bestaan. Uit die bogaande aanhaling is dit duidelik dat Jan (boer, Kwaaiwater) paternalisme toepas deur die "verpligting" wat hy teenoor die afgetrede werker "volgens tradisie nagekom" het. Beide boere en werkers ervaar onsekerheid as gevolg van die verandering en boere verwys na die vermindering van hul gesag oor werkers op die plaas:

Jy het elk geval nie meer beheer oor hulle nie [en] dit is waaroor die meeste konflik gaan (Jan, boer, Kwaaiwater).

Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) het die verandering in wetgewing die verhouding tussen hom en sy werkers negatief beïnvloed en het dit veroorsaak dat daar 'n ommeswaai op plase is:

Daar is verseker 'n meer negatiewe invloed, want ek self was teleurgestel. Ek het gedink dat ons 'n baie goeie verhouding voor die wetgewing het. Skielik toe die ding geïmplementeer word, toe kom ek agter dat hier is verwagtinge wat nie deel van my raamwerk is nie. En hoe jy dit gaan aanspreek, weet ek nie. Ek dink ons het 'n voor-1994-arbeidsverhouding en 'n post-1994-

verhouding. Skielik was dit die arbeidswetgewing en om kontrakte op te stel, dit was vir ons vreemd (Jan, boer, Kwaaiwater).

Alhoewel Jan (boer, Kwaaiwater) die wetgewing meer negatief as positief ervaar, is daar plaaswerkers op sy plaas wat voel dat die wetgewing 'n "goeie ding was wat ingekom het":

Vir my is dit nou eintlik baie beter so. Daai tyd mag jy mos nou nie jou sê gesê het nie. Nou kan jy mos maar (Samuel, plaaswerker, Kwaaiwater).

Ja, dit is baie beter (Manie, plaaswerker, Kwaaiwater).

Volgens die plaaswerkers op die plaas Goedgesind is daar baie "veranderinge" as gevolg van die wetgewing:

Ons word oortyd betaal en as ons oortyd werk, dan kry ons daai geld. Ons werk mos net tot Vrydae toe en as hy vir ons vra om naweke te werk, dan werk ons en daarvoor word ons betaal (Christoffel, plaaswerker, Goedgesind).

Daai tyd was dit nog nie so nie (Hendrik, plaaswerker, Goedgesind).

Ja, ons voel meer gemaklik nou. Jy is nie meer te bang om saam met jou werkgewer te praat nie. In daai tyd het baie boere as jy hom 'n ding gevra het, dan skud hy jou af. In die apartheidsjare was dit nou nie soos vandag nie. Dit is nou beter (Christoffel, plaaswerker, Goedgesind).

Volgens die plaaswerkers op die plaas Welverdiend is hulle nou met die verandering van wetgewing meer bewus van die arbeidswette:

Daar is baie dinge soos [waarvan ons nou weet], ons het nie geweet daar moet gesondheidsmense wees nie, veiligheid en daai, ons het nie van daai goed geweet nie. Maar weens die wet is ons nou bewus van daai goed, so hulle maak ons bewus daarvan (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

4.3.2. Vakbonde

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66) van 1992 gee erkenning daaraan dat plaaswerkers die reg het om aan 'n vakbond te behoort. Dit maak voorsiening vir vryheid van assosiasie wat deur die Grondwet beskerm word en gee die formele reg aan plaaswerkers om aan vakbonde, unies en enige ander assosiasies te behoort. Vakbonde het die reg om te onderhandel en wettige stakings uit te roep. Stakings is gewoonlik die laaste opsie as onderhandeling nie werk nie (Van Rooy, 2013:108). Die meerderheid van die boere in hierdie studie het 'n negatiewe siening oor vakbonde en voel dat verhoudings op plase negatief beïnvloed word daardeur. Dit dra by tot wedersydse wantroue tussen boere en werkers:

Verlede jaar het die vakbond FEDUSA (Federation of Unions of South Africa) by ons betrokke geraak. En dit is die mees ongewenste ding wat jy kan kry op 'n plaas. Want die totale verhouding tussen werkgewer en werknemer word totaal vertroebel deur 'n negatiewe propaganda wat so 'n vakbond man [instel].

Hy kom vertel vir hulle hoe benadeel hul is en hoe mishandel hulle word en hoe hulle geviktimiseer word, verbaal en wat ook al. So die verhoudinge raak totaal onuithoudbaar. Jy kan glad nie [so werk nie]. Dit is onmoontlik om eintlik [so] te boer (Frik, boer, Goedgesind).

Wanneer daar dispute op plase kom oor vakbonde, is van die boere se eerste reaksie om plaaswerkers se informele voordele, soos vervoer, van hulle te ontnem. Dit toon dat die boere steeds deur middel van die voordele wat hulle aan die werkers gee in beheer is en ook in beheer wil wees:

Ongelukkig toe die vakbond betrokke raak het [ons] al daai voordele weggenem. Maar toe op die ou einde is almal toe afgedank, wat nou nie wenslik was nie en wat ons nou nie sou wou gehad het nie. Maar die omstandighede het daartoe gelei. [Ons] het nou 'n totale nuwe span en hulle werk baie lekker saam. So dit het nou eintlik aan die einde ten goede uitgewerk (Frik, boer, Goedgesind).

Volgens Johan (boer, Ongegund) het werkers heeltemal 'n “wanpersepsie van 'n vakbond”. Hy sê dat “wanneer 'n vakbond by die deur instap, verhoudings by die agterdeur uitstap”. Die plaaswerkers op Ongegund sê dat hulle nie aan vakbonde behoort nie, deels omdat hulle bang is vir wat die boer se reaksie kan wees:

Ek het nou al gehoor van die vakbonde. Maar daai maak dat die plaaswerkers weggejaag word van die plaas af (Schalk, plaaswerker, Ongegund).

Daai werkers wat vanaf die plaas weggejaag was omdat hulle aan 'n vakbond behoort het, sit nog altyd diep in die skuld daar [in die dorp]. Hulle het nou nog nie huise nie (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Dis wat gebeur het toe die mense aan 'n vakbond behoort het (Schalk, plaaswerker, Ongegund).

Maar toe ek weer hoor toe moet die mense gaan wat aan 'n vakbond behoort het (Bella, plaaswerker Ongegund).

Die mense wat by die vakbonde betrokke gewees het, almal moes gaan en koebaai (Ricardo, plaaswerker, Ongegund).

Van die werkers op Welverdiend sê dat dit ongemaklik was tussen hulle en die boer toe die vakbonde op die plaas betrokke was:

Toe hier 'n vakbond gewees het, was die boere baie styf. Dit is asof hulle “drip” op jou. Enige voet wat jy verkeerd sit. Hulle was wakker gewees en daai klas goed (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Gustav (boer, Welverdiend) dui aan dat hul eerste reaksie was om “terug te trek” toe die vakbond op die plaas opdaag. Volgens hom het die vakbonde nie bygedra tot 'n wen-wen-situasie nie en doen hulle niks vir die werkers nie:

Ek weet die vakbonde is kansvatters. As hulle 'n diens gelewer het, en ek bedoel FAWU (Food and Allied Workers Union) wat ons gehad het, dis 'n groot vakbond. En hulle maak helse geraas maar hulle het niks, niks, niks, niks gedoen vir die werkers nie. Dan sit ons hier en dan moet ons lone onderhandel. Dan daag hulle nie eers op nie. Dan vra ek vir my werkers daarvoor en dan is hulle skaam. En dan sê ek ja mense ons kan nie so aangaan nie. Hulle het so 'n swak diens gelewer dat die mense net [nie weer deel was daarvan nie] (Gustav, boer, Welverdiend).

Die stakings op plase in 2012 en 2013 het 'n groot invloed gehad op boere en plaaswerkers se menings van vakbonde. Die feit dat van die stakings steeds voortgeduur het nadat COSATU dit amptelik gestop het, toon dat die stakings nie noodwendig as gevolg van vakbonde plaasgevind het nie. Dit het ook veroorsaak dat van die boere sowel as die werkers nie meer geloof in die vakbonde het om die kwessies van plaaswerkers te verteenwoordig en te verdedig nie (Hattingh: 2013).

Gustav (boer, Welverdiend) en die plaaswerkers het 'n ooreenkoms aangeaan om eerder 'n werkerskomitee op die plaas te stig as wat daar 'n vakbond is waaraan die plaaswerkers behoort. Hierdie skuif verteenwoordig 'n taktiek om beheer oor werkers binne die grense van die plaas te hou. Dit gee wel aan die werkers 'n mate van agentskap, maar deur direkte kontak met die boer, en nie deur tussengangers of verteenwoordigers buite die plaas nie. Volgens Miller (1999:349) is 'n werkerskomitee se doel om vakbonde te ontduik. Hy stel dat Europese werkerskomitees beskou word as 'n leerorganisasie wat bewustheid skep onder diegene wat betrokke daarby is en wat ook solidariteit en multi-kulturalisme in die groep bevorder. Die kernbeginsels van 'n werkerskomitee fokus op onafhanklikheid, organisatoriese sekuriteit, deursigtigheid, aanspreeklikheid, die reg op verteenwoordiging en gelykheid. Dit gee die werkers die geleentheid om hulle eie persoonlike belange in die groep te deel, alhoewel dit 'n impak het op die bedingingsmag op plase.

Die plaaswerkers van Welverdiend beskou 'n werkerskomitee as 'n kanaal van kommunikasie waar hulle oor hul probleme, of enige iets wat hulle pla, met die boer kan kom gesels:

Kyk, in die verlede was hier mos 'n vakbond, nè. Nou, ons het nie meer die vakbond nie. Ons het nou 'n werkerskomitee. Ons kan met die boer gaan praat, maar ons moet net afsprake maak (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Gustav (boer, Welverdiend) dui aan dat die werkerskomitee daar is om die probleme op die plaas op te los en om die plaaswerkers te organiseer. Hy verduidelik dat dit 'n boer se eie plig is om verhoudingsprobleme op plase uit te klaar en dat daardie werk nie "vir iemand anders gegee kan word nie". Die feit dat die boer voel dat hy self die probleme op die plaas moet hanteer en oplos en ook 'n werkerskomitee vir sy plaaswerkers gestig het waar hulle met hom oor hul probleme kan gesels, toon dat hy steeds in beheer wil wees in die verhouding tussen hom en sy plaaswerkers. Die werkerskomitee gee die boer die geleentheid om nog altyd mag en beheer oor die werkers uit te oefen en om vakbonde op die plaas te verhoed. Dit is vir die boer geriefliker om die werkers so te beheer en te dissiplineer as wanneer die werkers die

mag het om by 'n vakbond aan te sluit om die dispute tussen hulle en die boer op te los.

Alhoewel die formulering en instelling van arbeids- en verblyfregwetgewing veronderstel is om die boere se mag te verminder, gebeur dit dus nie altyd so nie. Die voorbeeld van die werkerskomitee wat Gustav (boer, Welverdiend) en sy werkers ingestel het om die probleme op die plaas op te los, toon duidelik dat daar boere is wat ongeag wetgewing wat die plaaswerkers bemagtig steeds beheer oor die werkers op die plaas uitoefen. Die potensiaal vir manipulering is ook duidelik daar, soos deur Gustav (boer, Welverdiend) aangedui. Die boere manipuleer die wetgewing sodat hulle steeds aan die wetgewing voldoen, maar ook steeds beheer het op die plaas.

Alhoewel die moontlikheid vir die boere om paternalisties op te tree beperk is, het Ewert en Hamman (1999) na die demokratiese oorgang in 1994 bevind dat sekere omstandighede op die plaas steeds dieselfde is as in die verlede. Ten spyte van die modernisering van arbeidsverhoudinge bly die verhoudings op plaas paternalisties. Plaaswerkers is nog net soos in die verlede afhanklik van materialistiese hulpbronne wat hulle van die boer kry om 'n bestaan te maak. Dit vorm vir my die ankers om omtrent twintig jaar later na ekonomiese formalisering te gaan kyk en hoe paternalisme op plaas figureer.

4.4 Die plaas as 'n “familie”

Kritzinger en Vorster (1997) beklemtoon die ideologiese konsepsie van die “plaas as 'n familie”. Die “plaas as 'n familie” word primêr hiërargies beskou – 'n situasie waar die werkers as die “kinders” beskou word wat steeds van die boer afhanklik is. Abercrombie en Hill (1976:420) wys daarop dat paternalistiese verhoudings in 'n organisasie bestaan uit die oordrag van familieverwante beginsels en afhanklikheid. Du Toit (1993:320) stel ook in sy navorsing dat die frase “om deel van die plaas” te wees deur boere sowel as plaasbestuurders gebruik word.

Alhoewel uitgebreide wetgewing probeer om die eiemagtige of willekeurige aspekte van paternalisme te beheer, is daar van sowel die boere as die werkers druk om die tipe verhoudings te handhaaf. Uit gesprekke met boere is dit duidelik dat die oortuiging om hul plaas as sowel 'n “familie” en besigheid te bedryf nie noodwendig teenstrydig is nie. Tog blyk dit as hulle na die nuwe wetgewing verwys dat daar wel konflik tussen hierdie oortuigings is, beide vir boere en werkers. Alhoewel die verhouding tussen boere en werkers 'n formele dienskontrak behels en daar verskeie wetlike aspekte is wat hul verhoudings moet reguleer, is daar steeds “familieverwante” verwagtinge van beide kante van die verhouding. Dit is in hierdie dimensie waar die paternalistiese verwagtings sigself die beste uitspeel.

Daar is sekere verantwoordelikhede en verwagtinge van die “vaderfiguur” in die “plaas-familie”. Volgens die definisie van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (1987:825) verwys paternalisme in werksomgewings na die “uitoefening van, kontrole oor of sorg vir onderdane op 'n vaderlike manier ... sonder om hul enige seggenskap te gee oor hul eie sake.” Dit sluit in die beginsels van 'n regering wat onderneem om te voorsien in die behoeftes van sy onderdane en hulle gedrag te reël in verband met sake wat hulle as individue raak. Boere is van mening dat net soos in tipiese gesinne daar verwagtinge is dat die vaderfiguur voorsiening sal

maak vir opvoeding, gesondheid, godsdien, opleiding, finansiële sekuriteit en advies, asook behuising vir hul “kinders” (die plaaswerkers). Daarom word die plaas as ’n organiese geheel beskou. Beide die boere en die plaaswerkers is deel van die geheel of die familie, alhoewel almal verskillende regte daarin het. Boere glo dat hulle moet leiding gee in die organiese geheel juis omdat hulle die verantwoordelikheid op die plaas moet neem. Alhoewel bemagtiging onder plaaswerkers plaasgevind het, het hulle steeds die verwagting dat die boere (die vaderfiguur) hulle moet ondersteun, net soos “kinders” verwag dat die “pa” hulle in ’n gesin moet ondersteun (Du Toit, 1993:316).

Hierdie verwagtinge word aan albei kante gekonstrueer en in stand gehou deur die intieme verstrengeling van werk- en lewensruimte, voortdurende afhanklikheid van werkers (en tot ’n minder mate dié van boere) en omdat werkers nie heeltemal op die staat kan staatmaak om in hul behoeftes te voorsien nie. Dit is die geïnstusionaliseerde plaaskultuur waarna daar verwys word. Die werkgewer en die werknemer is saam in die familie-opset om die besigheid te laat werk en om ’n wins te maak, alhoewel dit nou in die nuwe demokratiese era werknemers versus werkgewer is.

Volgens Herman (boer, Uitsig) hang die sukses van ’n besigheid af van hoe dit bestuur word. Met ander woorde daar moet in elke besigheid iemand wees wat die besluite en die verantwoordelikheid neem en in die geval van ’n plaas-besigheid, is dit die boer. Al pas hy streng reëls en dissipline toe op die plaas, beskryf hy die verhouding tussen hom en sy werkers steeds as ’n “plaas-familie” en “staan sy deur altyd oop vir die werkers” (al is daar al verskillende wetgewings wat hom beperk):

Ek dink [die verhouding is] goed. Persoonlike opinie, goed. Maar as ek sê donner, dan donner ek steeds. Hier is net een baas op die plaas. Ek het vir hulle veertien dae terug gesê, “daar is net een reël en dit is my reël”. Ek het niks met ’n regering of niks te doen nie. Ek bly binne die wet, maar hier doen jy soos wat ek sê (Herman, boer, Uitsig).

... 90% of 95% van die mense val in daarby, dit is by hulle 100% [reg]. Hulle weet waartoe ek, of nie ek nie, waartoe ons op pad is. So hulle werk saam. Daar is ’n paar wat [nie wil saam werk nie], en dis wat dit vir jou ongemaklik maak. Wat by ons ’n voordeel is, my deur is oop. ’n Ou moet praat, ek het ’n ’n oop deur (Herman, boer, Uitsig).

Net soos Du Toit (1993) wat impliseer dat die boer die finale woord op die plaas het terwyl die plaaswerkers sekere verpligtinge moet nakom, sê Herman (boer, Uitsig) ook dat die reëls op sy plaas steeds is soos wat dit in die verlede was en neem hy nog altyd die finale besluite op die plaas:

Dis partykeer voornaamterme, maar ek bly hulle “meneer”. Hettie (boer se vrou) bly hulle “juffrou”. Ek bly die baas, en nie as “baas baas” nie, maar ek bly hulle baas. Ek neem die besluite (Herman, boer, Uitsig).

Die verwysing na Herman (boer, Uitsig) as die “baas” en sy vrou as die “juffrou” dui die afstand tussen boer en werker, die gesag van die boer oor die werker en die ongelykheid in die verhouding tussen hulle aan.

Johan (boer, Ongegund) gee ook 'n voorbeeld waar hy as werkgewer die “finale besluit” moet neem in die “bus wat hy ry” omdat hy as boer die dissipline moet handhaaf en die verantwoordelikheid moet neem:

Ek het 'n bus wat ek ry. Ek weet waarheen gaan daai bus. Ek sal vir hom sê hoe vinnig hy ry, ek sal vir hom sê by watter stopstrate hy stop, ek sal vir jou sê wat jy betaal en ek sal sommer soms partykeer vir hom sê waar hy sit ook. Jy kan eintlik besluit waar jy wil gaan sit, maar die sleg is elke sitplek het 'n ander prys. Elke werk het 'n ander prys. As jy met daai bus wil saamry, ek is die ‘driver’ en die kontrakteur en alles in daai [bus]. Ek moet sorg dat [die bus] op die pad bly. En dis hoe ek nou maar my dissipline probeer afdwing (Johan, boer, Ongegund).

Bogenoemde stellings van Herman (boer, Uitsig) en Johan (boer, Ongegund) toon aan dat die werkgewer steeds beheer op die plaas neem deur die finale besluit te neem, soos 'n pa 'n finale besluit vir sy kinders neem wanneer hy die verantwoordelikheid moet dra vir die uitkomste van die besluit. Maar, aangesien dit die boere se plaas is, is dit hul rol om die verantwoordelikheid te neem vir besluite en is daar min tekens van deelnemende bestuur.

4.4.1. Vergunnings en nuwetlike beheer

Abercrombie en Hill (1976: 417) verduidelik dat beheer in die paternalistiese opset veel wyer strek as net die werknemer. Die eienaars van die ondernemings waarna hulle verwys moes 'n manier vind om die arbeiders aan die spesifieke tipe werk te bind sodat hulle seker sou wees dat die arbeiders in die werk aanbly. Hulle het dit gedoen deur die werknemers afhanklik te maak deur die voorsiening van materiële toekennings, byvoorbeeld, behuising, onderwys, opleiding en mediese fasiliteite. So het hulle groter beheer oor die werknemers en produksieproses gekry en die werknemers aan hul werk gebind.

Scott en Marshall (2009:552) bevestig dat boere in die verlede beheer gehad het oor omtrent elke aspek op die plaas. Dit sluit in van die beweging op die plaas, tot die arbeidsmag van manlike werkers, hulle vrouens en hul kinders. Beheer gaan gepaard met dissipline en nie net is beheer en dissipline in die werkplek toegepas nie, maar ook op die plaaswerkers se lewensomstandighede, hulle gesinne en lewenstyl. Die streng dissipline en beheer wat in die verlede deur die boere op plaase toegepas is, is nie heeltemal deur wetgewing aan bande gelê nie, maar berus steeds in die hande van boere.

Al het hedendaagse wetgewing 'n invloed op die besondere mag wat boere oor plaaswerkers gehad het, voorsien hulle nog altyd in sekere behoeftes van werkers (Devereux en Solomon, 2011:7). Dit is die oorblyfsels van die paternalistiese verhouding waar boere die keuses maak en die werkers aanspraak maak op die voordele wat die boere aan hulle bied. Die situasie hou sekere voordele vir die plaaswerkers in, maar veroorsaak ook dat die boere nog altyd beheer oor die plaaswerkers het. Hierdie voorsiening wat deur boere gekonstrueer is as verpligting teenoor die werkers, het bygedra tot die totale beheer wat boere nie net oor die werksmag gehad het nie, maar ook oor die lewens van hulle werkers. Alhoewel die

vergunnings wat die boere aan die plaaswerkers gee as voordele beskou word, kom dit ook met 'n prys.

Ten spyte van al bogenoemde argumente verwys feitlik al die deelnemers in hierdie studie na die paternalistiese verhoudings op plase in die verlede as meer positief as negatief. Jan (boer, Kwaaiwater) verwys daarna dat die paternalistiese stelsel nie altyd net sleg was nie en dat hulle meer van die goed daarvan moes probeer hou het. Hy verwys ook daarna dat hy “skuldig” was aan paternalisme, maar dat dit meer voordelig vir die werkers se kinders was. As hy na homself as “skuldig” verwys, beteken dit dat hy heel moontlik dink dat sy paternalistiese optrede in die verlede “verkeerd” was. Dit kan wees dat hy voel dat die staat hom as paternalis, wat te veel “beheer” oor die plaaswerkers geneem het, as verkeerd uitwys. Deur hierdie studie te doen toon ek, onder andere, aan dat boere wat in die verlede paternalisties opgetree het, se optrede nie altyd nét nadelig vir plaaswerkers was nie. Dit was in party gevalle ook voordelig vir hulle aangesien dit in behoeftes voorsien het waarin die staat nie kon nie. Dit is gedeeltelik waarom die meeste boere en plaaswerkers vandag nog daarmee volhard.

Soos in Hoofstuk 2 aangedui, lê moontlikhede vir boere in die neo-paternalistiese opset minder in die bepaling van arbeidsvoorwaardes en meer in dit wat nie deur wetgewing bepaal word nie – sogenaamde vergunnings. Abercrombie en Hill (1976:420) toon aan dat 'n paternalistiese verhouding nie net uit kontantbetalings bestaan nie, maar ook uit sekere vergunnings en voordele wat die paternalis gewoonlik aan die ondergeskiktes saam met die kontantloon gee. Volgens hulle voorsien die paternalis hulpbronne aan die ondergeskiktes wat hulle nie op hulle eie kan bekom nie. In 'n moderne opset is dit waar die kern van paternalisme geleë is. Hierdie vergunnings of belonings (soos vervoer, klere en kos) wat die plaaswerkers ontvang, is gewoonlik nie beskikbaar in dieselfde mate as werkers nie meer op die plase woon nie.

Vir die plaaswerkers wat op die plaas Welverdiend werk, maar nie meer daar bly nie, is dit op 'n manier beter om in huise in die dorp te bly en nie meer afhanklik van die boer te wees vir behuising nie. Maar, wat vir hulle sleg is daarvan, is dat hul nie meer al die voordele kan kry soos wat die werkers wat op die plaas bly, kry nie:

Ek is nie eintlik met dit [dat ons dorp toe getrek het] nie. Maar okay, omdat dit nou my eie huisie is het my man maar nou gevoel ons moet daar gaan bly want dis ons eie huisie. En hy het nie gevoel ons moet die huis uitverhuur nie, want dit is nie sommer iets wat jy net so kry daai nie. So hy het maar gevoel hy gaan soontoe. Maar ek meen ek voel nie happy nie, want ek het meer voordele op die plaas gekry. Ek kan maak wat ek wil op die plaas en so aan, verstaan? In die dorp moet jy maar in jou plekkie wees (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Boere se mag in die verhouding met die plaaswerkers lê in wat hulle beskou as die “voordele” wat hulle vir die plaaswerkers aanbied en nie net in die kontantloon nie. Daar is 'n materialistiese verhouding tussen die boer en die plaaswerkers en daardie verhouding het 'n sekere konteks. Dit is 'n verhouding van voordele en wederkerige verwagtinge – “jy doen vir my iets en ek doen vir jou iets”- in die konteks van ongelykheid.

Toe boere in die verlede sekere toegewings aan die plaaswerkers gemaak het, het hulle baie meer beheer oor die plaaswerkers se geld gehad. Die informele ruil van 'n verskeidenheid vergunnings het aan die boere mag en gesag oor plaaswerkers gegee. Soos Johan (boer, Ongegund) argumenteer, “om al die aspekte van die plaaswerkers se lewens deur hierdie toegewings te beheer het daartoe gelei dat plaaswerkers te afhanklik geraak het van die boere se welwillendheid (paternalisme)”. In die huidige era, waar boere geforseer voel om werkers toe te laat om hulle outoriteit te gebruik en beheer uit te oefen, is plaaswerkers steeds grootliks afhanklik van toegewings wat die boere aan hulle maak. Dit veroorsaak dat plaaswerkers, volgens die boere, 'n onvermoë het om hulle eie lewens te bestuur. Dit is veral ook waarom werkers nostalgies is oor die verlede.

Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) en Klein Jan (boer en sy seun, Kwaaiwater) het die toegewings wat hulle aan die plaaswerkers gee verminder noudat hulle nie meer in staat is om volle beheer oor die plaaswerkers te neem nie. Die boere hoef nie toegewings op plaas te verminder nie, maar tog doen hulle dit. Die leidi daartoe dat toegewings in ruil is vir finansiële beheer. Werkers is nie tevrede daarmee dat boere van die voordele wat deur wetgewing verplig word, soos die minimum loon, van hulle weerhou nie.

Orton, Barrientos en McClenaghan (2001:470) verwys daarna dat die paternalistiese verhouding daaruit bestaan dat, indien die werkers gehoorsaam en betroubaar is, daar na hulle gekyk en vir hulle gesorg sal word deur die boere. Indien hulle nie so optree nie, sal hulle gestraf word. Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) hou vergoeding direk verband met die verhoudings op plaas. Indien daar goeie verhoudings op die plaas is, sal die boer meer geneig wees om vrygewig met die werkers te wees en indien die verhoudings slegter is, weerhou die boer sekere van die voordele en vergoeding van die werkers. Dit bewys dat die boere nog altyd in beheer van die plaaswerkers is en dat die plaaswerkers steeds afhanklik van die boer is vir wat hulle nie kan bekostig uit hul lône nie. Dit pas die boer om vrygewig teenoor die plaaswerkers te wees deur vir hulle sekere voordele te gee, want daardeur het hy indirek meer beheer oor die werkers. As die afhanklikes op die plaas dan “ongehoorsaam” is, gaan die boer hulle straf deur sommige van die voordele van hulle te weerhou.

Volgens Du Toit (1993:314) is tradisionele paternalisme op plaas in die verlede gekarakteriseer deur 'n verhouding waar die boer vir die plaaswerkers “geskenke” gee. Sommige van die plaaswerkers voel dat hulle in die verlede meer by die boere se ouers gekry het as wat hulle nou kry. Daar is werkers wat die verhouding mis wat hulle met die boere se ouers gehad het. Sommige plaaswerkers op Uitsig sê dat die boere se ouers in die verlede vir hulle meer voordele gegee het as wat die huidige boer vir hulle gee. Volgens hulle het die boere se pa in die verlede vir hulle tot 'n motorkar gegee het as hulle iewers heen wou ry en geld geleen indien hulle hulle eie kar wou koop. Hulle sê dat hulle soos kinders op die plaas was vir die huidige boere se ouers. As die plaaswerkers sê dat hulle soos kinders vir die boer was, toon dit dat hulle hulself, ongeag wat die boere se siening is, as kinders beskou. Indien hulle 'n goeie verhouding met die boer en sy vrou gehad het, het hulle voordele gekry.

Die plaaswerkers op Welverdiend sê ook dat die boere se ouers in die verlede meer voordele en vergunnings gegee het:

Kyk, met hulle pa, ons het goed gekry, hy het alles vir ons gegee. Ons gaan Pep Stores toe, dan gaan koop ons die kinders se Kersfees-klere [met geld wat die boer ons gegee het]. In die verlede het die kinders uitgekyk na Kersfees [en hulle] het lekker aangetrek. En jy kan na die baas toe gekom het en jy kan vir hom iets vra, hy was bereid om dit te gee. En dan kry jy nou jou kos-hampertjie en dan het jy nog 'n Christmas-boksie [gekry]. Of die mans het hulle Krismis-hempie en -broekie gekry. Ek, my persoonlike opinie, ek mis nogal baie hulle pa. Regtig (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Of 'n Krismis-boksie, so van R10 of R20 of so. Broek en sokkies en so. En hy het by die koswinkel vir jou gehelp (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Yes, by die koswinkel het hy vir ons voorsiening gegee, maar hy het nog steeds vir jou betaal (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Hy het vir jou 'n bewys gegee vir die slaghuis en vir jou vleis gekoop vir die Kersfees, dan kan jy braai en so aan (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Yes, jy kan maar net kom sê het (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Ja, hy het verniet rugbyuitrusting gekoop vir ons. Hy het die lorrie gegee vir uitgaan en sportsmaak as ons 'n wedstryd het. Daai tyd het ons R2,00 betaal vir die lorrie. Dit was vir die drywer (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Ja, dit was nie vir die lorrie nie (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Volgens Davies (1990:13) het boere in die verlede vir die plaaswerkers toegang tot 'n deel van die grond gegee sodat hulle hul eie groente kon kweek of hul eie vee kon aanhou. Die plaaswerkers op Welverdiend beaam dat die boer in die verlede vir hul grond beskikbaar gestel het:

As ons [nou net] kan grond kry. Ons het dit destyds gekry, nog by hulle pa. Maar ek weet tot nou nog toe nie hoe is ons sonder daardie grond nie (Ben, plaaswerker, Welverdiend).

Die grond was sommer net hier [verwys na naby aan waar die onderhoude gevoer word] (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Dit was plantgrond gewees. Dit was vir die werkers (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Ja, dit was vir die werkers (Ben, plaaswerker, Welverdiend).

Ja, in die verlede was dit vir ons self gewees. My pa het beeste gehad, my pa het ook 'n groentetuin gehad hier op die plaas. Dit was die "tuingrond". Hier het appelkoosboorde gestaan. Daar by die boer was ook 'n tuin van sy vrou se oupa. Dit was in daai jare. Die boer se pa het baie mooi vir ons mense, vir my pa-hulle en vir my oupa-hul gesorg. Dit is nie meer so nie. Dit is heel afgesny en ons moet ons groente nou in die dorp gaan koop. Dit is eintlik nou slegter vir ons (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Ek wil graag my eie groente kweek. Maar ek het nie grond nie (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Yes. Of water. Sê nou maar byvoorbeeld hy wil dit by sy huis doen, sy huis het 'n blomtuin op sy eie (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Johan (boer, Ongegund) verduidelik dat dit nie goed was dat die boere in die verlede alles vir die plaaswerkers gedoen het, soos om vir hulle Kersfees te hou en vir hul presente te gee, en om vir hulle brood, melk en suiker saam te bring van die dorp af nie. Hy dink die rede waarom hy dit in die verlede vir die plaaswerkers gedoen het, is omdat dit vir hom goedkoper was om dit vir hulle te doen. Dit toon dat hy in die verlede die plaaswerkers minder kon betaal en dat daardie “vergunnings” deel van ‘n algehele ‘pakket van vergoeding’ gevorm het. Die plaaswerkers is in die verlede min betaal en het die goed wat die boer vir hulle gedoen en gegee het, en waarna die boer as “vergunnings” verwys, nodig gehad. Hulle was afhanklik daarvan om te lewe. Met die uitbreiding en formalisering van arbeids- en verblyfregwetgewing kry die plaaswerkers nou meer geld, maar sommige boere het die vergunnings verminder of selfs heeltemal weg gevat wat kan beteken dat die werkers se pakkette nou minder is as voor die wetgewing op minimum lone toegepas was.

Johan (boer, Ongegund) verwys na die nadele van paternalistiese beheer en dui daarop dat die ontneming van die werkers se agentskap verskeie gevolge het. Hy dui aan dat die boere in die verlede “alles vir die plaaswerkers gedoen het” omdat hulle dan meer beheer oor die plaaswerkers se lewens en oor die kwaliteit van werk op plase gehad het. Wat vir hom nou negatief daaraan is dat die boere alles vir die werkers gedoen het, “is dat hulle die plaaswerkers se denke te nou gemaak het”. Volgens hom het dit veroorsaak dat die plaaswerkers nou nie weet hoe om dinge self te doen nie, byvoorbeeld hoe om met geld te werk of wat die waarde van geld is nie.

Gustav (boer, Welverdiend) sê dat, alhoewel hulle poog om streng te wees met die reëls op die plaas en probeer om dissipline te handhaaf, daar steeds goed is wat hulle vir die plaaswerkers op die plaas doen (en waarvan die plaaswerkers van hom as boer afhanklik is):

Daar is hout op die plase wat die werkers kan gebruik en die werkers gebruik selfs die trekkers [om die hout rond te ry]. Ons het 'n voorsorgfonds waaraan die permanente werkers behoort. Mense wat in die crèche is, betaal R10 'n week [en daar] kry die kinders twee maaltye 'n dag. Verder kry hulle die gewone beskermende klere. Hulle het 'n begrafnisfonds waaraan hulle ook behoort. Hulle betaal die helfte en ons betaal die ander helfte. Jy weet soos as iemand doodgaan. En dis goedkoop, ek dink hulle betaal R2 'n week. Ons doen baie opleiding. So ons doen baie tegniese goed, soos vaardigheidsopleiding op plase en die veilige hantering van gifstowwe, wat jy nou maar moet doen (Gustav, boer, Welverdiend).

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997, stel dat veiligheidsmaatreëls op plase nagekom moet word (Republic of South Africa, 1997). Alhoewel Gustav (boer, Welverdiend) van mening is dat die opleiding vir die veilige hantering van gifstowwe “ekstra” goed is wat hulle vir die plaaswerkers doen, is dit eintlik verpligtend vir die boere om vir die werkers hierdie opleiding te gee.

Navorsing wat onlangs gedoen is, het bevind dat daar nog altyd baie plaaswerkers is wat met hoogs giftige onkruidodders en plaagdoders moet werk sonder voldoende beskerming (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, 2010:15).

Volgens Frik (boer, Goedgesind) gee hulle vandag nog vir die plaaswerkers vergunnings op die plaas, net soos wat hulle dit in die verlede gedoen het. Al verwys die boer daarna dat hy meer as die minimum loon betaal, kan daar nie gesê word dat dit 'n leefbare loon is en dat die werkers sonder die boer se vergunnings 'n lewensbestaan kan maak nie. Hierdie verhouding van “vrygewigheid” is willekeurig en gerieflik vir die boer aangesien hy die plaaswerkers kan beheer en terselfdertyd arbeidskoste laag hou.

Die wetgewing in verband met die minimum loon word op 'n baie praktiese manier op plase uitgevoer. Daar is boere wat die minimum loon nie ekonomies kan bekostig nie. Daarom kan die boere wat nie daaraan kan voldoen nie, 'n voorlegging gee sodat hulle vrygestel kan word daarvan. Daar moes wel 'n sekere hoeveelheid werkers ingestem het dat die boer hulle nie die minimum loon hoef te betaal het nie. Volgens Klein Jan (boer se seun, Kwaiwater) het hy vir die plaaswerkers 'n keuse gegee oor of hulle die minimum loon wil hê. Indien die plaaswerkers sou stem vir die minimum loon op die plaas, sou hy hulle voordele wegneem, het hy vir hulle gesê. Alhoewel hy vir die plaaswerkers die vryheid van keuse gegee het om 'n besluit te neem daaroor, het hy juis as gevolg van die situasie dat die plaaswerkers afhanklik is daarvan, steeds die mag in die verhouding. Dit toon dat paternalistiese verhoudings steeds bestaan, maar ook dat hierdie boer net die minimum vir die werknemers doen en baie pragmaties mét, en téén, die wetgewing werk:

Ek het vir hulle gesê daai goed [soos die mediese fonds, aftreepolis en versekering] is ekstra. Ek het vir hulle huis toe gestuur vir die naweek. Toe sê ek vir hulle gaan dink [oor die minimum loon] en besluit. Maandag wil ek 'n antwoord hê [of julle eerder die minimum loon wil hê en of julle eerder dieselfde salaris met die voordele/ekstra goed wil hê]. En [ek soek] nie 'n groepantwoord nie, [maar] 'n antwoord by een en elk van julle. Toe roep ek een [vir] een in. En ek is so bly dat iewers het dit deurgedring, want as hulle die geld gevat het en hulle mis een betaling op die polisplan en die aftreepplan [as hulle dit self moes betaal het], dan verloor hulle al daai bates wat hulle opgebou het (Klein Jan, boer se seun, Kwaiwater).

Die rede waarom Klein Jan (boer se seun, Kwaiwater) die plaaswerkers een vir een ondervra het, kan moontlik wees omdat hulle in groepsverband sterker is en dan meer mag het. Die laaste sin in bogenoemde aanhaling van Klein Jan (boer, Kwaiwater) bewys duidelik dat dit volgens hom beter is om in beheer van die plaaswerkers se voordele (soos mediese fonds, aftreepolis en versekering) te wees. Hy is dan seker daarvan dat dit betaal word en dat die werkers nie die bates verloor wat hulle oor die jare opgebou het nie. Dit wys dat die boer (pa van die kinders) voel hy tree in die plaaswerkers (stout kinders) se belang op deur self vir die plaaswerkers die paaimente te betaal sodat hulle die bates daarvan kan kry.

Herman (boer, Uitsig) het ook vir die plaaswerkers twee keuses gee – óf hulle vat die minimum loon (R105 per dag) en die helfte van die plaaswerkers word afgedank en

hulle voordele val weg, óf hulle gaan aan soos altyd en werk vir R84 per dag, niemand word afgedank nie en hulle kry nog die voordele:

Die boer het vir [die werkers] 'n keuse gegee en gesê, “Watter pad gaan ons loop? Gaan ons nou loop volgens die wet (die minimum loon) of gaan ons loop met 'n verhouding waarmee ons aangekom het [waar julle eerder meer voordele kry saam met julle salaris]? Hulle het gekies (Koos, plaaswerker, Uitsig).

Ons het nie gekies nie. Ons was op die stelsel. Ons was almal hier in die saal. Okay, ons het wel ingestem. Die een keuse was die R84 dan het almal werk [of die ander keuse was die minimum loon]. Maar as dit mos nou nie R84 is nie en [die mense kies die] R105, dan moet die helfte mos nou [afgedank word]. En ons het nou nogal die vormpie geteken. Maar ek weet nie waar dit toe nou gekom het nie, maar toe het party nie geteken nie (Hanna, plaaswerker, Uitsig).

Kyk, die eintlike ding is die meerderheid soos ek dit verstaan was vir die minimum loon, vir die R105. Maar die mense kon sê kom ons gaan aan [soos ons altyd aangegaan het] sodat almal werk het (Koos, plaaswerker, Uitsig).

So skiet die [prys van] goed die hoogte in. Waar kom jy dan? Dan kan jy nie byhou nie [want die boer het dit vir goedkoper gegee]. Want dis waaroor die mense nou dink, want hulle dink nie nou aan [die goed wat hulle self moet koop nie]. Sien, hulle wil [net] die [meer] geld hê (Pieter, plaaswerker, Uitsig).

Ja, hulle sien net geld en hulle dink nie aan siektes, en vervoer en die voordele wat jy gekry het nie (Koos, plaaswerker, Uitsig).

Ag, as mens maar kyk na die R105 (minimum loon) is daar mos nou maar baie [voordele] wat weg is. Maar nou, soos vandag is daar niks [voordele] nie, móre moet jy pay, dan moet jy maar om die winkel loop [omdat die goed te duur is] (Gert, plaaswerker, Uitsig).

Die aanhalings van die plaaswerkers op die plaas Uitsig sluit aan by Abercrombie en Hill (1976:418) se navorsing. Volgens Abercrombie en Hill (1976) is paternalistiese verhoudings gebaseer op minder persoonlike en kollektiewe verhoudings. Dit is veral duidelik op groter plase. Die feit dat die boer se keuse aan die plaaswerkers behels dat die meerderheid op die plaas afgedank word, wys dat hy in 'n kollektiewe verhouding staan met die plaaswerkers en nie na elkeen se individuele belang omsien nie. Hy het dus nie 'n persoonlike verhouding met elke werknemer nie.

Uit die bogenoemde aanhalings van die plaaswerkers op Uitsig is dit duidelik dat die boer die plaaswerkers die opsie gee om, indien hulle kies om volgens die minimum loon vergoed te word, hulle dan vir hulself voorsiening moet maak vir die voordele wat die boer vir hulle in die verlede gegee het. Die R84,00 per dag wat die boer hulle aanbied, beloop ongeveer R10,00 per uur. Aangesien die plaaswerkers nie 'n behoorlike bestaan met daardie bedrag kan maak nie en nie self die voordele kan finansier nie, moet die boer nie die werkers hulle voordele ontnem nie. Die boonste aanhaling toon ook dat die boer nie werklik vir die plaaswerkers 'n keuse gee nie,

maar eerder vir hulle 'n ultimatum stel. Dit illustreer weer eens die magspel tussen die boer en die plaaswerkers en dat die boer sy beheer uitoefen deur die voordele van die plaaswerkers weg te neem en besluit om van die werkers af te dank indien hulle, volgens hom, “verkeerd”, sou kies.

Die onlangse veranderinge aan wetgewing in verband met die minimum loon het 'n groot impak gehad op die paternalistiese verhoudings op plase. Toe die boere se beheer ondermyn begin word as gevolg van wetgewing, het hulle van die voordele en vergunnings wat hul voorheen aan die plaaswerkers gegee het, onttrek, verminder of 'n prys daaraan gekoppel. Dit het ontwrigting op plase veroorsaak. Volgens die plaaswerkers op die plaas Ongegund het die boer die vervoer op die plaas van hulle af weggeneem toe die wetgewing in verband met minimum loon ingestel was:

Al ding wat nou vir my 'n bietjie omkrap, is die wat hulle die vervoer van ons werkers afgeneem het. Ons moet nou ten duurste betaal om by die dorp uit te kom. Hulle het die vervoer gegee op die plaas, maar dit weggevat (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Nou met die verhoging met die minimum loon, het hulle dit weggevat (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Ja (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Die vervoer is ietsie wat vir ons 'n bietjie pla. Dis nie die boer wat gesê het ons moet vir die vervoer betaal nie, dis mos nou die bestuurder. Ons betaal dan nou al R17,00 hier vanaf dorp toe heen en weer. Dit is baie duur. Dis die regering wat gesê het ons mag nie meer vervoer kry van die plaas af nie, ek het so 'n ding in my hand gehad. Hulle sê ons moet ons eie vervoer kry. Ons het al die tyd vervoer gekry en toe die R105,00 (minimum loon) inkom, toe is dit nou ewe skielik ons moet nou maar ons eie vervoer kry (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Hulle kan eerder 'n ooreenkoms nagekom het saam met die mense. Miskien iets soos dat ons net nog op sekere tye vervoer kan kry. Of net iets waar al twee partye by kan aanpas en wat al twee partye gelukkig laat voel. Hulle moet eerder nog 'n bietjie meer onderhandel met die mense en met die werkers (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Die plaaswerkers se begeerte om 'n ooreenkoms te hê wat almal gelukkig maak, wys dat hulle steeds afhanklik van die paternalistiese boer wil bly deurdat hy moet aanhou om vir hulle vervoer te verskaf.

Vir my voel dit dis onregverdig. Dis nie ons wat gesê het ons wil die geld (R105,00 per dag) hê nie. Die staat het besluit ons moet dit hê (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Ons het nie eers deel gehad aan die optog nie (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Ons het ten alle tye vir Meneer ondersteun. Ons het nie deelgeneem aan die optogte en die goed nie (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Ja, ons het hom ondersteun (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Want hy is 'n goeie man. Op sy manier is hy goed vir ons (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Hierdie aanhalings van die werkers op Ongegund illustreer die verband tussen die “tradisionele voordele” en die formele minimum loon. Dit toon die werkers teenstrydige gevoelens, asook die diskoers van ontwrigting wat die wetgewing veroorsaak het. Dit is asof hulle wag op 'n teken van lojaliteit van die boer. Die werkers voel dat die boer (pa) nie die plaaswerkers (kinders) moet “straf” as gevolg van die regering se besluite oor die minimum loon nie. Die plaaswerkers dui aan dat dit onregverdig is aangesien hulle aan die boer (pa) gehoorsaam gebly het deur nie aan die stakings deel te neem nie:

Alles het verander, want kos en alles is nou 'n bietjie duurder, maar dan kon jy beter [met die ou stelsel gewerk het] as wat mense baklei oor R105. Nou moet jy alles (geld) uit jou sak uitgee om op 'n plek te kom, soos op die dorp (Bella, plaaswerker, Ongegund)

Hulle roep jou kantoor toe as jy net die R105,00 noem. Jy mag nie R105 noem hier op die plaas nie, dan word jy weggejaag (Schalk, plaaswerker, Ongegund).

Al die plaaswerkers op die plaas Ongegund wil die vervoer terughê aangesien dit tans vir hulle 'n probleem is op die plaas. Dit is duidelik dat hierdie werkers teleurgesteld is dat die boer die vervoer van hulle af wegneem:

Die boer het vir ons gesê dat die regering vir hom laat weet het om vir ons te sê maar dit mag nie gebeur nie en dat hulle die vervoer moet stop. Maar daar is nog steeds plase rondom ons waar die mense vervoer kry (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Wat nog partykeer die hartseerste van alles is, is dat die boer partykeer verby jou ry na die dorp toe en ons nie eers 'n lift gee nie. Dit was nie so in die verlede nie (Willem, plaaswerker, Ongegund).

Vir dokter [toe gaan] kry ons [nog] vervoer. Maar as jy in die verlede dorp toe moes gaan, jy het mos nou ook persoonlike besigheid wat jy moet doen, dan was jy gery, jy kry 'n lift. Nie nou nie, dis nou verby, tensy jy nie dokter toe gaan nie (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Volgens die plaaswerkers op Welverdiend is dit vir hulle ook sleg dat die boer nie meer vir hulle vervoer gee nie. Dit is van hulle weggeneem toe die wetgewing oor minimum lone in werking getree het. Hulle wil hê dat die boer weer die vervoer vir die werkers moet beskikbaar stel, veral omdat dit “jou” (verwys na die boer) werkers is:

Wat vir my nou sleg is, hulle het [in die verlede] vervoer gegee. Hulle pa het ook vervoer gegee. Maar nou in die tyd en wat my seermaak, is ons moet hoor [van die boere], “ons is nie 'n taxi nie”. Maar nou weet ek hy is nie 'n taxi nie,

maar ek werk onder jou. Nou voel ek, ek kom vra maar net vir jou omdat ek vir jou werk (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) het die begin van die “nuwe stelsel” baie van daardie “goeie dinge” van paternalisme weggevat. Dit het veroorsaak dat hy opgehou het om sekere dinge te “bevorder” en nie meer bydra nie en dat hy ook nie meer so betrokke by “sy” plaaswerkers en hulle persoonlike belange wil wees nie. Die volgende is ’n voorbeeld van beheer wat tot voordeel van werkers was en wat verval het:

En daai voordele in baie gevalle as gevolg van die wetgewing word dan verlore omdat ek beperk is. In sekere opstande moet ek nou vir jou sê het die wetgewing vir my in daardie gedeelte eintlik baie gemaklik geraak. Ek sit nou [die plaaswerker se] geld in ’n lonekoevertjie en ek gee dit vir die ou. Sonder enige bydrae verder, want die wetgewing maak nie voorsiening dat ek die voordele kan deurgee na hulle toe nie of op ’n baie beperkte skaal (Jan, boer, Kwaaiwater).

Daar is plaaswerkers op Uitsig wat ook ongelukkig voel dat die boere as gevolg van wetgewing (veral as gevolg van die minimum loon) nou van die voordele, soos vervoer, van hulle weerhou. Dit bring mee dat hulle steeds afhanklik van die boer voel en slegter af is nou dat hulle nie meer die voordele vanaf die boer kry nie. Wanneer boere in beheer van die plaaswerkers is, voel hulle dat hulle beheer oor hul plase en die gehalte van die werk het:

Nou die ander ding waarvoor ek baie ongelukkig oor is, is die vervoer. Jy moet betaal. En hy het maar nou sy wet en ons kan nie daar verby nie, maar hulle kerm vreeslik daarvoor. Ons almal doen (Pieter, plaaswerker, Uitsig).

Wat gebeur toe die minimum loon nou [inkom], is toe het [die boere] sekere reëls verander. Eers het die mense [vervoer] kerk toe, begrafnis toe of na sangaande toe verniet gekry. Dis wat die mense (plaaswerkers) nou nie lekker verstaan nie. Hy het alles verniet gegee, hy het die vervoer gegee, of jy nou na ’n skoolvergadering gaan of whatever ook al of ’n funksie. Toe kom die minimum loon in. En nou moet hulle betaal vir die vervoer wat hulle vat tot daar. En dis eintlik waarvoor die ongelukkigheid gaan (Kooos, plaaswerker, Uitsig).

Die ongelukkigheid van die werkers op die plaas Uitsig in verband met die minimum loon en die voordele wat as gevolg hiervan van hulle weerhou word, dui op die ontwinging en spanning wat die implementering van wetgewing op plase veroorsaak. Werkers wil hê dat die boere steeds aan hulle sekere voordele moet gee aangesien hulle weet dat hulle nooit genoeg sal verdien om self daardie “vergunnings” te kan bekostig nie.

Maar daar is boere wat vergunnings maak uit empatie – empatie wat ontwikkel het deur jarelange verhoudings en die intieme karakter van plaasverhoudings:

[Ons gee] baie voordele wat jy nie in bereken neem nie. Soos byvoorbeeld om iemand kerk toe te neem, as die kind siek is dokter toe te vat of as daar ’n begrafnis is [om] ’n voertuig te gee. Dit is vergunnings wat gegee word, maar

wat nêrens bereken word nie. En dit is maar net as gevolg van jou goeie verhouding en jou empatie wat jy het met die werkers en die omstandighede waarin hulle is. Hulle het nie voertuie nie. So ons gee die vergunnings en betaal byvoorbeeld ons kinders se skoolfondse. Ons koop vir hulle skoolklere. Ons vergoeding is ten minste twee keer of meer die minimum loon. Ons op die plaas is een van die weinige plase waar ons nog 'n rantsoen gee as deel van die vergoeding. Dit is vleis en dan nou groentes. Dit is deel van die pakket, hulle kry dit verniet. Juis om dit vir hulle moontlik te maak waar hulle nie elke dag toegang het tot 'n winkel om vars groente of vrugte te koop of vars vleis te kry nie. Ons mense kan jy sien is goed gevoed en hulle kan hulle werk doen. Niemand is honger nie (Frik, boer, Goedgesind).

Die plaaswerkers op Uitsig sê dat die huidige boer steeds vergunnings aan hulle gee, al is dit nie so baie soos wat die ouers in die verlede gedoen het nie:

Die boer kyk steeds na ons soos 'n pa wat na sy kinders kyk. Hy sorg dat almal "happy" is op die plaas. Ons was van die begin af soos 'n familie. Of jy wit of bruin (kleurling) is en of jy nou swart is. [By] 'n sterfgeval dan staan ons almal saam. Ons sal die begrafnis bywoon, ons sal die sieke besoek, al is dit ook die werkgewer. Of hy sal help waar hy kan. Ja-kyk sê nou maar ek het miskien nie 'n doodgenootskap gehad nie, dan sal hy (die boer) vir jou help en sê kom ons koop gou vir die man of vrou 'n kis. Miskien kan jy mos later weer terugbetaal. Hy sal nie vir jou daar op jou eie laat wees nie. Hulle sal vir jou help (Koos, werker, Uitsig).

4.4.2. Behuising op die plaas en die ESTA-wetgewing

Om te voorkom dat arbitrêre uitsettings van werkers op plase plaasvind is die Wet van die Uitbreiding van Sekerheid en Verblyfreg, Wet 62 van 1997 (ESTA-wetgewing¹) ingestel. Die ESTA-wetgewing is ingestel om te voorkom dat werkers net van die plaas af gesit kan word. Dit is ingestel om verblyf te verseker vir werkers wat langer as tien jaar op die plaas bly en ook vir aftrede kwalifiseer. Hierdie wet is geformuleer om onregverdige en arbitrêre uitsettings te voorkom en is bedoel om langtermynsekuriteit vir plaaswerkers te bevorder (Roodt:2007:5). Die konflik wat die boere met die werkers en die regering beleef in verband met hierdie wetgewing, dui op die ontwrigting wat dit veroorsaak. Hulle voel dat die regering onsimpatiek teenoor hulle optree as gevolg van die finansiële implikasies wat die voorsiening van huise vir dié wat daarvoor kwalifiseer, vir die boere inhou.

Sommige van die plaaswerkers geniet die vryheid om in huise te bly wat nie op die plaas is nie aangesien dit hulle in staat stel om besluite te neem oor hul persoonlike lewens en ook sodat hulle nie sal vrees om hul huise op die plaas te verloor as hulle hul werk verloor nie. Daar is wel sommige plaaswerkers in hierdie studie wat voorstel dat dit meer wenslik vir hulle is om op die plaas te woon as om in die dorp te gaan bly. Alhoewel daar voordele is om 'n huis op die dorp te hê, soos byvoorbeeld onafhanklikheid, wil hulle nie op die dorp gaan woon nie omdat hulle die geweld daar vrees en ook omdat daar 'n tekort aan behuising is op die dorp:

¹ Extension of Security of Tenure Act

Dit is vir my definitief beter op die plaas. Ons bly hier en ons het op hierdie plaas en op die ander plaas wat vir swart bemagtiging is groot geword. Ons wil nie op die dorp woon nie (Koos, plaaswerker, Uitsig).

Aangesien die boere en plaaswerkers so naby aan mekaar lewe, kan die boere nie die probleme van plaaswerkers ignoreer nie. Daar is boere wat die huise op die plaas aan die plaaswerkers verhuur sodat die plaaswerkers verseker weet dat dit nie hul eie eiendom is nie. Alhoewel boere baat gevind het uit werkers se nabyheid wanneer hulle op die plaas woon, sien boere die voorsiening van behuising as 'n vergunning aan die werkers. Deur aan die plaaswerkers die huis te verhuur, manipuleer die boere die wet om binne die reëls van die wet te bly met die “nuwe” werkers. Daar is dus boere wat regverdig teenoor werkers wil optree, maar terselfdertyd ook nie permanente verblyfreg aan werkers wil gee nie:

Hierdie mense het baie voordele [ten opsigte van behuising] en hy bly verniet op die plaas. Hier by ons betaal hulle huur, 1% van sy maandelikse salaris. Net een persent. Net sodat hulle weet hy huur die huis by die plaas. Die voorskrif is dat jy kan heelwat meer vra. Ons voel ons wil nie daai meer vra nie. Hy moet net weet hy huur die huis van die plaas. Dis nie sy huis nie (Bob, boer, Kleinfontein).

Die boere het in die verlede baie meer beheer gehad het oor plaaswerkers se behuising – as 'n werker ontslaan is, moes die werker en die gesin die plaas verlaat. Uit Gustav (boer, Welverdiend) se verduideliking is dit duidelik hoe verblyfreg en werk in die verlede verbind was:

Man in die ou dae, ek kan daai ou “fire” want hy is 'n swak werker, of hy was vyf Maandae in 'n ry dronk in die werk. Ek wil hom nie as werker hê nie. Kyk in die ou dae, reg of verkeerd, het die ou geweet hy kan sy huis verloor of wat ook al dit mag wees, hy moet in sy spoor trap (Gustav, boer, Welverdiend).

Werkers verwys ook na die verlede toe hulle na willekeur van plase af gesit kon word en sê dat ESTA-wetgewing dit vir hulle nou beter maak:

In daai jare het hy sommer gesê, “Gaan, jy het nie meer nodig om te kom werk nie”, maar nou doen hulle dit op 'n gepaste manier. Jy kry 'n mondelingse waarskuwing en dan 'n skriftelike waarskuwing. Jy weet darem hoe ver jy jou daad kan pleeg (lag). Soos daai dinge [van die uitsettings] is vir my [beter], dit word op 'n mooie manier toegepas. En soos byvoorbeeld as ek vandag sonder verlof afwesig is en ek bly net by die huis, môre kom werk ek [ek word nie net as gevolg daarvan uitgesit van die plaas nie] (Nicolene, plaaswerker, Welverdiend).

Alhoewel dit vir die plaaswerkers beter is om sekuriteit en verblyfreg op plase te hê, stem die meeste van die boere in hierdie studie nie saam met die formulering van die ESTA-wetgewing nie. Daar is 'n boer wat dit as “belaglik” beskryf. Vir sommige van die boere is daar onduidelikheid en onsekerheid rondom hierdie wetgewing. Hulle sal dit eerder verander wil hê:

Ek het vrae rondom die “issue” van verblyf. In die wet is daar ’n baie groot onduidelikheid as die persoon ’n eiendom besit en ek bring hom na my plaas toe, en hy werk vir my, kan hy dan nog steeds aanspraak maak op verblyfreg. Ek dink dit is onbillik (Jan, boer, Kwaaiwater).

Volgens Bob (boer, Kleinfontein) gaan die ESTA-wetgewing nie werk nie omdat daar nie ’n dorp op die plaas gebou kan word nie:

Hier is plase wat al vyf geslagte in die mens se besit is. Nou sê nou maar hulle het elke ou 30 jaar gewerk, dit is 150 jaar. As die wet gewerk het, hoeveel huise sal nou al daar gestaan het waarin ander mense bly. As hy dan nou te sterf kom, wat word dan van die huis. Gaan dit terug na die plaas toe, gaan sy familie dit erf? Jy kan nie ’n dorp staanmaak op ’n plaas nie. Daar is nie dienste soos riolering nie. Wie gaan daai kostes hê om dit in te sit, want dit gaan later mos ’n klein dorpie wees wat jy ontwikkel. So dis nie so maklik nie (Bob, boer, Kleinfontein).

Volgens die boere maak die ESTA-wetgewing hulle negatief oor die verblyf van plaaswerkers en vertroebel dit die verhouding tussen hulle en die plaaswerkers:

Die verhouding het versleg as gevolg van hierdie ESTA-wetgewing. Dit het ons seer geraak (Herman, boer, Uitsig).

Herman (boer, Uitsig) gee ’n voorbeeld van mense wat hy ken wat ’n negatiewe ondervinding met die ESTA-wetgewing gehad het:

Hulle het ’n plaas gekoop met twintig huise op en nie een van die twintig mense het by hom gewerk nie. En jy kan hulle nie daar afkry nie, want dit is die wet. Die wet maak ’n opskiet (Herman, boer, Uitsig).

Volgens Gustav (boer, Welverdiend) het hy nie meer beheer oor behuising op die plaas nie omdat die werkers weet die boer kan niks meer aan hulle behuising doen nie:

Maar nou steek ek hom in die pad, maar nou woon hy nog op my plaas. En hy weet dit. So nou het ek eintlik geen houvas op hom nie. Die dissipline wat ek toegepas het [is nie meer daar nie]. Al wat hy doen is hy woon net hier en gaan werk by iemand anders. Hy woon nog steeds by my. En ook, nou woon daar sommer ’n ou saam met hom. Dan sê ek vir hom maar jy mag nie hier woon nie, en dan sê hy vir my maar jy kan niks aan my doen nie. So ek dink sosiaal het dit ’n erger impak gehad uit daai oogpunt (Gustav, boer, Welverdiend).

Uit die bogenoemde voorbeelde is dit duidelik dat boere besef dat hulle minder beheer oor werkers het wat op die plase bly aangesien die wetgewing werkers beskerm en boere se beheer ondermyn. Dit is vir hulle vreemd en veroorsaak onsekerheid en ontwrigting oor die rol wat hulle moet inneem. Dit lei ook daartoe dat hulle nie met hierdie wetgewing saamstem nie, soos Jan (boer, Kwaaiwater) dit verduidelik:

Die meeste konflik is nie oor die werker wat hier bly nie, maar oor sy kinders wat plak hierso en nie wil werk nie. Jy het nie meer beheer oor hulle nie, dit is waaroor die meeste konflik gaan. Nou moet jy hulle akkommodeer en die

meeste van hulle wil nie werk nie. En dit is die gedeelte binne daardie wetgewing [wat onsekerheid veroorsaak]. Jy vestig nou verblyfreg vir 'n persoon op die plaas, maar jy het geen beheer nie. En dit maak my bang om mense op my plaas aan te stel (Jan, boer, Kwaiwater).

Herman (boer, Uitsig) stel 'n oplossing voor wat werkers se verblyfsregte sal verseker en verhoudings tussen boere en die staat sal verbeter. Sy voorstel is dat die staat boere moet subsidieer vir huise wat hulle op hul plase bou. Volgens hom is daar geen voordele vir die boer as hy nou 'n huis op die plaas wil bou vir die werkers nie en dit is waarom hy dit nie doen nie. Herman (boer, Uitsig) soek meer ondersteuning en begrip van die staat se kant en wil graag vir die plaaswerkers sorg en vir elkeen 'n huis bou, maar in ruil daarvoor wil hy hê dat die staat ook na hom moet omsien:

Ek wil graag die mense op die plaas hou. Van my senior ouens wat nou moet klaar maak het ook vir my gesê hulle weet hulle gaan nou na kleiner huisies toe, maar hulle wil asseblief nie van die plaas af gaan nie. Maar op die oomblik is daar geen voordele vir ons om enigsins uit te brei in jou geboue nie. Daar is soveel “crap” by betrokke wat wetgewing betref om 'n gebou op te sit dat dit nie [die moeite werd is nie] om nog ekstra huise te bou. En vir jou as jy nou eendag jou eiendom moet verkwansel, is daar niks vir jou daarin nie. Alles word aanvaar asof dit net 'n stuk grond is.

... As [die wetgewing] vir my sê bou vir jou mense tien nuwe huise hier op die plaas, dan sê ek “no problem”, gee net vir my die subsidies. Ek sal dit nie graag op die plaas wil bou nie, want dit gaan maar net [daaroor dat] ek wil vir die ou eienaarskap gee. Ek wil hê hy moet kan sê, “ek het 'n huis, dis myne” en hy moet sy eie huis kan onderhou. Op die oomblik kan hy nie sê ek het 'n huis nie, want hy bly in jou huis (Herman, boer, Uitsig).

Dat Herman (boer, Uitsig) sê dat hy subsidies van die staat wil hê vir die huise wat hy vir die plaaswerkers oprig, toon dat dit baie moeilik is om 'n plaas in die nasionale en globale ekonomie te bedryf. Om dit te laat werk, moet sekere vergunnings gemaak word en moet die staat hom ook meer ondersteun.

Alhoewel Johan (boer, Ongegund) steeds behuising vir sy werkers gee, sê hy dat die wetgewing wat verander veroorsaak het dat die werkers nou daarvoor moet betaal eerder as wat hulle dit verniet kry soos in die verlede:

Die ou wat op die plaas bly het toegang tot 'n geboude huis wat voorsien is met elektrisiteit, toiletgeriewe, lopende water, warm water en sonverhittings. Dis die pakkie wat tot sy toegang is. Nou in die verlede was dit gratis en verniet. Ek het dit beskou as dit was deel van die pakkie werk, so jy kry dit. Tot en met wetgewing verander het dat dit moet deel van sy koste raak. So ewe skielik het daai ding nou verander (Johan, boer, Ongegund).

Wat vir Hanna (werker, Uitsig) 'n probleem is, is dat haar kleinkind nie by haar kan bly nie. Sy wil graag hê daar moet uitsonderings wees in sekere gevalle en wil graag hê dat die kleinkind by haar moet bly omdat die kind 'n ma-figuur nodig het:

Sien as my kind nou nie hier werk nie, kan die kind nie hier bly nie. Okay, maak nou 'n voorbeeld, my kleinkind het eendag vreeslik geswerf, en toe het ek [die boer] gevra of die kind maar nie by my kan bly nie. Die kind se ma en pa het haar aan haar genade oorgelaat. En die kind moet by die pa bly en het nie 'n ma of iemand wat na die kind kan kyk nie. Okay ek het gevra [dat] ek wil graag hê dat die kind by my bly, want die kind bly in 'n dorpslewe en 'n dorpslewe is maar nie [te goed nie]. Baie dinge gebeur [daar] en vir 'n meisiekind om by 'n pa alleen te bly is nie goed nie (Hanna, werker, Uitsig).

Hierdie aanhaling van Hanna (werker, Uitsig) dui daarop dat die boere die beheer wil hê en die plaaswerkers die voordele wil geniet wat saam met die boer se beheer kom, maar nog altyd hul eie besluite wil neem.

Daar is van die plaaswerkers op Uitsig wat graag hul eie huise wil hê sodat hulle 'n bietjie meer onafhanklik van die boer kan wees, maar hulle wil tog steeds hê dat die huis op die plaas moet wees:

Die reëls op die plaas is nie altyd lekker nie, maar dit is wel goed. Die dinge ruk hand uit as daar nie reëls is nie, soos in die dorp. Dit is vir ons beter dat daar nog 'n baas/bestuurder is wat reëls gee (Koos, werker, Uitsig).

As jy in die dorp gaan bly, dan gaan jy met jou kinders [en] daar onder gebeur so baie dinge, en jou kinders gaan ook daarin. Hier [op die plaas] is dit nou rustig (Pieter, werker, Uitsig).

Baie keer dan kyk 'n man mos altyd na die groener weivelde. En sê maar jy wil mos nou maar hier af dorp toe. [Jy wil onafhanklik wees] en die mense wat op hierdie plaas gebly het wat nou in die dorp is, daai man se lewe is nou heel uit mekaar uit. Hy is nou heel verslaaf aan drank. Kyk, alles is mos nou naby daar aan die dorpsgebied. Daar is die smokkelhuise. Maar ek meen nou soos hier, jy moet na die dorp toe gaan [en] 'n tekkie vat as jy miskien nou by 'n kelder wil uitkom (Gert, werker, Uitsig).

Hierdie plaaswerkers op Uitsig verduidelik dat dit vir hulle beter is om op die plaas af te tree as in die dorp. Hulle sê dat daar as gevolg van die boer se streng reëls meer beheer en minder geweld op die plaas as op die dorp is. Dit dui aan dat die plaaswerkers die boer se rol as “pa” wat vir hulle intree en beheer neem oor die geweld op die plaas en die reëls maak, waardeur. Deur die reëls wat die boer vir die plaaswerkers opstel, beskerm hy ook die “kinders” (plaaswerkers) teen die geweld wat in die dorp is.

Ewert en Hamman (1999:211) het reeds in 1999 gestel dat boere meer kan beweeg na werkers wat nie meer self op die plaas bly nie, maar eerder op die dorp en nog altyd vir die boer werk. Op die plaas Kwaiwater werk dit reeds so:

Ja, hy wil nou half daar [in die dorp gaan] bly. Nou daar is vir my baie groot onduidelikheid daaroor. So dit is 'n geval van hy het hier 'n huis of hy het in die dorp 'n huis. So as hy aftree en ek koop vir hom 'n huis [in die dorp] maak dit nie vir my sin hoekom hy móét op die plaas bly nie. Ek self, my mense bly in die dorp en ek ry hulle heen en weer (Jan, boer, Kwaiwater).

Volgens Gustav (boer, Welverdiend) het van die werkers op sy plaas ook dorp toe getrek. Hy dink hulle het dorp toe getrek sodat hy hulle nie meer kan beheer en so 'n groot "houvas" op hulle kan hê nie:

Ons het nie 'n klomp mense gaan af sit [van die plaas af] nie, [maar] baie van ons mense woon op die dorp. Ons het nie huise gaan bou nie, maar soos die kinders groot geraak en getrou het, het hulle hul eie huise gaan soek. So, baie van ons plaasmense het dorp toe getrek ook omdat hulle hul eie plekkie in die son wou gehad het. Ek dink baie van hulle het gedink maar [as] ons dorp toe trek, dan het die baas nie meer 'n houvas op ons nie. Ek dink baie van hulle is eintlik ontnugter oor wat eintlik gebeur het. Hulle het gesien die gras is nie eintlik groener aan die anderkant nie (Gustav, boer, Welverdiend).

Walters (2012:97) dui aan dat die werkers wat nou in die dorp bly minder sekuriteit ervaar. Gustav (boer, Welverdiend) bevestig dit in die boonste aanhaling wanneer hy sê "dat die werkers gesien het dat die gras nie groener aan die ander kant nie". Daarmee stel hy dat die werkers wat dorp toe getrek het meer onsekerheid ervaar en dat hulle slegter daaraan toe is sonder die voordele van behuising wat die boer eens vir hulle gegee het.

Daar is 'n plaaswerker op Uitsig wat sê dat dit nie altyd beter is vir die plaaswerkers om op die dorp te gaan bly nie:

In die dorp is daar baie uitgawes. As ek nou sien daar onder. Hier was al mense wat op die plaas gewerk het wat af getrek het [dorp toe]. En ek weet nou nie hoe hulle te werke gegaan het nie, maar daar is van die mense wat swaar kry (Gert, werker, Uitsig).

Die laaste stelling van Gert (werker, Uitsig) toon aan dat die plaaswerkers meer voordeel trek uit die vergunnings wat die boer vir hulle gee. Hy dui aan dat die werkers wat op die dorp gaan bly het om onafhanklik te wees, swaar kry en finansiële slegter daaraan toe is sonder die boer se bystand en beheer. Dit toon dat die loon nie genoeg is vir die duurder lewe op die dorp nie.

4.4.3 Opvoeding van kinders

Volgens die meeste van die boere in hierdie studie het hulle in die verlede meer beheer en dissipline oor die plaaswerkers se kinders gehad. Hulle meld dat die plaaswerkers se kinders meer skool bygewoon het in die verlede. Boere voel nou dat hulle nie meer hierdie beheer oor die kinders het nie en dat die plaaswerkers se kinders eintlik nou slegter daaraan toe is omdat die boere nie meer so betrokke is nie. Boere het in die verlede daarby gebaat om beheer oor die plaaswerkers se kinders te hê, want so kon hulle van die begin af in beheer wees van die toekomstige werksmag op die plaas en ook die ouers van die kinders beheer:

Toe [die plaaswerkers] op die plaas gebly het, het jy 'n invloed gehad op die kinders en of hulle skool toe gaan en hoe hulle presteer op skool. Jy kon ook die ouers aanmoedig om die kinders te help of jy kon die kinders, jy weet, op so 'n manier [help]. En ons het regtig kinders gehad wat redelik goed presteer het op skool (Jan, boer, Kwaiwater).

Volgens Jan (boer, Kwaiwater) het die werkers begin dorp toe trek nadat hulle toegang gekry het tot behuising wat deur die staat voorsien word. Dit het veroorsaak dat die plaaswerkers meer onafhanklik kon wees en die boer beheer verloor het oor die kinders se skoolbywoning:

Maar die oomblik toe hulle na die HOP- (Heropbou- en Ontwikkelingsprogram-) huise gegaan het, het dit gestop [dat hulle skool toe gaan] en het nie een van hulle verder meer matriek gehaal nie. Nou is daar standerd agt- en graad ses-kindere wat 'n kind het. Hulle dink dat “ons moet eerder aanspraak maak op die ‘social grants’ as om geleerdheid te kry om 'n inkomste te verdien” (Jan, boer, Kwaiwater).

Volgens die plaaswerkers op Kwaiwater is hulle nou bewus daarvan dat die boer nie meer so betrokke is by die kinders se skoolrapporte nie. Hulle sê dat die kinders as gevolg daarvan nie meer vordering op skool maak nie. Werkers verwys positief na hierdie betrokkenheid van boere by aspekte van hul kinders se onderwys in die verlede. Sommige plaaswerkers glo dat die boer se betrokkenheid (en beheer) oor hul kinders beter was vir die kinders se skoolbywoning:

Nee, hulle kom nie meer deur nie (Samuel, plaaswerker, Kwaiwater).

Op Welverdiend sê die plaaswerkers dat die boer in die verlede meer omgee het oor die plaaswerkers se kinders op die plaas en meer oor hulle uitgevra het:

Die baas, nog hulle pa, het in die verlede gevra wat doen die kind daar. Want hy vra dit mos nou vir jou sodat die kind kan vorder (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Ja, hy sou vra hoe vorder die kind (Julian, plaaswerker, Welverdiend).

Die plaaswerkers van Welverdiend sê tog dat die huidige boer reël dat daar opleiding vir die werkers se kinders gegee word. Volgens hierdie plaaswerkers het hulle en hul kinders nou meer toegang tot inligting, wat hulle nie voorheen gehad het nie:

Hulle gee nou vir ons kinders [opleiding] want die kinders het mos vandag baie take. Ons kinders het nou internet hier by die nasorgsenter. Hulle het nie nodig vir dorp toe gaan nie (Nicolene, plaaswerker, Welverdiend).

Gustav (boer, Welverdiend) sê dat hulle in die verlede meer betrokke by die plaaswerkers se gesinslede was. Dit illustreer ook wat hulle nog vir die plaaswerkers doen:

Ons het 'n crèche op die plaas. Ons het 'n opleidingsentrum hier binne. Daar is rekenaars daar. Ons gee toegang vir die kinders om na ure skoolwerk te kom doen. En daar is 'n vrou wat hulle help om dit te doen. Ons het so drie of vier jaar terug so ongeveer 50 mense binne werksure op ABET (Adult Basic Education and Training) gehad. Ag, ons het sport en al daai goed (Gustav, boer, Welverdiend).

Herman (boer, Uitsig) sê dat hy nie self betrokke is by die skoolkinders nie, maar dat hy nog altyd die skool “nail” indien daar enige probleme is. Deur met die skole te onderhandel indien daar enige probleme is, wys die boer sy positiewe betrokkenheid en welwillendheid teenoor die plaaswerkers en hul kinders. Volgens hom skep hy geleenthede vir die kinders om na hulle toe te kom indien hulle sukkel met iets:

As [’n plaaswerker] sê, ‘my seun of my dogter het ’n probleem, help my’, dan is die deur oop. So by ons is dit nie ’n issue nie. Maar ons ‘nail’ die skole (Herman, boer, Uitsig).

Party boere dink nog steeds hulle kan die kinders van die plaaswerkers dissiplineer, ongeag wetgewing of wat die “regering” sê:

Ek sal nie sê ek meng nie in nie. Kyk, as hulle nie netjies aangetrek is nie of hulle trek hulle klere deur die gat, dan stop ek en ek sê dit vir hulle. Geen regering gaan vir my dit stop om dit te sê nie. As jy ’n kind hier in skooltyd sien stap, dan stop jy en jy vra vir hom, ‘waarvanaf kom jy, waarnatoe gaan jy en hoekom is jy nie in die skool nie, op watter plaas bly jy?’. [Want dit is] net die begin van onheilighede. En geen regering kan my dit stop om dit te doen nie (Herman, boer, Uitsig).

Dit is duidelik uit hierdie aanhalings dat boere voel die staat nie hulle kant bring ten opsigte van die kinders se skoolopvoeding of om te sorg dat die kinders by die skool is nie. Daarom gaan hulle voort om paternalistiese beheer oor plaaswerkers uit te oefen.

Bob (boer, Kleinfontein) ondersteun die plaaswerkers se kinders indien hulle verder wil gaan leer of indien hulle enige opleiding wil ontvang:

Ek is besig om te kyk of [die een plaaswerker] se ‘laaitie’ nie verder wil gaan leer nie. Maar ek gaan hom nie hier inneem nie, hier is klaar twee wat ons hier besig is om te leer. Op ’n kol gaan ek teenoor hulle moet optree as hulle nie vir hulle leerlinglisensies kry nie. [Die] ooreenkoms was hulle kan hier begin, maar dan kry hulle ’n lisensie. Want dan kan hy met die lisensie ’n ander werk gaan kry as hy wil hê. Verstaan jy, maar hulle is lui. Hulle doen dit nie. Maar jy hoor nooit hierdie goed van die mense nie. Hierso is nou een hier by ons wat standerd ses deurgekom het. Ons wil hê hy moet gaan verder leer. Hier is nie nog vir hom werk op die plaas nie, maar sy pa bly hierso. Hy kan enige plek waar hy wil gaan studeer (Bob, boer, Kleinfontein).

Die plaaswerkers op Uitsig uiter waardering vir boere se betrokkenheid in hulle kinders se opvoeding:

Kyk soos hierso by ons op die plaas, soggens word die kinders opgelaai hier en word daarbo by die busstop afgelaai. So die boer gee sy vervoer dat die kinders daar by die skole uitkom (Koois, plaaswerker, Uitsig).

Dit is elke ouer se plig om te sorg dat sy kinders moet skool toe gaan. Dit begin maar by die ouer. Die boer gee ook om oor elke kind wat skool toe gaan

en hy help om te sorg dat die kinders skool toe gaan (Pieter, plaaswerker, Uitsig).

Die kinders kan selfs kantoer toe kom vir hulp om hulle skoolvlakke te slaag (Hanna, plaaswerker, Uitsig).

4.4.4. Godsdiens vir plaaswerkers

Volgens Du Toit (1993:316) bestaan paternalisme uit 'n "morele gesag" wat die boer op alle aspekte van die werkers se lewens uit oefen. Dit gee boere die mag om te besluit wat goed of sleg vir die werkers is. 'n Goeie voorbeeld van die morele gesag lê op die vlak van godsdiens. Volgens Ewert en Hamman (1999) beskou boere die organisasie van sosiale en geloofsaktiwiteite vir werkers as morele advies en neem hulle die verantwoordelikheid om die werkers op die plase se "beste belange" te beskerm:

My ouma het elke Sondag vir ons plaaswerkers gaan kerk hou. En sy het van die mense gekatkiseer. En dit is nie om neerhalend te praat nie, maar ek dink die mense se situasie is so dat hy (die plaaswerker) kan nie uit die 'boks' uit en oor die horison sien nie. Sy wêreld is vir hom die omgewing wat vir hom bekend is en hy het nie die geleentheid of die vermoë gehad om anderkant die bult te sien nie. En ons wat anderkant die bult gesien het en weet daarvan, ons moet dit vir hom probeer moontlik maak (Frik, boer, Goedgesind).

Frik (boer, Goedgesind) se woorde suggereer dat sonder godsdiensonderrig aan werkers, die werkers nie self die vermoë het om langtermynbesluite te neem nie. Terselfdertyd word godsdiens ook gebruik as 'n vorm van sosiale beheer. Die boere gebruik godsdiens en beskou hulself as morele leiers op die plaas wat vir die plaaswerkers leiding moet gee. Hierdeur toon die boer dat hy verantwoordelikheid neem en in beheer is op die plaas, ook deur middel van godsdiens.

Herman (boer, Uitsig) verduidelik dat "persoonlike groei" die plaaswerkers gehelp het om te kom waar hulle vandag is en dat hy hulle in die verlede gehelp het deur vir hulle 'n kerkgebou beskikbaar te stel toe hulle dit vir hom gevra het:

Toe hulle vir my sê hulle wil vervoer na 'n kerk toe hê, toe sê ek nee, ek gee liever vir hulle 'n saaltjie. En nou elke Sondag word die saal bespreek by my. Hierdie week is dit die AGS, volgende week is dit die verlose pinksters en 'whatever'. Maar ek het hulle die geleentheid gegee om die kerk hiernatoe te bring. En om hier tien karre te sien op 'n Sondagmôre is baie "nice". Destyds het hulle dronk gelê teen die pad en nou stap hulle kerk toe [op] dieselfde tye (Herman, boer, Uitsig).

Herman (boer, Uitsig) het 'n kerk gegee sodat hy 'n mate van beheer oor die werkers (asook oor die gehalte van hulle werk) kan hê omdat die werkers nou minder drink en meer kerk toe gaan. Dit is vir hom beter om beheer oor die plaaswerkers uit te oefen deur vir hulle 'n kerkgebou te verskaf. Aangesien die plaaswerkers nog die gebou by die boer moet bespreek, kan hulle nie die gebou gebruik soos hulle wil nie en het die boer steeds die finale sê.

Volgens Jan (boer, Kwaiwater) het hy in die verlede meer moeite gedoen om die plaaswerkers Sondae in die kerk te kry. Omdat hy nie meer betrokke is by die plaaswerkers nie, is hy onseker of hulle nog kerk bywoon:

Nou 'n klompie jare terug as jy Sondag kerk toe ry, was baie van die werkers ook met 'n vragmotor of met 'n trekker of 'n wa op pad kerk toe. Jy sien dit nie meer nie. En ek dink dit is die grootste deel van die goed wat verander het (Jan, boer, Kwaiwater).

Alhoewel Jan (boer, Kwaiwater) bewus is van hoeveel moeite dit is om die werkers se godsdienst te organiseer, is hy steeds oortuig daarvan dat die verlede beter was vir plaaswerkers:

Ek sê weer, in baie gevalle was dit gerieflik om net met verantwoordelikheid af te skaal tot 'n lonekoevertjie, aan die ander kant is ek nie so seker of die mense aan die ander kant soveel beter af is nie. Ek dink hulle het meer verloor (Jan, boer, Kwaiwater).

As Jan (boer, Kwaiwater) sê dat die plaaswerkers “meer verloor het”, toon dit dat hy dink dit was vir die plaaswerkers beter in die verlede toe hy as boer beheer oor hulle gehad het. Dit dui ook aan dat hy dink die plaaswerkers, wat hy as “kinders” beskou, slegte besluite neem nou dat hy nie meer beheer oor hulle doen en late mag hê nie.

Volgens die plaaswerkers op Ongegund wil almal hê dat die godsdienst wat hulle in die oggende gekry het moet terugkom sodat dit die verhoudings op die plaas kan beter maak en hulle nie sulke “ongelukkigheid” by die werk hoef te hê nie:

Ons wil hê hulle moet die godsdienst terugbring (Lienkie, plaaswerker, Ongegund).

Ja, dit is so (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Toe daai weggeval het, toe lyk dit of alles in die afgronde af is (Liesbet, plaaswerker, Ongegund).

Alles is teen die grond af. Ons was nou nie deel van die pakkie nie, maar die mans het altyd vir ons kom sê wat die boodskap in die oggende is (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Vandat die nuwe bestuurdertjie kom inval het, toe val die godsdienst weg (Schalk, plaaswerker, Ongegund).

Dit het alles deur die mat geval (Bella, plaaswerker, Ongegund).

Die gesinslede van die plaaswerkers het dit geniet as die mans in die oggende vir hulle die godsdienst boodskap van die dag kom vertel het. Alhoewel hierdie optrede deur die boere gesien kan word as “godsdienstige dissipline” en beheer, wil die plaaswerkers dit terug hê. Dit toon weer dat werkers saam met boere paternalisme in stand hou of wil in stand hou. Dit is ook nie dat die plaaswerkers bloot die godsdienst op die plaas mis nie, maar eerder dat hulle teleurgesteld is omdat daar eers 'n

ooreenkoms tussen hulle en die boer was en dat dit nou nie meer daar is nie. Daardie “teleurstelling” dui weer op die diskoers van ontwrigting wat ontstaan het omdat die boer as gevolg van wetgewing nie meer so betrokke by die plaaswerkers is nie.

4.4.5. Gesondheidsdienste vir plaaswerkers

Die plaaswerkers was en is vandag nog afhanklik van die boer om vir hulle vervoer te bied na, byvoorbeeld, ’n hospitaal wanneer iemand siek is. Volgens die plaaswerkers van Welverdiend het die boer hulle in die verlede baie gehelp met gesondheidsake. Hulle besef dat dit nie vir die boer nodig is om hulle te help nie, maar dat hy dit steeds doen:

[Die een plaaswerker se dogtertjie] was maar vyf jaar oud en toe is sy met suiker [diabetes] gediagnoseer. Sy is van hier af na die dokter toe en van die dokter is sy Grootte-Schuur toe en van Grootte Schuur af is sy Rooikruis [hospitaal] toe. Hy [die boer] het al die pad vir haar so gery. Hy en sy vrou. Wat hulle nie eers miskien kon gedoen het nie, maar hulle was daar (Clara, werker, Welverdiend).

Uit die bogenoemde aanhaling is dit duidelik dat die plaaswerkers dankbaar is vir dit wat die boer (wat hulle as ’n vaderlike figuur beskou) vir hulle ten opsigte van gesondheid doen en dat die boer ook nog beheer neem daarvoor.

Volgens Gustav (boer, Welverdiend) is hy nie meer so betrokke by die gesondheidsake van die plaaswerkers soos wat hy in die verlede was nie. Hy neem hulle, byvoorbeeld nie meer hospitaal toe nie. Hy sê dat hy steeds reël dat daar mense is wat help om die plaaswerkers te rehabiliteer van drank. Dit bewys dat hy nog beheer neem en die plaaswerkers help, soos ’n pa wat sy kinders help as hulle na hom toe kom wanneer hulle in nood is:

Ons het ’n maatskaplike werker wat twee keer ’n maand ten minste kom werk op die plaas. En ook, ons het al ’n paar mense gestuur vir rehabilitasie. So dit is van die klas goed. Maar jy weet, jy doen al hierdie goeie goed en dan sien hulle dit nie noodwendig raak nie. Al wat hulle sê is, ‘hoekom mors jy geld op daai ou, hy sal nóóit ophou drink nie’. So, ja, ek dink ons moet meer betrokke wees. Maar ai, my lus en my sin raak ook partykeer op (Gustav, boer, Welverdiend).

Bogenoemde stelling van Gustav (boer, Welverdiend) kan vergelyk word met uitsprake van Abercrombie en Hill (1976). Abercrombie en Hill (1976:418) verwys daarna dat paternalistiese verhoudings in ’n organisasie uit familie-verwante aspekte bestaan en dat dit gebaseer is op minder persoonlike, kollektiewe verhoudings. Gustav (boer, Welverdiend), wat op ’n groter plaas boer, het nie meer persoonlike verhoudings met die plaaswerkers nie. Hy stel, byvoorbeeld, eerder ’n maatskaplike werker aan om na die plaaswerkers se gesondheid om te sien, as om dit persoonlik te doen. Dat hy ’n maatskaplike werker aanstel om na die plaaswerkers om te sien, wys dat hy wel nog besorg is oor die “kinders” op die plaas.

Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) is 'n mediese fonds deel van sy pakket. Volgens hom is verlof 'n gegewe en is dit “niks snaaks” nie, bedoelende dat plaaswerkers 'n reg daartoe het. Volgens Herman (boer, Uitsig) probeer hulle sorg dat elke plaaswerker op die plaas 'n polis het. Volgens hom het die meeste mense wat vir hom werk 'n uittree-/aftreepolis. Sy siening dat dit nie altyd maklik is om die plaaswerkers te los dat hulle dit self doen nie omdat die plaaswerkers dink aan die geld wat hulle nou ontvang en dink iemand sal mos later na hulle kyk, beklemtoon die oortuiging dat plaaswerkers nie die vermoë het om langtermynplanne te maak nie. Die lae maandelikse inkomste van die plaaswerkers kan 'n impak daarop hê dat hulle net vir hulself kan sorg en nie kan spaar nie.

Volgens die plaaswerkers op Uitsig kan hulle enige tyd na die boer gaan om hulle uit te help indien daar iemand is wat siek is:

As enige kind siek word en jy gaan daarnatoe en sê nou maar jy het nou nie geld nie, dan skryf hy 'n voorgeskrewe ‘doktersbrief’ uit vir jou [wat vir jou toestemming gee om afwesig te wees sodat jy af kan kry by die werk sodat jy na die dokter of die kliniek toe kan gaan] (Gert, werker, Uitsig).

4.4.6. Finansiële beheer oor plaaswerkers se persoonlike geld

Finansiële beheer oor plaaswerkers se geld is 'n area van konflik. Wetgewing verhoed boere om finansiële besluite namens hul werkers te maak en dit veroorsaak 'n diskoers van ontwrigting in verhoudings tussen die boere en plaaswerkers. Plaaswerkers is nou meer onafhanklik en neem hul eie finansiële besluite en koop items op huurkoop. Boere word daarvan verhoed om sonder vooraf bespreking aftrekkings van werkers se salarisse of lone te maak. Die regulasie probeer voorkom dat werkers se finansiële regte misbruik word. Alhoewel boere nou gevrywaar word daarvan om werkers se transaksies te borg en verantwoordelikheid vir werkers op hul skouers te neem, ervaar boere dit dat hul gesag ondermyn word. Dit kom voor asof hul gesag op die aanname gegrond is dat hulle weet wat die beste is vir die werkers, aangesien hulle die werkers se finansiële posisie ken en ook omdat hulle die plaaswerkers “verstaan”. Daar is drie kern idees/reaksies oor finansiële beheer op plase wat uit die onderhoude met die boere na vore kom.

Die eerste reaksie is dat die boer hom onttrek van enige finansiële ooreenkomste en aankope wat plaaswerkers doen. Sulke boere onttrek hulself van die verantwoordelikheid teenoor die werker of die instansie waar die werker die item gekoop het. Hierdie boere neem ook aan dat die werkers nie in staat is om enige verantwoordelike finansiële besluite te neem nie. Die boer Jan en sy seun Klein Jan van die plaas Kwaaiwater is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) het hy in die verlede meer beheer gehad oor die plaaswerkers se finansies. Hy het toe ook plaaswerkers gehelp om sekere items vir hulself aan te koop terwyl die plaaswerkers dit dan aan hom deur 'n rentevrye lening kon terugbetaal. Hy het die terugbetaling gekoppel aan die plaaswerker se vermoë om dit te betaal, veral ook omdat hy sy werkers op 'n persoonlike vlak geken het. Volgens Jan (boer, Kwaaiwater) verhoed die wetgewing hom vandag in 'n mate om

nou “in te meng”. Dit is nou vir hom beter om kwessies wat nie deur die arbeidswetgewing gedek word nie eerder te ignoreer:

Vanoggend daag hier papiere op van ’n regsfirma. Die werker het ’n televisiestel gekoop in [die dorp]. En vanoggend daag die balju op en hy soek R3800 vir ’n televisiestel. Dit is absurd. 22.1% rente staan daar. My eerste reaksie is, hy [die werker] het dit gedoen. En sê vir hom ‘betaal die ding, jy het hom gekoop’... Die maklike manier, en dit is ongelukkig wat baie van hierdie goed veroorsaak, is bly op ’n afstand en moet nie betrokke raak nie. Dit is [die plaaswerker] se probleem, ek betaal sy salaris en dit is sy probleem (Jan, boer, Kwaiwater).

Volgens Jan (boer, Kwaiwater) het die begin van die nuwe “stelsel” van daardie “goeie goed” (soos om die werkers te help om iets te betaal) weggevatt:

Na 1994 het ek verseker gestop daarmee [om vir die plaaswerkers met finansiële besluite te help]. Want ek was beskuldig daarvan dat ek trek van sy salaris af sonder sy medewete. So dit het gemaak dat jy die goed anders hanteer (Jan, boer, Kwaiwater).

Jan (boer, Kwaiwater) dui aan dat die uitbreiding van wetgewing veroorsaak het dat hy nie meer so betrokke by die plaaswerkers se finansies of maatskaplike welsyn wil wees nie:

Weet jy, Christine, ek het al baie daarvoor gedink. Ek was op ’n suiwer kontantloonstelsel. Ons het geld gegee, en hy gaan huis toe op ’n Vrydagmiddag. ‘And that’s it’. Toe kom van die vrouens na my vrou toe en sê maar daar kan nie verhogings vir die manswerkers gegee word nie. Die vrouens sê die mans kom dan as hulle die verhogings kry huis toe, sit hulle sakke neer en dan gaan ‘spend’ hulle die geld. En die gesinne ly daaronder en kry nie die inkomste nie. Ek is bevrees dat huislike en maatskaplike opheffing het heeltemal tot stilstand gekom. En op ’n stadium, lank terug, het ons ’n voltydse maatskaplike onderwyser of werker aangestel hier. Nou is ek totaal onbetrokke, jy weet ek staan opsy, dit is nie meer my werk nie en iemand anders moet dit doen (Jan, boer, Kwaiwater).

Jan (boer, Kwaiwater) distansieer hom nou van die belange van die werkers. Hy vergoed nou die werkers slegs met ’n loon, alhoewel daar wantroue is dat die werker die geld ‘reg’ sal gebruik. Dit wys dat die paternalistiese praktyk mag verander het, maar die persepsie van die werker as ’n kind duur voort:

So by ons het definitief, [alhoewel] ek nie dink in die persoonlike verhouding van my tot my werkers het daar nie wantroue gekom nie, maar die manier hoe ons dit hanteer het, het verander. In plaas van voorskriftelik [te wees] gee ek nou sy geld vir hom en hy kan maak wat hy wil (Jan, boer, Kwaiwater).

Volgens Klein Jan (boer se seun, Kwaiwater) hou dit vir die plaaswerkers meer negatiewe gevolge in dat hulle nie die geld vir hulle mag terughou en hulle mag help om te spaar nie. Hy sê ook dat die plaaswerkers nie met die geld kan werk nie:

Maar nou sê die wetgewing ek mag nie hulle geld terughou nie. So nou gee ek dit vir hulle. 'n Goeie voorbeeld was my een werker, ek betaal hom met die oortyd en die bonusse en die goed. [Toe ontvang hy] so R6 000. Nou sê ek [vir hom] hy moet nie alles gaan blaas nie. Nee, nou lag hy [vir my]. Die Donderdag het ons gestop [met] werk, daai Saterdag toe kry ek hom in die dorp. Vuur-, vuurwarm (dronk). Nou kom praat hy daar met my. Nou sê hy ma gee daar 'n R10. Nou sê ek maar ek het dan nou vir jou 'n klomp geld gegee. Nee, daai geld is op. [Van] Donderdag na Saterdag [is] R6 000 geblaas (Klein Jan, boer se seun, Kwaaiwater).

Die vrouens op die plaas Kwaaiwater het die boer gevra vir hulp deur hulle mans se geld te beheer. Dit veroorsaak die tweede tipe reaksie waar die boer wel die geld van die plaaswerkers terughou.

Die tweede reaksie is een waar die boere die werkers uitnooi om by hulle te kom raad kry oor enige finansiële besluite wat hulle wil neem. Die boer, Bob van Kleinfontein, is 'n goeie voorbeeld hiervan. Bob (boer, Kleinfontein) is tog verras dat die werkers, hoewel hulle weet hulle sy hulp en raad oor finansiële besluite kan kom vra, nie na hom toe kom daarvoor nie, maar hulle eie finansiële besluite neem ongeag die feit dat hulle nie die paaie van die items wat hulle besluit om te koop kan bekostig en betaal nie. Die verwagting dat werkers nie hul eie finansies gaan bestuur nie, lei daartoe dat Bob (boer, Kleinfontein) die werkers se bonusbetalings terughou tot op 'n latere stadium. Dit toon dat hy nog beheer oor die werkers se finansies uitoefen.

Volgens Bob (boer, Kleinfontein) het een van die plaaswerkers onlangs vir hom items op huurkoop gekoop by een van die groot kettingwinkels (Lewis Stores). Aangesien die plaaswerker nie die paaie van die items kon bekostig nie, het die Lewis Stores-bakkie na die plaas gekom. Toe Bob (boer, Kleinfontein) die bakkie op die plaas sien, het hy dadelik verantwoordelikheid aanvaar vir die “kinders” op die plaas en die probleem gaan uitsorteer. Die boer het die werknemers van Lewis Stores gekonfronteer daarmee dat hulle die items aan die plaaswerkers verkoop terwyl hulle weet dat hulle dit nie kan bekostig nie. Hy raak gefrustreerd daarmee en dit maak hom mismoedig dat die plaaswerkers weet hulle na hom toe kan kom, maar dan tog steeds goedere op hulle eie gaan koop. Toe ek vir die boer vra hoekom hy dink die plaaswerkers dit nog doen, was sy antwoord:

Die plaaswerker het geen verantwoordelikheid teenoor homself of teenoor sy vrou en kind wat honger by die huis is nie (Bob, boer, Kleinfontein).

Hierdie stelling toon eerstens dat die boer die plaaswerkers as kinders beskou wat nie genoeg verantwoordelikheid het of neem nie. Tweedens maak ek die afleiding dat hierdie gebied van die min plekke is waar werkers hulle eie besluite kan neem. Du Toit (1993:325) verwys daarna dat manlike plaaswerkers se manlikheid deur die outoritêre gesag van boere ondermyn word en dat hulle daarom hul eie gesag en besluite in hul huise afdwing.

Volgens Bob (boer, Kleinfontein) hou hy nog altyd die plaaswerkers se bonusgeld terug en help hy hulle daardeur om te spaar. Hy sê dat een van die plaaswerkers vies is vir hom omdat hy al sy geld wil hê. Maar volgens die boer wil hy dit nie vir hom gee nie omdat hy glo dat die plaaswerker die geld gaan uitmors deur drank te koop en

dan nie vir werk gaan opdaag nie. Nog 'n rede waarom die boer die geld terughou is omdat die plaaswerkers, volgens hom, nie kan spaar nie. Hy sê dat, wanneer dit maandeinde is, drink die plaaswerkers al hulle bonusgeld uit. Die boer dui aan dat een van die plaaswerkers gedurende die voorafgaande naweek 'n R1000,00 “geblaas” het en dat hy nie vir sy vrou of sy kind 'n sent van daardie geld gegee het nie.

Bob (boer, Kleinfontein) se weerhouding van die plaaswerkers se geld toon dat hy paternalisties optree teenoor die plaaswerker. Dit is die verskil tussen paternalistiese boere in die verlede en paternalistiese boere vandag. Toe paternalisme nog sterk teenwoordig was in die verhoudings, soos tydens die apartheidsjare, sou die boer ook dalk daardie “persoon” gewees het tussen die plaaswerker en Lewis Stores, maar hy sou dit net uit sy eie gedoen het. Nou is dit die gevolg van die reg wat die plaaswerker het om daardie aksie te neem. Werkers het vroeër minder mag gehad, maar met die inwerkingtrede van wetgewing het die plaaswerkers meer mag.

Die derde reaksie is een waar die boere steeds probeer om die werknemers op die plaas te leer hoe om die regte basiese finansiële beginsels toe te pas. Johan (boer, Ongegund) is 'n goeie voorbeeld hiervan en het die geleentheid gehad om een van sy werkers so te bemagtig. Hy neem aan dat die werkers nie finansiële besluite sonder sy kundigheid kan maak nie.

Volgens Johan (boer, Ongegund) is die implementering van wetgewing nadelig vir die plaaswerkers omdat “hulle eie mense hulle nou indoen”. Die boer het nie meer beheer oor hulle finansies of wie op die plaas aan hulle produkte/goedere verkoop nie. Dit veroorsaak dat die plaaswerkers partykeer deur hulle eie mense ingedoen word omdat hulle nie genoeg opleiding het oor hoe om hul eie finansies te bestuur nie:

As ek nou vat ons het ‘time and time’ 'n stryd gehad met hierdie Lewis-bakkies wat so gery het. [Die plaaswerkers] wil nie na die boer toe gaan nie [maar wil eerder] iets op [hul] eie doen. Maar ek [as boer] het geleer van kleintyd af [en] my pa het nog vir my in 'n proses geleer om te weet wanneer en hoe 'n mens 'n transaksie in mekaar pas. Ek dink dit is 'n leemte in hulle. En dan buit die ander mense vir hulle uit [deur] rentekoerse [en] op betaaltermen. En ek dink dis hoekom baie boere gesê het, luister maar kom ons doen dit self. Ek weet ek kry die rand se waarde vir hom terug. As ek dit vir [die plaaswerker] gee om te doen dan weet ek op hierdie stadium hy is nie opgewasse om daai transaksie in mekaar te sit nie. As ek vir jou x-bedrag in jou rekening of geld in jou hande gee en sê vir jou koop jou eie geiser, dan wonder ek wat sou gebeur het. So dit was eintlik 'n groot dryfveer en 'n groot motivering van kom ek doen dit vir julle.

... Noudat ons by daai stadium verby is en die wet my verplig om x-bedrag geld in jou rekening in te betaal of vir jou te betaal, sê ek luister hier, maak daarmee self net wat jy wil. Ek dink daar is 'n helse groot sprong van neem verantwoordelikheid vir daai rekening ewe skielik. Ek moet die ‘comebacks’ hanteer. Dit gaan [daaroor] dat as ek dit self doen, dan weet ek dit is gedoen. So, dit is die verskil tussen hoekom gee ek nie vir hom die geld nie en hoekom laat ek dit doen (Johan, boer, Ongegund).

Volgens Johan (boer, Ongegund) kan die plaaswerkers vandag steeds enige tyd vir hom kom sê as hulle iets nodig het:

Ek moes iewers heen gaan en toe reën dit die dag. Toe sê ek [vir die een werker], ‘kom, jy wil mos ’n koelkas hê, kom ons gaan kyk, kies daar vir jou een uit’. Jy kan betaal net wat jy wil, kies daar vir jou een uit. En so sê hy vir my ‘hierdie enetjie’. Ek sê dis reg. Kom ons kyk gou per liter wat daai een vir jou kos. R1500 dan kry jy 50 liter, hierdie een kos vir jou R2000 en dan kry jy 80 liter. Kom ons werk dit gou die som per liter uit. So koop hy toe die koelkas. Nou dink ek, ek hoop hy sal dit in die toekoms ook so kan doen. So as jy nou nie na die prys kyk nie, spuit so ’n paar dae meer en dan gaan jy daai geld oor tyd betaal. So hy kom vra, ‘Meneer, ek soek ’n koelkas’ (Johan, boer, Ongegund).

4.4.7. Opleiding en bevordering

Die boere wat die plaaswerkers oplei of laat oplei wys dat hulle steeds beheer neem oor die plaaswerkers. Hulle help om die plaaswerkers te bevorder alhoewel dit nie iets is wat die wetgewing van hulle verplig om te doen nie. So tree hulle as ’n “vaderfiguur” op, soos die boer ook sy eie kinders sal help. Deur die plaaswerkers te bevorder en op te lei het die boer meer beheer oor die plaas aangesien die werkers wat beter oplei is die gehalte van werk op die plaas kan verbeter.

Herman (boer, Uitsig) het in die verlede, toe hy op die plaas gekom het, besluit om geleenthede vir bevordering te skep vir die plaaswerkers. Volgens hom is al wat die plaaswerkers moes doen om die geleenthede te gebruik:

Ons probeer predik, elke ou moet sy eie verantwoordelikheid vat, soos byvoorbeeld ek het nou ’n ander jong [man] wat by my help in die pakstoor. Hy is eintlik ook ’n bestuurder by my op die plaas. Ek werk eintlik glad nie direk met die werkers nie. Dis een van my plaasmanne wat net standerd ses het. Hy hanteer dit. En hy het die geleentheid gekry (Herman, boer, Uitsig).

Herman (boer, Uitsig) vergelyk die vordering van die plaaswerker met dié van blanke werkers wat opleiding by hom gekry het en impliseer dat sy verhouding met die werker een van lojaliteit is:

Ek het drie sogenaamde blanke ouens ‘grootgemaak’ en dan werk hulle drie jaar en dan dink hulle hulle weet genoeg en dan bedank hulle. Toe maak ek die pos oop en toe doen hy aansoek. Ek is nou nog nie vir een oomblik spyt nie en hy is nou al twee jaar van aftrede af al (Herman, boer, Uitsig).

Herman (boer, Uitsig) se besluit om plaaswerkers te bevorder eerder as om mense van buite af aan te stel, toon dat dit beter is vir die boer om beheer te hê oor die pos en die plaaswerker wat die pos inneem, as om iemand van buite af aan te stel wat elk geval kan bedank en wat nie deur die boer beheer kan word nie. Dit toon ook die boer se lojaliteit teenoor sy werkers. As die boer een van die plaaswerkers aanstel, weet hy dat die plaaswerker nie sommer net kan bedank nie aangesien die persoon op die plaas bly en “afhanklik” van die boer is en hy/sy nie sy verblyf dan gaan verbeur nie.

Dit is duidelik dat die bevordering van Kleurling-bestuurders vir Herman (boer, Uitsig) ’n verhaal van bemagtiging is:

Toevallig met die twee ouens wat jy gaan onderhoud voer, een van hulle is my bestuurders. Klink nou snaaks maar hy was ’n dronkgat gewees, maar is nou een van my bestuurders. Hy sal dit ‘ten to one’ ook vir jou sê. En die ander een is my besproeiings-ou. Elke ou het sy eie bakkie en elke ou het sy vierslaapkamerhuis. Elkeen het hulle eie privaat voertuie, wat nou niks met my te doen het nie. Maar ons is omtrent, sê nou maar ons is twee plase, ek het ’n bemagtigingsplaas. Die een outjie was die voorsitter van die trustees van die bemagtigingsplaas, maar hy het gesê hy het te veel drama. So ons het nou ’n jonger outjie wat aangestel is wat die voorsitter van die trustee is (Herman, boer, Uitsig).

Die werkers op Welverdiend sê daar is vir hulle nou meer geleenthede op die plaas en dit word nou ook op die kennisgewingbord geadverteer. Hulle is vry om aansoek te doen vir werk. Dit dui op ’n gevoel van “behoort” en ’n lojaliteit tussen die werkers en die boere:

Die geleenthede is wel op die plaas en ek kon al ’n bestuurder op die plaas gewees het. Dit het alles van myself afgehang en ek het ongelukkig nie die geleentheid gevat nie. My kop het ’n bietjie uitgehaak (Stoffel, werker, Welverdiend).

Kyk, in die verlede nê, toe was daar nie opleidingsessies en so aan nie. Waar daar nou van vandag af is, daar is opleidingsessies van nou af. Dit hang net van jou as werker af of jy wil aanpas of so. Wil jy daai geleentheid aanvat en sou jy nie, is dit jou probleem, maar die geleentheid is daar nê. Die wet het voorsien daarvoor (Clara, plaaswerker, Welverdiend).

Ek het hier as ’n seisoenwerker begin. Na matriek. Ek het as ’n seisoenwerker drie maande begin werk en toe het ek begin monitor. Toe het ek vir my kom aansluit en so het ek myself opgewerk tot waar ek vandag is. Sien dit is ’n plaas met geleenthede. Dit hang net af wat jy daarvan gaan maak. Hoe jy die uitdaging aanvaar. Ek het dit beskou as ’n uitdaging en so groei ek nog elke dag in my werk. Ek bly nie waar ek is nie (Nicolene, werker, Welverdiend).

Bob (boer, Kleinfontein) beklemtoon dat hy in die toekoms nog opleiding en geleenthede aan die werkers op sy plaas wil gee:

Wat ek miskien nog ’n bietjie aandag aan moet gee is die opleiding. Daar is nou weer nuwe kursusse. Ek het met die mense wat die inligting het gepraat en ons gaan hulle definitief in die seisoen wat nou kom [oplei]. Na die oes sal ons hulle ’n bietjie opleiding laat doen, soos byvoorbeeld die onderhoud van masjinerie en so aan (Bob, boer, Kleinfontein).

Wanneer daar na verhoudings tussen boere en plaaswerkers in post-apartheid Suid-Afrika gekyk word, word dit duidelik dat die verhoudings tussen die twee partye baie kompleks is. Die verhoudings tussen boere en plaaswerkers wat jare gelede deur slawerny gevorm is, is mettertyd deur verskeie faktore beïnvloed. Alhoewel arbeids-

en verblyfregwetgewing uitgebrei is om die verhoudings op plase en die omstandighede van plaaswerkers te verbeter, is die plaaswerkers nog afhanklik van die boere vir 'n bestaan en het die boere steeds mag oor die plaaswerkers op die plaas. Omdat die boere die mag oor die plaaswerkers het, neem hulle die finale besluite, beheer hulle die werkers en dra hul die verantwoordelikheid op die plaas. Die verhouding is nog meer kompleks omdat daar tog ware gevoelens van lojaliteit en empatie tussen boere en plaaswerkers voorkom. In die volgende hoofstuk word die gevolgtrekking van die studie bespreek.

Hoofstuk 5: Gevolgtrekking

Met die uitbreiding van arbeidswetgewing na plaaswerkers kort voor en direk na die demokratiese oorgang in Suid-Afrika, het die verhoudings tussen boere en plaaswerkers op kommersiële plase in Suid-Afrika die aandag van navorsers geniet. Daar was 'n belangstelling in hoe die toetrede tot internasionale markte en die druk op produktiwiteit, die afname in die steun van die staat aan kommersiële boere, volle politieke regte aan swart mense en die uitbreiding van arbeids- en verblyfregwetgewing na plaaswerkers, die verhoudings op plase beïnvloed.

Verhoudings op plase is oor eeue gekenmerk deur grootskaalse paternalisme. Navorsers het bevind dat modernisering op plase wel plaasgevind het, maar dat paternalisme steeds voorgekom het. Du Toit (1993) verwys hierna as 'n situasie van neo-paternalisme. Paternalistiese diskoerse op plase het volgens hom nie net verdwyn toe arbeidswetgewing na plase uitgebrei is nie, maar is eerder herontdek en verander. Daar is steeds 'n hiërargie in verhoudings, gekenmerk deur grootskaalse ongelykheid, ten spyte daarvan dat die plaas as 'n “familie” gesien word of almal as “deel” van die plaas met die boer as sentrale gesagsfiguur. Boere het steeds beheer uitgeoefen oor die meeste aspekte van die werkers en hul gesinne se lewens. My studie bou voort op hierdie werk, ongeveer vyftien tot twintig jaar later, en ek probeer vasstel wat die aard van die verhoudings tans is.

Abercrombie en Hill (1976) verwys na paternalisme as 'n ideologie van 'n “familie”, waar daar 'n direkte oordrag van familie-verwante beginsels is en waar almal deel en afhanklik van die organisasie as 'n geheel is. Ek het in my studie bevind dat plaaswerkers, net soos die boer, hulle beroep op die ideologie van almal-is-deel-van-die-plaas-as-'n-familie. Beide boere en werkers verwys na lojaliteit en verpligtinge teenoor mekaar, maar hierdie ideologie word ook soms gebruik om regte te ondermyn. Byvoorbeeld, waar werkerskomitees gebruik word om werkerskwessies binne die “plaasfamilie” te hanteer en nie mense of instansies (byvoorbeeld vakbonde) van buite af in te kry om die kwessies op die plaas op te los nie. 'n Moontlike uitkoms hiervan is 'n afwatering van werkerverteenwoordiging van buite die plaas.

Abercrombie en Hill (1976) verwys ook in hulle omskrywing van paternalisme na die dimensie van dissiplinerende van werkers en die beheer van die werkgewers oor alle aspekte van die werknemers se lewens, insluitende hul gesinslewe. Dit was vir eeue ook kenmerkend van verhoudings op plase. My navorsing het getoon dat, alhoewel ambivalent, boere en werkers steeds binne die ideologie van die plaas-as-familie boere se betrokkenheid by die plaaswerkers se gesinslewe motiveer en daarna verlang. Boere verwys na hulle morele verbintenis om betrokke te wees by werkers se gesinne. Daar is groot variasie in betrokkenheid, onder andere vervoer van werkers, behuising op die plaas, godsdienste, gesondheidsdienste, finansiële beheer, opleiding en bevordering, asook by die voorsiening van opvoeding vir die plaaswerkers se kinders. Werkers verwag ook hierdie paternalistiese voordele van boere. Waar dit afwesig is, verwys werkers met nostalgie en waardering na die verlede, toe die boer volgens hulle meer belangstelling in hul lewens getoon het. Vir hulle is dit 'n maatstaf van sorg en omgee.

Boere in my studie verwys na die afname in dissipline onder werkers, asook in hul eie vermoë om beheer uit te oefen, weens die erodering van hulle mag deur arbeids- en verblyfregwetgewing en vanweë werkers se bewussyn van, maar ook verwarring oor die groter beskerming wat hulle onder hierdie wette geniet.

Alhoewel beide boere en werkers se regte beskerm word deur arbeidswetgewing, beleef boere dit as 'n ondermyning van hulle outoriteit. Ambivalensie kom ook hier voor in die diskoers onder boere en plaaswerkers. Die boere begryp die noodsaaklikheid van die wetgewing en selfs die voordele van die formalisering, maar ondervind frustrasie as gevolg van die vermindering van hul mag. Aan die ander kant is werkers positief oor die groter beskerming wat hulle geniet en voel hulle ook dat omstandighede op die plaas verbeter het. Daar is nietemin verwarring oor watter regte deur wetgewing bepaal word en watter voordele boere bloot na goëddunke of uit welwillendheid aan hulle kan gee. Hulle hou ook nie altyd van die formele reëls en wette nie.

Die bogenoemde sluit aan by Orton, Barrientos en McClenaghan (2001:473) se bevinding dat veranderinge in arbeids- en verblyfregwetgewing op plase daartoe gelei het dat 'n diskoers van "gunste" tussen boere en plaaswerkers met een van regte ontwig is. Maar wat egter ook na vore kom, is 'n diskoers van wedersydse lojaliteit en empatie.

Abercrombie en Hill (1976) wys daarop dat die materiële belonings wat die ondergeskiktes in die paternalistiese werksopset ontvang, gewoonlik beter is as wat hulle elders of op hulle eie sou kry. Dit is waarom die ondergeskiktes steeds afhanklik van die paternalis wil bly. Dit is ook hier waar die paternalis se mag lê. Werkers wat op plase bly, vergelyk hul situasie met ander wat op die dorp woon en verwys ook na die voordele op die plaasopset wat nie op die dorp teenwoordig is nie.

Vermindering van en veranderinge ten opsigte van die tradisionele voordele (gunste) veroorsaak verwarring en ongelukkigheid onder plaaswerkers. Alhoewel die toestaan van hierdie voordele in 'n groot mate afhang van die boer, word hierdie keuse van die boer nou deels deur die wet aan bande gelê. Plaaswerkers ervaar druk en onsekerheid omdat hulle nie weet watter voordele of gunste hulle van die boere gaan kry en watter nie.

Met die demokratiese oorgang was daar hoë verwagtings onder werkers dat die regering in verskeie behoeftes van voorheen benadeelde individue sal voorsien. Maar, soos wat Devereux en Solomon (2011:7) aandui, het dit nie altyd so gebeur nie. Die staat het nie alternatiewe strukture geskep in terme van behuising of gemeenskapsondersteuning nie, terwyl alternatiewe werksgeleenthede byna nie bestaan nie. Derhalwe duur die afhanklikheid voort en die boere staan in waar die staat die werkers gefaal het. So behou hulle mag oor die werkers en terselfdertyd put die werkers ook voordeel daaruit, want boere gee steeds vir die plaaswerkers verskeie voordele en aanvaar verantwoordelikheid vir aspekte van die maatskaplike beskerming van werkers – voordele wat nie elders beskikbaar is nie. Op dié manier voorsien hulle steeds in die behoeftes van die plaaswerkers waarin die demokratiese regering byna twintig jaar na apartheid nie voorsien nie. Volgens Devereux en Solomon (2011:7) sluit hierdie voordele onder andere in dat plaaswerkers nog altyd krediet by plaaswinkels kry, dat hulle lenings by boere vir persoonlike noodgevalle

kry, en dat die boere nog in party gevalle plaasskole vir die plaaswerkers se kinders verskaf, sowel as vervoer na die klinieke, indien hulle dit benodig. Omdat die plaaswerkers op die plaas bly en direkte kontak met die boere het, maak hulle aanspraak op verskeie vergunnings. Aangesien daar nog altyd sommige boere is wat hierdie tradisionele voordele aan die plaaswerkers gee, bly die plaaswerkers afhanklik en wil hulle ook afhanklik bly van die boer se vrygewigheid. As gevolg van die swak ekonomie, lae lone, 'n ooraanbod van arbeid op plase en die feit dat plaaswerkers daarom maklik vervangbaar is, is plaaswerkers des te meer afhanklik van die boere.

Boere ervaar frustrasie omdat hul voel dat werkers nog altyd verwag dat hulle die tradisionele voordele of gunste van die boer moet kry, terwyl die staat nie erkenning daarvoor gee nie en werkgewers in ander ekonomiese sektore nie hierdie druk ervaar nie. Boere mis die ondersteuning wat die staat in die verlede aan hulle gegee het. Hulle voel dat hulle beter ondersteuning en begrip van die staat en die plaaswerkers behoort te kry vir "al die goeie goed" wat hulle vir die plaaswerkers en die land doen, byvoorbeeld hul bydrae tot voedselsekuriteit en werkskepping, kerkgeboue wat hulle vir die werkers oprig, die bystand wat hulle aan die werkers verleen ten opsigte van opleiding, gesondheid, vervoer en finansiële hulp. Hulle soek ook meer erkenning van die staat, veral omdat boere van mening is dat dit die staat se plig is om hierdie onderskeie goed aan die plaaswerkers te voorsien en dit dus eintlik op die staat se rekening behoort te wees. Daar is wel voorbeelde waar boere in 'n vennootskap met die staat tree en saam met munisipaliteite werk om huise vir die plaaswerkers in dorpe te voorsien.

Vir boere is daar duidelik 'n wisselwerking tussen voordele wat nie deur die wet gespesifiseer word nie en die vereistes van wetgewing. Met die druk op hoër lone en die impak op winsgewendheid word daar 'n prys gekoppel aan sekere tradisionele voordele. Heelwat variasie kom voor, byvoorbeeld die voordele word in sommige gevalle ook afgeskaf of verminder soos wat die wetgewing die boere frustreer. Daar is ook manipulasie van die tradisionele voordele en regte soos vervat in die wetgewing. Boere manipuleer die situasie binne die wetgewing omdat die wetgewing hulle nie verplig om aan al hierdie vereistes te voldoen nie. Daar is boere wat byvoorbeeld die vervoer wat hulle eers aan die plaaswerkers verskaf het, verminder of nie dit meer verskaf nie of werkers daarvoor laat betaal. Die plaaswerkers manipuleer ook die situasie deur steeds sekere voordele, soos vervoer, van die boer te verwag en te vra. Daar is ambivalensie onder boere oor hierdie gunste en hul voel dat die werkers die staat moet blameer waar die tradisionele voordele op die plaas verander of verval het. Maar daar is weer ambivalensie onder die boere aangesien daar ook boere is wat voel dat dit nog altyd hulle morele plig is om na die werkers om te sien en dat hulle daardeur beter werkers skep. Dus gaan hulle voort om voordele en vergunnings aan die plaaswerkers te gee.

My navorsing toon dat, alhoewel modernisering plaasgevind het en boere se mag oor werkers verminder het, die arbeidsopset in die landbou ongeveer twintig jaar na die demokratiese oorgang steeds paternalisties en hiërargies is. Die verhoudings op plase is kompleks en 'n kultuur van paternalisme en afhanklikheid duur voort. Die ambivalensies en teenstrydighede van lojaliteit, afhanklikheid, vergunnings, vergoeding en morele plig kleur die konteks waarin verhoudings tussen boere en plaaswerkers voortduur.

Die verhouding tussen die boer en die plaaswerkers is dus nie slegs ekonomies nie, maar weerspieël die kompleksiteit van werksverhoudinge wat oor generasies geskep is in 'n konteks waar “familie” en “besigheid”; en “werk” en “verblyf” verstrengel was. Wat hedendaagse verhoudings kompliseer, is 'n wisselwerking tussen paternalisme en modernisering en dit maak hierdie verhoudings selfs meer kompleks. Beide boere en werkers is afhanklik van die sukses van boerdery. Hul ervaar die druk om suksesvol te boer in 'n era van globale kompetisie en binne 'n konteks waar die staat beide partye gefaal het. Hierdie druk word ook na hul verhoudings met mekaar oorgedra. Gesmee in ongelyke verhoudings van afhanklikheid en lojaliteit hou hulle die kommersiële landbou aan die gang.

BRONNELYS

- Abercrombie, N en Hill, S. 1976. Paternalism and patronage. *The British Journal of Sociology*. 27(4): 413-429
- Barrientos, S. Dolan, C. 2006. *Ethical sourcing in the global food system*. Earthscan: UK en USA.
- Barrientos, S. 2008. Contract Labour: The ‘Achilles Heel’ of Corporate Codes in Commercial Value Chains. *Development and Change*. 39 (6): 977-990
- Beach, D.S. 1980. *Personal – The Management of People at Work*. New York: Macmillan.
- Bezuidenhout, A. Buhlungu, S. 2010. From Compounded to Fragmented Labour: Mineworkers and the Demise of Compounds in South Africa. *Antipode*. 43 (2): 237-263.
- Braun, V. Clarke, V. 2006. Using thematic analysis in Psychology. *Qualitative Research in Psychology*. 3 (92): 77-101.
- Bryman, A. 2008. *Social Research Methods*. 3rd edition. Oxford: Oxford University Press.
- Centre of Rural Legal Studies. 1994. New agriculture labour relations legislation. *Review of African Political Economy*. 21 (61): 448-451.
- Coetzee, J. 1991. Die Bevolkingsontwikkelingsprogram (BOP) en die toepassing daarvan deur die Landelike Stigting in enkele distrikte in Transvaal. Ongepubliseerde doktorsale tesis. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Crankshaw, O. 1997. Shifting Sands. *South African Labour Bulletin*. 21 (1).
- Davies, W. 1990. *We cry for our land: Farm Workers in South Africa*. Oxford: Oxfam.
- De Beer, J. 1992. *Arbeidsverhoudinge vir die Boer*. Pretoria: Sigma Press (Edms.) Bpk.
- Departement van Landbou, Bosbou en Visserye. 2010. Estimate of the Contribution of the Agriculture Sector to Employment in the South African Economy. Pretoria: Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.
- Du Toit, A. 1993. The Micro-Politics of Paternalism: The Discourses of Management and Resistance on South African Fruit and Wine Farms. *Journal of Southern African Studies*. 19(2): 314-336.
- Du Toit, A. 1994. Farm workers and the ‘Agrarian Question’. *Review of African Political Economy*. 21(61): 375-388.

Devereux, S & Solomon, C. 2011. Can Social Protection Deliver Social Justice for Farmwomen in South Africa?, in *Social Protection for Social Justice*. Brighton, UK: Institute of Developmental Studies: 1-24.

Ewert, J. Hamman, J. 1999: Why Paternalism Survives: Globalisation, Democratization and Labour on South African Wine Farms. *Sociologia Ruralis*. 39(2) 202-221.

Falletisch, L. Understanding the legacy of dependency and powerlessness experienced by farm workers on wine farms in the Western Cape. Ongepubliseerde magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Gibson, J. 2009. Land Redistribution/Restitution in South Africa: A model of Multiple Values. As the Past Meets the Present. *British Journal of Political Science*. 40 (10): 135-169.

Guillemin, M. Gillam, L. 2004. Ethics, Reflexivity, and “Ethically Important Moments”. *Research*. 10 (2). 261-280.

Hall, R. Kleinbooi, K. Mvambo, N. 2001. What land reform has meant and could mean to farm workers in South Africa, in *Land Reform and Poverty Alleviation in South Africa*. Pretoria: HSRC Conference. 1-10.

Hattingh, S. 2013. *Reaping What You Sow: Reflections on the Western Cape Farm Workers Strike, 9 Februarie 2013*. <http://zabalaza.net/2013/02/09/reaping-what-you-sow-reflections-on-the-western-cape-farm-workers-strike/> (Toegang verkry op 17 Februarie 2015).

Hayter, S. 1999. The Social Impact of Globalisation: *South African Labour Bulletin*. 23 (2).

Kritzinger, A. Barrientos, S. Rossouw, H. 2004. Global Production and Flexible Employment in South African Horticulture: Experience of Contract Workers in Fruit Exports. *Sociologia Ruralis*. 44 (1): 17-38.

Kritzinger, A. Vorster, J. 1996. Woman Farm Workers on South African Deciduous Fruit Farms: Gender Relations and the Structuring of Work. *Journal of Rural Studies*. 12 (4): 339-351.

Kritzinger, A. Vorster, J. 1997. The Conceptualization of Farm Family Business: Deciduous Fruit Farming in South Africa. *Sociologia Ruralis*. 37(1): 114-133.

Kritzinger, A. 2002. Rural Youth and Risk Society: Future Perceptions and Life Changes of Teenage Girls on South African Farms. *Youth & Society*. 33(4): 545-572.

Landsburg, C. Mackey, S. 2004. South Africa 1994-2004. *Reflections on Democracy and Human Rights: A Decade of the South African Constitution*. Johannesburg: South African Human Rights Commission. 1-15.

Leichenko, R. O'Brien, K. 2002. Die dynamics of rural vulnerability to global change: The case of Southern Africa. *Migration and Adaptation Strategies for Global Change*. 7 (1-18).

Lipton, M. 1989. *Capitalism and Apartheid*. Claremont: Dawid Phillip Publisher (Pty) Ltd. 85-109.

London, L. 1999. The 'dop' system, alcohol abuse and social control amongst farm workers in South Africa: a public health challenge. *Social Science and Medicine*. 48 (1999): 1407-1414.

London, L. 2003. Human Rights, Environmental Justice, and the Health of Farm Workers in South Africa. *Int J Occup Environ Health*. 9 (59-78).

Loxton, C. 2013. Aftrede van Plaaswerkers: Persepsies en ervarings. Ongepubliseerde Honneurs-taak. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Mather, C. Greenberg, S. 2003. Market liberalisation in Post-Apartheid South-Africa: The Restructuring of Citrus Exports after Deregulation. *Journal of Southern African Studies*. 29 (2). 393-412.

Miller, D. 1999. Towards a 'European' works council. *European Review of Labour and Research*. 5 (3): 344-365.

Möller, J. 2011. *HRW report on WCape farms dodgy and dangerous – Agri SA*. Politicsweb, 23 Augustus 2011. <http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/view/politicsweb/en/page71654?oid=252300&sn=Detail&pid=71616> (Toegang verkry op 27 Maart 2014).

Norris, D. Van Zyl, E.C. Hashe, W.T. Mafuma, M.S. Senyolo, M.P. Mngomezulu, S.P. Enserink, D. Ngambi, J.W. Mbajjorgu. 2011. Can It be Achieved? Partnering Towards Improving Livelihoods in the Ganspan Settlement, Northern Cape Province, South Africa. *Council for the Development of Social Science Research in Africa*. 36 (1): 49-62.

Orton, L. Barrientos, S. McClenaghan, S. 2001. Paternalism and gender in South African Fruit Employment: Change and Continuity. *Woman's Studies International Forum*. 24(3/4): 469-478.

Republic of South Africa. 1995. *Labour Relations Act 66 in 1995*. Cape Town: Government Gazette.

Republic of South Africa. 1997. *Extension of Security of Tenure Act 62 in 1997*. Cape Town: Government Gazette.

Republic of South Africa. 1997. *Basic Conditions of Employment Act 75 in 1997*. Cape Town: Government Gazette.

Roodt, M.J. 2007. Security of tenure and livelihood options in South Africa: A case study of a rural community facing eviction under post-apartheid legislation in the Eastern Cape Province. *Africans*. 37(1): 3-12.

Ross, R. 1995. Paternalism, Patriarchy and Afrikaans. *South African Historical Journal* 32: 34-47.

Scott, J. Marshall, G. 2009. *Oxford Dictionary of Sociology*. United States: Oxford University Press. 552-553.

Smith, S., Auret, D., Barrientos, S., Dolan, C., Kleinbooi, K., Njobvu, C., Opondo, M. & Tallontire, A. 2004. Ethical trade in African horticulture: gender, rights and participation. Ongepubliseerde studiestuk. Sussex: Institute of Development Studies.

Smithson, J. 2009. Focus groups, Social Research Methods, eds Alasuutari, P. Bickman, L and Brannen, J. Los Angeles: Sage: 137-149.

Strauss, P.G. 2005. Decision-making in agriculture: a farm-level modelling approach. Ongepubliseerde MSc-tesis. Pretoria: University of Pretoria.

Terreblanche, S. 2008. *The Developmental State in South Africa: The difficult road ahead*. Cape Town: HSRC Press. 107-130.

Tuipende, Deoden. 2001. Unemployment and labour market (in)flexibility in South Africa. Ongepubliseerde Magister-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Van Onselen, C. 1992. The social and economic underpinnings of paternalism and violence in the maize farms of the South-Western Transvaal, 1900-1950. *Journal of Historical Sociology*. 5(2): 127-160.

Van Rooy, R. 2013. Verhoudinge: Suid-Afrika het 'n goeie raamwerk vir gesonde nywerheidsbetrekkings, wat onmisbaar is vir ekonomiese groei. *Huisgenoot*, 28 Maart: 108-109.

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1987. 2de uitgawe. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Walker, C. 2010. 'Looking forward, looking back: Beyond the narrative of loss and restoration in the history of land', in M Godby (red). *The Lie of the Land*. Cape Town: Iziko: 12-27.

Walters, H. 2012. The burden of responsibility and the breakdown of traditional paternalism on farms in the Western Cape. *Anthropology Southern Africa*. 35 (3/4): 91-99

Wiehahn, N.E. 1982. *Die volledige Wiehahn-verslag*. Johannesburg en Kaapstad: Lex Patria Uitgewers.

Woods, J.R. 1988. Retirement-Age Woman and Pensions: Findings from the New Beneficiary Survey. *Social Security Bulletin*. 51 (12): 5-16.